HANTERINGSRIGLYNE AAN SPELTERAPEUTE OM ADOLESSENTE BY TE STAAN WAT SLAGOFFERS VAN OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYKE WAS (GUIDELINES FOR PLAY THERAPISTS TO ASSIST ADOLESCENTS WHO HAD BEEN VICTIMS OF OCCULT RELATED RELIGIOUS PRACTICES)

deur

LOUIS LATEGAN

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR J H SCHOEMAN

NOVEMBER 2009

VERKLARING

EK VERKLAAR HIERMEE DAT

"HANTERINGSRIGLYNE OM ADOLESSENTE BY TE STAAN WAT SLAGOFFERS VAN OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYKE WAS"

My eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Geteken: …….. Datum: ……

DANKBETUIGINGS

By voltooing van die navorsing wil ek graag my dank aan die volgende persone betuig:

- Dr. Hannie Schoeman, my studieleier, vir haar leiding, bystand en geduld en motivering ten einde hierdie navorsing te kon voltooi.
- My ouers vir hul ondersteuning op so baie terreine.
- Die respondent vir sy bereidheid om ten spyte van persoonlike druk en bloostelling sy persoonlike ervaring en insig te deel.
- My Hemelse Vader wat my in alles gedra het en instaat gestel het om ten spyte van terugslae hierdie werkstuk te kon voltooi.

OPSOMMING

HANTERINGSRIGLYNE AAN SPELTERAPEUTE OM ADOLESSENTE BY TE STAAN WAT SLAGOFFERS VAN OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYK WAS

Student: L Lategan
Studieleier: Dr. J P Schoeman
Datum: Februarie 2010

Satanisme het ‘n destruktiewe effek op die ontwikkeling en welsyn van die adolessent en beïnvloed alle vlakke van sy of haar ontwikkeling. Sataniste gebruik verskeie wyses om adolessente te lok, onder andere ‘n fokus op individue se behoeftes aan lewensmiddele soos geld en aanvaarding,

Tydens hierdie studie is die gebrek aan riglyne vir spelterapeute in die hantering van adolessente wat in Satanisme betrokke is, as navorsingsprobleem geïdentifiseer. In die lig van die navorsingsprobleem is die doel van die studie geformuleer, naamlik om riglyne te formuleer waarvolgens spelterapeute die probleem van adolessente wat by Satanisme betrokke is te hanteer. Ten einde die doel te bereik, het die navorser inliging ingesamel aan die hand van kwalitatiewe prosesse, gebaseer op die basis van bewys gebondenheid.

SUMMARY

GUIDELINES FOR PLAY THERAPISTS TO ASSIST ADOLESCENTS WHO HAD BEEN VICTIMS OF OCCULT RELATED RELIGIOUS PRACTICES

Student: L Lategan
Promoter: Dr. J P Schoeman
Date: February 2010

Satanism has a destructive effect on the development and wellbeing of the adolescent and is known to influence all levels of his or her development. Satanists use a variety of forms of entrapment and their focus on the individual's need of worldly goods, wealth and acceptance makes the adolescent easy prey.

During this study the lack of guidelines, for play therapists who became involved in the handling of adolescents entrapped in Satanism, was identified as the research problem. Bearing in mind the research problem, the aim of this study had thus been formulated, namely to formulate guidelines according to which play therapists will be enabled to address the problem of adolescents entrapped in Satanism. To fulfill this aim, the researcher had gathered information by means of qualitative processes, based on evidence.

SLEUTELTERME

Adolessensie

Okkultverwante geloofspraktyke

Hanteringsriglyne

Kwalitatiewe navorsing

Satanisme

Slagoffer

Spelterapeut

Semi-gestruktureerde onderhoud

Toegepaste navorsing

Gestaltbenadering

KEY TERMS

Adolescents

Occult

Guidelines

Qualitative research

Satanism

Victim

Play therapist

Semi-structured interview

Applied research

Gestalt approach

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN ORIëNTERING

1.1 INLEIDING 1

1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING VIR DIE STUDIE 3

1.3 DOEL EN DOELWITTE VAN NAVORSING 6

1.3.1 DOEL VAN DIE NAVORSING 6

1.3.2 DOELWITTE VAN DIE NAVORSING 7

1.4 NAVORSINGSVRAAG EN EENHEID VAN ANALISE VIR DIE STUDIE. 7

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 8

1.6 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE 10

1.7 LITERATUURSTUDIE 10

1.8 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF, WYSE VAN STEEKPROEFNEMING 11

1.9 ETIESE ASPEKTE. 12

1.10 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 13

1.10.1 OKKULT 13

1.10.2 ADOLESSENSIE 13

1.10.3 SATANISME 14

1.10.4 SLAGOFFER 14

HOOFSTUK 2

‘N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK WAARBINNE SATANISME AS OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYK BINNE DIE KONTEKS VAN GESTALT VERKLAAR KAN WORD.

2.1 INLEIDING 15

2.2 HISTORIESE OORSIG 15

2.2.1 MODERNE SATANISME 15

2.2.2 VERMELDING VAN SATANISME IN DIE MEDIA 16

2.3 SATANISME EN ANDER VORME VAN OKKULTISME 16

2.3.1 SATANISME EN OKKULTISME IN DIE ALGEMEEN 16

2.3.2 DIE VIERDE DIMENSIE 17

2.4 SATANISME IN SUID-AFRIKA 25

2.4.1	MUSIEK	25
2.4.2	KONGRESSE	25
2.4.3	STATISTIEK	26
2.4.4	VALSGEHEUSINDROOM	26
2.4.5	PAGANISME	26
2.4.6	MISDAAD	27
2.5	DIE HUIDIGE STATUS VAN DIE OKKULTISME EN SATANISME IN SUID-AFRIKA	27
2.6	BESKRYWING VAN SATANISME EN DIE ADOLESSENT BINNE DIE KONTEKS VAN DIE GESTALTBENADERING	29
2.6.1	DIE ADOLESSENT AS TEIKEN VAN SATANISME EN REDES VIR BETROKKENHEID	29
2.6.2	DIE VLAKKE VAN ADOLESSENTE BETROKKENHEID IN SATANISME	40
2.6.3	WAARSKUWINGSTEKENS TEN OPSIGTE VAN ADOLESSENTE BETROKKENHEID IN SATANISME .	42
2.6.4	SATANISTIESE DOELSTELLINGS	43
2.6.5	SATANISTIESE SIMBOLE	45
2.6.6	SATANISTIESE WERWINGS-EN-BEHEERTEGNIEKE	45
2.6.7	DIE INVLOED VAN SATANISTIESE BETROKKENHEID OP DIE ADOLESSENT	46
2.6.7.1	LIGGAAMLIKE SKADE	46
2.6.7.2	EMOSIONELE SKADE	47
2.6.7.3	KOGNITIEWE SKADE	48
2.6.7.4	SOSIALE SKADE	49
2.6.7.5	GEESTELIKE SKADE	49
2.8	ALGEMENE RIGLYNE VIR PROFESSIONELE TERAPEUTE TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN ADOLESSENTE BETROKKENHEID IN SATANISME	51
2.9	SAMEVATTING	55

HOOFSTUK 3

ONTWIKKELINGSTADIUM VAN DIE ADOLESSENT

3.1	INLEIDING	56
3.2	ADOLESSENSIE	58
3.2.1	ADOLESSENSIE ‘N DEFINISIE	58
3.2.2	LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING	60
3.2.3	KOGNITIEWE ONTWIKKELING	61
3.2.4	EMOSIONELE ONTWIKKELING	66
3.2.5	SOSIALE ONTWIKKELING	68
3.2.6	IDENTITEITSONTWIKKELING, SELFKONSEP EN SELFAGTING	72
3.2.7	SEDELIKE/MORELE ONTWIKKELING	74
3.2.7.1	MORELE ONTWIKKELING	74
3.2.7.2	GEESTELIKE/GODSDIENSTIGE ONTWIKKELING	79
3.3	SAMEVATTING	81

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSPROSES EN NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1	INLEIDING	83
4.2	DOEL EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING	83
4.2.1	DOEL VAN DIE NAVORSING	83
4.2.2	DOELWITTE VAN DIE NAVORSING	83
4.3	NAVORSINGSVRAAG EN EENHEID VAN ANALISE VIR DIE STUDIE	84
4.4	NAVORSINGSMETODOLOGIE	85
4.5	UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE	85
4.6	LITERATUURSTUDIE	86
4.8	KRITERIA VIR DIE SELEKSIE VAN RESPONDENTE	87
4.9	ETIESE ASPEKTE	88
4.10	VERKRYGING VAN DATA	89
4.10.1	SOORT NAVORSING	89
4.10.2	WYSE VAN DATAVERKRYGING	89
4.11	EMPIRIESE NAVORSINGSBEVINDINGE	89
4.11.1	BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE	89

4.11.2 EVALUERING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE 95
4.12 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 96
4.13 SAMEVATTING 97

HOOFSTUK 5

PROFIEL VAN DIE ADOLESSENT EN TERAPEUTIESE RIGLYNE

5.1 INLEIDING 100
5.2 PROFIEL VAN ADOLESSENT WAT BY SATANISME BETROKKE RAAK 100
5.3 RIGLYNE VIR DIE SPELTERAPEUT 101
5.4 RIGLYNE VIR OUERS EN ONDERSTEUNINGSISTEME 102
5.5 SAMEVATTING 105

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING , AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING 106
6.2 RIGLYNE AAN DIE TERAPEUT 107
6.3 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE 110
6.3.1 NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELWITTE 110
6.4 GEVOLGTREKKINGS 111
6.5 LEEMTES 112
6.6 AANBEVELINGS 112
6.7 SAMEVATTING 113

BYLAAG 1: SATANIESE SIMBOLE 115
BYLAAG 2: FOTOS VAN RESPONDENT 121
BRONNELYS 126

INDELING VAN HOOFSTUKKE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN ORIëNTERING

In Hoofstuk een word gefokus op die algemene inleiding en oriëntasie ten opsigte van die navorsing.

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK WAARBINNE SATANISME AS OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYK BINNE DIE KONTEKS VAN GESTALT VERKLAAR KAN WORD

In Hoofstuk twee word gefokus op hoe Satanisme as okkultverwante geloofspraktyk binne konteks van die Gestaltteorie verklaar kan word.

HOOFSTUK 3

ONTWIKKELINGSTADIUM VAN DIE ADOLESSENT

In Hoofstuk drie word die ontwikkelingstadium van adolessensie bespreek wat gepaard gaan met belangrike ontwikkelingstake en verandering wat hom of haar vatbaar kan maak vir die invloed van Satanisme.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSPROSES EN NAVORSINGSBEVINDINGE

In Hoofstuk vier word 'n uiteensetting van die navorsingsproses en navorsingsbevindinge gegee.

HOOFSTUK 5

PROFIEL VAN DIE ADOLESSENT EN TERAPEUTIESE RIGLYNE

In Hoofstuk vyf word die profiel van die adolessent wat betrokke raak by satanisme beskryf en riglyne aan die spelterapeut deurgegee ten einde toepaslike hulp te kan verleen.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Hoofstuk ses bespreek die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die empiriese ondersoek.

SLOT/SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleemstelling en navorsingsvraag, doel en doelwitte van die studie, die navorsingsmetodologie, die afbakening van die universum en steekproef, definiëring van relevante begrippe, etiese aspekte en die hoofstukindeling.

In Hoofstuk twee word bespreek hoe Satanisme as okkultverwante geloofspraktyk binne konteks van die Gestaltteorie verklaar kan word.

HOOFSTUK EEN

ALGEMENE INLEIDING EN ORIëNTERING

1.1 Inleiding

Vir die doel van hierdie studie beskou navorser die okkulte as die omvattende begrip vir die bonatuurlike sintuiglik- en nie sintuiglik waarneembare verskynsels en ervaringe wat subjektief ervaar en objektief waargeneem kan word. Binne die konteks van okkultverwante geloofspraktyke bestaan verskillende verskynsels. Die volgende verskynsels dien as voorbeelde:

Satanisme
Magie
Oosterse mistiek
Spiritisme
Mantiek
New Age beweging: sekere eksponente wat satanistiese verbintenisse het.
Nie-Christelike religieus-godsdienstige aktiwiteite waar die magte van die bose bewustelik in die godsdiensbeoefening betrek word.

Okkultisme is die maniere wat die mens buite en sonder sy religieuse riglyne soos byvoorbeeld vir die Christen Die Bybel, Nuwe Vertaling 1984, persoonlik en in groepsverband in sy godsdiens aanwend om met die bonatuurlike te kommunikeer sodat hy sy religieuse behoeftes kan bevredig en sy leefwêreld kan beheer. N Verdere uitgangspunt van hierdie studie is dat:

- Okkultisme ’n religieuse konotasie en aktiwiteit het en dat
- Die Christelike geloofsbeoefening geen okkulte aktiwiteite dult nie.

Satanisme is een van die vorme van Okkultisme. Dit is naamlik die religieuse rigting wat -

(i) Satan persoonlik aanroep as voorwerp van verering en diens (met die wil);

(ii) hom erken as die bron van kennis oor die bonatuurlike (met die verstand);

(iii) hom vertrou as die bron van krag om die lewe die moeite werd te maak (met die wil en gevoel).

Satanisme word verder gedefinieër as die aanbidding en navolging van die Bybelse Satan of Lucifer. Dit is die antitese van die Christendom. Satanisme kan ook beskou word as die godsdiens van die vlees waardeur gestreef word om alle vleeslike begeertes en luste sonder beperking uit te leef (Els en Jonker, 2000:4). Volgens Clark (1994: 461) is Satanisme ‘n vernietigende godsdiens wat aan sy navolgers, en veral adolessente mag, dominansie en bevrediging belowe. Sommige adolessente voel dikwels vervreemd, alleen, kwaad en desperaat en raak dan soms vasgevang in satanisme. (Clark, 1994:461).

Satanisme is ‘n groeiende fenomeen onder adolessente (Wheeler, Wood en Hatch, 2001:547) en (Clark, 1994:461) met’n moontlike oorsaak wat manifesteer in onder andere. Leegheid, geïsoleerdheid, ’n gevoel en strewe na ‘n identiteit en ‘n plek om aan te behoort. Sommige adolessente poog dan om onvervulde behoeftes te vervul deur aan te sluit by afwykende subkulture, waarvan Satanisme een is (Clark, 1994:461). Els en Jonker (2000:9) bevestig die stygende realiteit van satanisme. Satanisme is nie bloot ‘n gier van verbygaande aard nie, en sal nie verdwyn indien dit bloot geïgnoreer word nie (Els en Jonker, 2000:9). Satanisme is ook nie net tot stedelike gemeenskappe beperk nie, maar kom ook in plattelandse gemeenskappe voor (Els en Jonker, 2000:9). Hoewel Satanisme anders as in die laat 1980’s en die vroeë 1990’s nie hedendaags soveel media aandag geniet nie, en slegs periodiek bespreek word, is Els en Jonker (2000:42) van mening dat dit nie beteken dat dit iets van die verlede is nie. Dit het ondergronds begin funksioneer, en minder sigbaar begin word. Die gemeenskap is ook meer verdraagsaam daarteenoor en skryf die media al minder daaroor. Sedert die amptelike vestiging van die amptelike kerk van Satan (volgens Els en Jonker, 2000:42) is dit duidelik dat die belangstelling in die bonatuurlike en die okkulte wêreldwyd toegeneem het.

Hoewel Satanisme in terme van artikel 9(1) van die Suid Afrikaanse grondwet as godsdiens vrylik beoefen mag word, toon studies dat die adolessent se betrokkendheid hierby ernstige negatiewe gevolge vir hom/haar inhou.
Volgens Wheeler, Wood en Hatch (1988:547), is daar in studies bevind dat Satanisme geassosieer word met ernstige probleme wat veral van belang is vir maatskaplike werkers, hierdie probleme wissel van psigopatologiese versteurings tot sosiale aggressie, en in sommige gevalle, moord of selfmoord. Els en Jonker (2000:140), is in ooreenstemming met ander navorsers van mening dat betrokkendheid in satanisme geweldige psigologiese en emosionele implikasies vir adolessente inhou. Els en Jonker (2000:11) is verder van mening dat adolessente se betrokkendheid in okkultverwante aktiwiteit soos Satanisme nie slegs deur bekende algemeen aanbaarde kliniese of sielkundige metodes bepaal kan word nie.

Alle terapeute is ook nie toegerus of het genoegsame kennis om hierdie komplekse probleem te hanteer nie (Els en Jonker, 2000:11). Dit sluit die spelterapeut in wat moontlik ook met hierdie probleem gekonfronteer kan word. Die vraag is hoe behoort ‘n spelterapeut die situasie te hanteer, wanneer hy of sy met so ‘n geval gekonfronteer word? Die navorser beoog om deur middel van hierdie studie riglyne aan spelterapeute deur te gee ten opsigte van die hantering van hierdie kwessie.

1.2 Motivering en probleemstelling vir die studie

Satanisme is sedert 1978 deur die media aangeroer (Cilliers, 2003:61) en in die laat 1980’s en vroeë 1990’s is die fenomeen wyd in die media bespreek (Els en Jonker, 2000:42). Hoewel hierdie fenomeen in daaropvolgende jare nie veel aandag geniet het nie, is dit nie ‘n aanduiding dat die problematiek, wat hiermee geassosieer word afgeneem het nie. Cilliers (2003:63) wys daarop dat satanisme in 2000 prominent geword het in misdaad. Volgens die jongste misdaad statistiek ten opsigte van okkultverwante misdaad, toon ‘n 300% toename in hierdie tipe misdade wat veral in verband staan met geweld.

Satanisme word egter nie net geassosieer met misdadige optrede onder adolessente nie. Volgens Johnson (1994:46) gaan dit ook gepaard met self-destruktiewe gedrag by adolessente. Afwykende en kriminele gedrag neem ook toe, na gelang die

betrokkenheid van adolessente in satanisme (Johnson: 1994:47). Wheeler, Wood en Hatch (1988:547) ondersteun ook hierdie standpunt, en wys daarop dat adolessente wat diep betrokke is in satanisme hoër vlakke van psigopatologie toon as ander. Ook Emerson en Syron (1995:145) is van mening dat betrokkenheid in satanisme groot gevaar inhou vir die adolessent ten opsigte van sowel sy fisiese as sy psigologiese funksionering. Volgens Els en Jonker (2000:240) gaan betrokkenheid in satanisme gepaard met sielkundige en fisiese mishandeling.

Slagoffers van Satanisme word blootgestel aan ‘n hoë mate van geweld, vrees en destruktiewe denke en rituele waar denke gekontrolleer word, Hierdie tendens kom tot so n mate voor dat slagoffers amnesie kan ontwikkel. Slagoffers gaan gebuk onder dreigemente van straf en pyn, asook doodsdreigemente teenoor hulleself, hul gesin en troeteldiere. Hulle word ook gedwing om te kyk na of deel te neem aan menslike, sowel as dierlike offers, wat hul simptome van trauma en traumaverwante toestande tot gevolg het.. Adolessente slagoffers mag ook blootgestel word aan emosionele afpersing wat gepaardgaan met geweld indien hulle dit sou oorweeg om aan ander van die mishandeling te vertel (Els en Jonker, 2000:241). Clark (1994:465) wys daarop dat adolessente betrokkenheid by satanisme, dikwels gepaardgaan met sosiale onttrekking, verhoogde geheimhouding en antisosiale gedrag. Daar is ook ‘n verandering in portuurgroep, aktiwiteite en woordeskat. Dit gaan ook gepaard met dwelm en alkoholmisbruik, skoolversuim (stokkiesdraai), geweldadige optrede, gesinskonflikte en botsings met die gereg (Clark, 1994:465).

Hul uitkyk tot die lewe word somber, aangesien hulle dikwels gepreokkupeerd is met duisternis, boosheid en geweld. Hierdie adolessente kom ook dikwels hulpeloos voor en ervaar negatiewe gevoelens ten opsigte van die toekoms. Dit het gepaardgaande verlies aan sin vir gesonde humor en n ervaring van ‘n hoë mate van depressie. Daar is ook gereelde episodes van selfmoordpogings, wat dikwels gepaardgaan met selfskending en/of bloedlating van hulleself, diere of beide (Clark, 1994:465). Volgens Els en Jonker, (2000:251) word adolessente wat betrokke is in satanisme blootgestel aan breinspoeling, indoktrinasie, hipnose en die gebruik van denkveranderende of hallusinasiestimulerende dwelmmiddels. Soms het dit eindresultate soos sig- en gehoordeprivasie tot gevolg. Hierdie adolessente word ook blootgestel aan fisiese mishandeling soos die weerhouding van voedsel en water, fisiese marteling,

blootstelling aan dwelmiddels, isolering deur opsluiting in donker ruimtes, seksuele misbruik en blootstelling aan skerp lig (Els en Jonker, 2000:254). Soos hier bo bespreek is die blootstelling aan emosionele misbruik deur die versterking van gevoelens van angstigheid, skuld en skaamte, emosionele isolasie en mismoedigheid, en woede deur emosionele en fisiese terrorisering dan die uitvloeisel daarvan.. Inligting word ook van hulle weerhou en hul word verward gelaat (Els en Jonker, 2000:254-255).

Hierdie misbruik het geweldige negatiewe emosionele en kognitiewe gevolge vir adolessente wat hieraan blootgestel word. Hierdie adolessente ervaar ‘n hoë mate van angs, skuldgevoelens en ‘n vrees vir straf, eensaamheid, identifikasie met die groep en gevoelens van persoonlike mislukking, woede oor die misbruik, gevoelens van verlies aan self en die afwesigheid van ‘n eie wil. Hulle ontwikkel ook ‘n kognitiewe raamwerk wat die volgende insluit: daar is geen ontsnapping nie; die groep beheer my totaal en al; ek kan myself nie verdedig nie; die groep is my enigste gesin, herinnerings is gevaarlik; en onthulling is gevaarlik en moet vermy word (Els en Jonker, 2000:257-258).

Op persoonlike vlak is die implikasies van begenoemde ook deur Emerson en Syron (1995:153) beskryf as gedrag van selfskending, seksuele misbruik en die misbruik van dwelmmiddels en ander substansies soos onder meer alkohol. Verder volgens Emerson en Syron (1995:155) toon hierdie adolessente ‘n lae selfagting, probleme in hul sosiale interaksie met hul portuur, en is hul dikwels geïsoleerd en maklik beïnvloedbaar.

Navorsers soos Emerson en Syron (1995:146) en Els en Jonker (2000:11) is van mening dat terapeute dikwels onseker is hoe om adolessent wat betrokke is in satanisme te hanteer. Volgens Els en Jonker (2000:11) word ‘n terapeut se hantering van die kwessie grootliks bepaal deur sy/haar kennis en ervaring ten opsigte van satanisme, en sy/haar spirituele oriëntasie. Alhoewel spelterapeute nie spesifiek met okkultverwante problematiek soos satanisme werk nie, bestaan die moontlikheid wel dat sommige met hierdie fenomeen gekonfronteer kan word en dus toegerus moet wees om dit te kan hanteer. ‘n Verdere probleemaspek is dat daar ook nie genoegsame inligting bekend is ten opsigte van die profiel van hierdie adolessente nie. Om watter redes raak hul betrokke en wie is kwesbaar hiervoor en word geteiken?

Die vraag is dus hoe moet die geteisterde adolessent met satanisme dit hanteer, wat behoort hul reaksie te wees wanneer hulle met die bepaalde fenomeen gekonfronteer word. Watter aspekte ten opsigte van die adolessent wat betrokke is, behoort hulle te hanteer, indien enige? Indien daar binne ‘n spanverband gewerk word, watter ander professionele persone behoort betrek te word? Alhoewel dit vanselfsprekend is dat hulle na kundiges op die gebied verwys moet word, kan die vraag gestel word op watter stadium en na wie? Aangesien dit hier om die belang van die adolessent gaan, is dit belangrik dat daar seker gemaak sal word wanneer ‘n verwysing na n kundige gedoen word.

1.3 Doel en doelwitte van die navorsing

Fouché en De Vos (2005:104) beskryf die doel van navorsing as eindresultaat, wat die navorser beoog om met die navorsing te bereik, terwyl die doelwitte verwys na die meer konkrete en meetbare aspekte van hierdie doel.

Volgens Fouché (2005:116) dien die probleemformulering as die effektiewe vertrekpunt, terwyl die navorsingsdoel en doelwitte die navorsingsprobleem meer verfyn en spesifiseer. Die doelwitte van die studie moet spesifiek, duidelik en bereikbaar wees (Fouche, 2005:116).

1.3.1 Die doel van die navorsing

Die doel van hierdie studie is dus wees om riglyne te ontwikkel waarbinne die spelterapeut adolessente by te staan wat slagoffers van okkultverwante geloofspraktyke, in die besonder satanisme, was.

1.3.2 Doelwitte van die navorsing

- Om ‘n teoretiese verwysingsraamwerk daar te stel waarbinne satanisme as okkultverwante geloofspraktyk, beskryf en verken word..

- Om deur middel van ‘n verkenning, ‘n profiel van adolessente wat as slagoffers van okkultverwante geloofspraktyke, byvoorbeeld satanisme saam te stel ten einde te bepaal watter toepaslike komponente in ‘n riglyn opgeneem moet word.
- Om n riglyn en gevolgtrekkings te ontwikkel wat as aanbevelings aan spelterapeute beskikbaar gestel kan word.

1.4 Navorsingsvraag en eenheid van analise vir die studie

Mouton (aangehaal deur Fouché De Vos, 2005:105) beskryf die eenheid van analise as die “wat” van die studie. Watter objek, fenomeen, entiteit, proses of gebeurtenis deel vorm van die studie. Hierdie eenheid van analise kan volgens Mouton (aangehaal in Fouché en De Vos, 2005:105) individue, groepe, organisasies, inrigtings, sosiale aksies en gebeure, kulturele objekte en intervensies wees. In hierdie betrokke studie is die eenheid van analise die bestudering van n adolessent, wat betrokke was in satanisme.

Ten einde te bepaal hoe die doel van die studie bereik sal kan word, is dit ook nodig om na aanleiding van die eenheid van ontleding ‘n spesifieke navorsingsvraag te formuleer. Volgens Fouché en De Vos (2005:103) bepaal drie faktore die wyse waarop die navorsingsvraag geformuleer word, naamlik die eenheid van analise, die navorsingsdoel en die benadering ten opsigte van navorsing wat gevolg word. In hierdie studie fokus die navorser op verkennende navorsing,aangesien die navorser poog om insig te verkry in die hantering van die adolessent wat betrokke geraak het in satanisme (Fouché en De Vos, 2005:106).

Volgens Fouché en De Vos (2005:106) kan die behoefte aan verkennende navorsing ontstaan weens ‘n gebrek aan basiese inligting ten opsigte van ‘n fenomeen. Navorsers soos Emerson en Syron (1995:146), en Els en Jonker (2000:11) is van mening dat terapeute dikwels onseker is hoe om adolessent wat betrokke is in satanisme, te hanteer. ‘n Geskikte navorsingsvraag vir hierdie studie sou dus wees:

“ WAT SAL DIE MEES GESKIKTE KOMPONENTE VIR ‘N HANTERINGSRIGLYN AAN SPELTERAPEUTE WEES OM ADOLESSENTE BY TE STAAN WAT SLAGOFFERS VAN OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYKE, IN DIE BESONDER SATANISME, WAS”

1.5 Navorsingsmetodologie

Vanuit hierdie navorsingsvraag is dit duidelik dat ‘n spesifieke metode vir navorsing gevolg moet word. Die navorsingsmetode toepaslik vir hierdie navorsing moet verkennend en beskrywend wees ten einde die vraag sinvol te kan beantwoord.

Fouché en De Vos (2005:105) onderskei tussen basiese en toegepaste navorsing. Basiese navorsing maak gebruik van empiriese waarneming, wat gebruik kan word om teorie te formuleer of te verfyn. Dit fokus nie op die oplossing van die onmiddellike probleme van die dissipline nie, maar eerder op die uibreiding van kennis binne die dissipline. Daarteenoor fokus toegepaste navorsing daarop om ‘n probleemsituasie op te los (Fouché en De Vos, 2005:105).

In hierdie studie val die fokus op die uitbreiding van die kennisbasis in die veld van spelterapie, dit wil sê basiese navorsing, aangesien die navorser riglyne daar wil stel vir die hantering van die adolessent wat betrokke is in satanisme wat dus dui op toegepaste navorsing.

Fouché en De Vos (2005:101) onderskei tussen hoofsaaklik twee benaderings ten opsigte van navorsing naamlik: kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die betrokke navorser kan ook besluit om ‘n gekombineerde benadering te volg. Kwantitatiewe navorsing fokus volgens Fouché en de Vos (2005:103) op formele probleemformulering en die stel van een of meer navorsingshipoteses. Kwalitatiewe navorsing daarteenoor fokus op die formulering van ‘n navorsingsvraag. In hierdie studie volg die navorser ‘n kwalitatiewe benadering, aangesien die navorser nie vanuit ‘n hipotese werk nie, maar eerder aan die hand van data uit onderhoude met kundiges ‘n spesifieke navorsingsvraag wil beantwoord en dus ‘n navorsingsvraag stel.

Volgens Fouché (2005:269) bepaal die navorser se keuses en aksies die ontwerp of strategie. Kwalitatiewe navorsers sal ‘n navorsingstrategie toepas, wat die toepaslikste is vir die betrokke navorsing (Fouché, 2005). In hierdie studie maak die navorser gebruik van ‘n strategie van grondteorie, die skepping van ‘n teorie wat meer gebaseer is op waarneming as afleiding (Fouché, 2005:270). In hierdie tipe studie genereer die navorser ‘n abstrakte analitiese skema van ‘n fenomeen, dit wil sê ‘n teorie wat ‘n aksie, interaksie of proses verduidelik (Fouché, 2005:270).

Data insameling, analise en teorie staan dus in ‘n wedersydse verhouding (Fouché, 2005:270). Die navorser begin nie met ‘n teorie of hipotese nie, maar met ‘n area van studie, en dit wat relevant is tot die studie kom geleidelik aan die lig. ‘n Stel van sistematiese datainsamelingsprosedures word toegepas (Fouché, 2005:270). Hierdie datainsamelingsprosedures word gekenmerk deur -

(a) ‘n sterk klem op die gebruik van literatuur, en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur wat ‘n teoretiese verwysingsraamwerk sal bied;
(b) empiriese proses wat gekenmerk word deur data-insameling deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges en toepaslike persone in praktyk (waaronder ‘n adolessent wat ‘n slagoffer van okkultverwante geloofspraktyke was).

Die navorsingstrategie word verder gekenmerk deur ‘n verkennende en beskrywende ontwerp. Die verkennende ontwerp word gekenmerk deur karaktertrekke te identifiseer wat betrekking het tot die ontwikkeling van insig in ‘n situasie probleem. In hierdie geval die beperkings wat bestaan in die daarstelling van ‘n hanteringsriglyn aan spelterapeute wat met adolessente binne die konteks van okkultverwante praktyke moet word. Soos met die verkennende ontwerp fokus die beskrywende ontwerp op ‘n duidelik geformuleerde doel maar fokus verder op die “hoe“ en die “hoekom” van die probleem. Hierdie deel van die studie sal binne die konteks van ‘n profiel van betrokke adolessente verteenwoordig word.

1.6 Uitvoerbaarheid van die studie

Fouché en De Vos (2005:89) wys daarop dat alvorens ‘n navorser ’n studie kan onderneem, moet hy ‘n duidelike definisië hê van die navorsingsprobleem. Hy moet die vraag kan antwoord wat hy met die studie wil bereik. Dit is belangrik dat die navorser

eers moet verseker dat ‘n navorsingsprobleem navorsbaar is alvorens dit as ‘n navorsingsprobleem geïdentifiseer kan word . Die navorser moet vasstel wat die behoefte is wat deur die studie aangespreek word. (Fouché en De Vos, 2005: 89).

Volgens Fouché en De Vos (2005:90) bestaan daar verskeie bronne waaruit ‘n navorsbare probleem geïdentifiseer kan word, waaronder ook ‘n literatuurstudie. Die navorser het vanuit nageslane literatuur (Els en Jonker, 2000:11) en ook (Emerson en Syron, 1995:146) bepaal dat terapeute dikwels onseker is oor die hantering van adolessente satanisme. Dit is egter nodig om te noem dat die veld wat betree word, ‘n geslote navorsingsterrein is. Die navorser moet binne die konteks van vertroulikheid handel – geheimhouding oor optrede, gedrag en omvang is kenmerkend van hierdie navorsingsveld wat die uitvoerbaarheid van hierdie studie tot ‘n groot mate bemoeilik het.

1.7 Literatuurstudie.

Marshall en Rossman (aangehaal deur Fouché, 2005:117) is van mening dat in die geval van ‘n kwalitatiewe studie, ‘n literatuurstudie aan die volgende vereistes moet voldoen:

- ‘n Aanduiding van die studie se bydra tot die kennisbasis van die dissipline.
- Die identifisering van leemtes wat deur die studie gevul kan word.
- ‘n Aanduiding te gee van verwante navorsing wat die studie ondersteun.

Uitgebreide literatuurondersoeke oor ‘n tydperk van drie jaar waarbinne die hele spektrum van okkultverwante praktyke, satanisme, adolessensie en gestalt terapeutiese hulpverlening bestudeer is, het ‘n basiese onderbou aan die navorser verskaf waarbinne die navorsing voltooi kon word.

Die navorser het tydens die literatuurstudie ‘n leemte geïdentifiseer ten opsigte van die hantering van adolessente sataniste deur professionele terapeute wat nie pastoraal opgelei is nie, maar wel met hierdie probleem gekonfronteer kan word, insluitend spelterapeute. Hoewel sommige navorsers (Els en Jonker, 2000) en (Emerson en Syron, 1995) algemene riglyne verskaf, word nie spesifieke riglyne verskaf wat terapeute toerus en die nodige kennis verleen, oor wat hulle behoort te hanteer, hoe die proses moet verloop, en hoe ‘n spanbenadering benut kan word nie.

1.8 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef, wyse van steekproefneming

Arkava en Lane (aangehaal deur Strydom, 20005:193) onderskei tussen die term universum en populasie. Die universum verwys na al die potensiële subjekte wat die kenmerke het waarin die navorser belangstel. Die populasie daarenteen verwys na die grense van die studie-eenhede. Dit verwys na individue in die universum wat die verlangde spesifieke kenmerke het (Strydom, 2005:193). In hierdie studie beslaan die universum alle pastorale beraders/terapeute wat ondervinding het in die hantering van adolessente satanisme, terwyl die populasie verwys na sulke beraders/terapeute in Gauteng.

'n Steekproef verwys volgens Arkava en Lane (soos aangehaal deur Strydom, 2005:194) na die elemente van die populasie wat oorweeg word vir insluiting, of kan beskou word as 'n deel van die metings wat verkry word van die populasie wat nagevors word. Strydom (2005:196-203) onderskei twee vorme van steekproeftrekking naamlik ewekansige en onewekansige steekproeftrekking. Kerlinger (aangehaal deur Strydom, 2005:196) definieër ewekansige steekproeftrekking as die metode van steekproeftrekking waardeur elke lid van die populasie 'n gelyke kans het om by die steekproef ingesluit te word. Hierteenoor verwys nie-ewekansige steekproeftrekking na die metode waarvolgens die lede van die populasie nie 'n gelyke kans staan om by die steekproef ingesluit te word nie (Strydom, 2005:201).
In hierdie studie maak die navorser gebruik van 'n nie-ewekansige doelgerigte steekproef. 'n Doelgerigte steekproef verwys na 'n steekproef wat gebaseer is op die oordeel van die navorser, en saamgestel is uit die elemente wat die kenmerke het wat verteenwoordigend is van die attribute van die populasie (Strydom, 2005:202).

Die navorser is van mening dat 'n gerehabiliteerde satanis wat gedurende sy adolessensie aktief by Satanisme betrokke was en tans met diesulke adolessente in 'n beradingsopset werk, die mees geskikste persoon sou wees om inligting te verskaf wat as beskrywing kon dien om 'n profiel van adolessente wat by satanisme betrokke is, te kan saamstel en praktiese riglyne ten opsigte van terapeutiese hulp te verskaf. Hierdie persoon kan dus as n medenavorser gesien word.

1.9 Etiese aspekte

Strydom (2005:56) is van mening dat etiese aspekte in navorsing, veral van groot belang is wanneer navorsing in die sosiale wetenskappe onderneem word, aangesien navorsing die welsyn van mense kan raak. Strydom (2005:58-64) identifiseer die volgende etiese kwessies in sosiale navorsing: respondentwelsyn, ingeligte toestemming, misleiding van respondente en die skending van privaatheid/anonimiteit/vertroulikheid..

Volgens Strydom (2005:58) moet ‘n navorser bewus wees van die moontlike gevolge of skade wat die navorsing vir respondente kan inhou, en behoort daarom respondente teen negatiewe gevolge van die navorsing te beskerm deur voorkomend op te tree en nie kwesbare respondente bloot stel aan ‘n ondersoek wat ‘n negatiewe invloed op hulle kan hê nie. Respondente behoort vooraf ingelig te word oor die moontlike impak wat die navorsing op hulle kan hê. In hierdie studie sal die potensiële respondente vooraf deur die navorser ingelig word oor die moontlike gevolge vir hulle en die vrywilligheid van deelname.

Die aspek van ingeligte toestemming is ook van groot belang in ‘n sosiale studie. Volgens Strydom (2005: 59) behoort die navorser alle potensiële respondente in te lig oor die doel van die ondersoek, die prosedure wat gevolg gaan word, asook oor die moontlike voor- en nadele wat die studie vir hulle kan inhou. Die navorser onderneem om alle respondente vooraf telefonies of per e-pos in te lig aangaande die doel van die studie, die prosedure wat gevolg gaan word, asook oor die moontlike gevolge en verseker word van anonieme deelname.

Dit is ook volgens Strydom (2005:60) belangrik dat die navorser nie doelbewus misleidende inligting aan respondente deurgee of noodsaaklike inligting van hul weerhou, ten einde hul deelname te verseker nie. ‘n Verdere aspek wat Strydom (2005:61) uitlig, is die moontlike skending van respondente se privaatheid en anonimiteit, asook vertroulikheid. Privaatheid verwys na die element van persoonlike privaatheid, terwyl vertroulikheid verwys na die hantering van inligting op ‘n vertroulike wyse (Strydom, 2005:61). Alle respondente sal deur die navorser van

vertroulikheid verseker word, asook dat hulle daarop geregtig is om vrywillig en anoniem deel te neem aan die ondersoek.

1.10 Definisies van Hoofkonsepte

1.10.1 Okkult: Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997: 246) beskryf okkultisme as „Die ondersoek van dit wat geheim of verborge is. Meer spesifiek, die geloof in, en bedryf van die sogenaamde okkulte wetenskappe wat poog om die natuur deur middel van magiese denke en handelinge te beheer.“ Els en Jonker (2000: 5) definieer okkult as ’n geloofssisteem en gedrag wat gepaardgaan met geheimhouding en misleiding. Vir die doeleindes van hierdie studie word okkulte gedefinieër in terme van praktyke wat gepaardgaan met verborgenheid en die bonatuurlike, spesifiek in verband tot Satanisme as geloofsisteem.

1.10.2 Adolessensie: Goossens (in Jackson en Goossens, 2007: 1), definieer adolessensie as die oorgangstydperk tussen die kinderjare en volwassendheid. Die aanvang van hierdie periode word gekenmerk deur die biologiese veranderings van puberteit, terwyl die afsluiting van hierdie periode gekenmerk word deur die bereiking van volwassendheid.

Adolessensie word deur Denton (2005:56) gedefinieer as die tydperk tussen die begin van puberteit en die bereiking van fisieke, psigiese en emosionele rypheid en verder as ’n doelgerigte stadium in die groeiproses en op-pad na die volwassenheid fase. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie tussen vroeë, middel en laat adolessensie onderskei nie, aangesien daar gefokus word op die invloed van satanistiese betrokkenheid op die adolessent gedurende die totale adolessente fase. Adolessensie word dus gedefinieer vir die doeleindes van hierdie studie as die tydperk vanaf die aanvang van puberteit tot en met die bereiking van volwassenheid.

1.10.3 Satanisme: Satanisme behels aktiewe verering of aanbidding van Satan (Els en Jonker, 2000:2), “Die dien of aanbidding van Satan die bonatuurlike mag wat in die Christelike en Joodse Godsdienste en Islam die verpersoonliking van die bose is“ (Plug, et al, 1997: 322).

Vir die doeleindes van hierdie studie word satanisme gedefinieër as die geloofsisteem wat gekenmerk word deur die verering van Satan en okkulte praktyke wat destruktief inwerk op die lewens van adolessente.

1.10.4 Slagoffer: ’n Slagoffer kan volgens Els en Jonker (2000: 149) gedefinieër word as ’n gefrustreerde adolessent wat uit reaksie op sy gevoelens van hulpeloosheid en ’n gebrek aan beheer van sy lewe by Satanisme betrokke raak. Clark, (1994:1) definieer die adolessente slagoffer van satanisme as ’n tiener wat leeg en geïsoleerd voel, en opsoek is na ’n identiteit en om te behoort en uit ’n poging om hul behoeftes te vervul, by afwykende subkulture soos satanisme aansluit. Vir die doeleindes van hierdie studie word die slagoffer gedefinieer as ’n adolessent wat vanweë ’n gebrek aan vervulling van sy vernaamste behoeftes en ’n gevoel van’ n gebrek aan beheer oor sy lewe vanweë huislike omstandighede, by satanisme betrokke raak.

HOOFSTUK 2

‘N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK WAARBINNE SATANISME AS OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYK BINNE DIE KONTEKS VAN GESTALT VERKLAAR KAN WORD

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die historiese oorsig van Satanisme tot by sy moderne manifestasie bespreek. Die bydra van prominente persone in Suid-Afrika tot hierdie ontwikkeling, die verband met ander vorme van die okkulte en die impak wat die fenomeen op die adolessent het, word bespreek. Algemene riglyne vir die hantering van hierdie probleem word ook oorsigtelik bespreek.

Soos reeds in hoofstuk een genoem, het Satanisme ‘n geweldige destruktiewe invloed op die funksionering en geestesgesondheid van die adolessent. Dit raak die ontwikkeling en aanpassing van die adolessent op elke vlak van sy menswees. Hierdie aspekte word later breedvoerig in die hoofstuk bespreek

Hoewel Satanisme of Satansaanbidding deur die eeue heen bestaan en beoefen is, het dit met die verloop van die geskiedenis, verskillende vorme aangeneem.

Els en Jonker (2000: 19) is van mening dat die oorsprong van Satanisme teruggevoer kan word na Bybelse tye. Satan het as ‘n glansryke en wyse engel (Lucifer) die hoogste posisie naas God in die hemel beklee. Lucifer het egter arrogant en hoogmoedig geword, en is gevolglik deur God uit die hemel gewerp, volgens Openbaring 12 vers 19. Hierdeur het Satan die opponent van God geword (Els en Jonker, 2000:19).

2.2 Historiese oorsig

2.2.1 Moderne Satanisme

Die Moderne Satanisme kan egter hoofsaaklik toegeskryf word aan die invloed van die sogenaamde onheilige drie, naamlik Aleister Crowley, Anton Szander La Vey en Charlse Manson (Els en Jonker, 2000: 30). Swart (1999: 12) toon in verwysing na

Freeman (1971: 6) en Huisamen (1990: 12) aan dat daar reeds sedert die vroeë 1970's 'n stygende belangstelling in Satanisme en die okkulte in die buiteland is.Van hierdie outeurs word geken aan hul okkultiese insette selfs in kinderverhale in die sewentigerjare. Ook in Suid-Afrika word Satanisme volgens Cilliers (2003: 61) reeds sedert 1978 in media vermeld. Verskeie sentra is ten opsigte van Satanistiese aktiwiteite geïdentifiseer, naamlik Port Elisabeth, Durban, Kaapstad en Bloemfontein. In 1981 het daar 'n oplewing in Satanisme begin en is daar breedvoerig in die media hieroor berig (Cilliers, 2003: 61).

2.2.2 Vermelding van Satanisme in die media

In die laat 1980's en die vroeë 1990's, was Satanisme volgens Els en Jonker (2000: 42) wyd bespreek in die media. Tans word dit slegs periodiek in die media aangeraak. Dit beteken egter nie dat hierdie fenomeen iets van die verlede is nie. Volgens Els en Jonker (2000: 42) beteken dit dat Satanisme ondergronds gefunksioneer en minder sigbaar geword het, dit meer geïntegreerd in die samelewing geword het, en nie vir die media van belang is nie. Els en Jonker (2000: 42) wys ook verder daarop dat daar 'n duidelike wêreldwye styging is, ten opsigte van die belangstelling in die okkulte, sedert die stigting van die kerk van Satan.

Hoewel die bestaan van Satan as persoon en Satanisme deur sommige navorsers Hicks en Truzzi soos aangehaal deur Swart (1999: 12) bevraagteken word, is dit egter volgens Swart (1999: 13) noodsaaklik om te besef dat Satanisme se aanslag fokus op die kind en dus nie geïgnoreer kan word nie. Volgens Huisamen (in Swart, 1999: 13) het hierdie aanslag gedurende die laat tagtiger, vroeë negentiger jare drasties toegeneem. Ook Els en Jonker (2000: 9) is van mening dat Satanisme aan die toeneem is en as realiteit gehanteer moet word. Dit is dus belangrik dat spelterapeute genoegsame kennis hedendaaghs moet hê om hierdie problematiek op die regte wyse te hanteer.

2.3 Satanisme en ander vorme van okkultisme.

2.3.1 Satanisme en okkultisme in die algemeen

Volgens Swart (1999: 13) word die okkulte reeds van die vroegste tye af beoefen. Na die sondeval van die mens soos wat dit in die Bybel (Genesis 3) opgeteken is, ontstaan talle vorme van afgode diens. Dit kom veral tot uitdrukking in die verhale van die toring

van Babel, die sondvloed, die goue kalf en ballingskap van die verbondsvolk (Swart,1999:13).

Beide Seale (in Swart, 1999:13), en Els en Jonker (2000:5) wys daarop dat die woord okkult afgelei is van die Latynse woord “occultus” wat verwys na die verborge, geheimenis of misterieuse. Dit verwys dus na dinge wat ons nie met ons sintuie kan ervaar nie (Swart,1999:13). Gardiner (in Swart, 1999: 13) stel dit dat ons in die okkulte met bonatuurlike kragte te doen kry. Daar is twee bronne van krag naamlik God en Satan en daar is nie ‘n grys area nie. Dit is dus belangrik dat die bron van krag bepaal word wanneer ‘n bonatuurlike krag manifesteer (Swart, 1999: 13).

Els en Jonker (2000: 5) sluit aan by Gardiner se siening, en identifiseer drie eienskappe waarvolgens die okkulte uitgeken word:

- Die okkulte sentreer rondom geheime en verborge aktiwiteite.
- Die okkultiese bedrywighede is gebeure wat afhanklik is van vermoëns wat verder strek as die vyf sintuie.
- Die okkulte sentreer rondom die bonatuurlike en die teenwoordigheid van demoniese magte.

Die geestelike dimensie kan hierby gevoeg word.

2.3.2. Die vierde dimensie

Wanneer ‘n mens met Satanisme en die okkulte te doen het, betree jy volgens

Swart (1999: 13) die vierde dimensie. Dit is die dimensie van die geesteswêreld. Volgens Ounweel (in Swart, 1999: 13) wil sommige nie op God wag om hul te bekragtig met die Heilige Gees nie, maar self die vierde dimensie betree. Demone maak gebruik van die mens se vyf sintuie om hom in staat te stel om in die bonatuurlike wêreld te beweeg en so ‘n valse persepsie van ongewone magte en kragte te verkry. ‘n Persoon kan hierdie kragte aanwend om ander te manipuleer, wat aan hom ‘n magsgevoel kan gee (Swart, 1999:13). Gardiner (in Swart, 1999: 14) stel dit dat Satanisme een van die min areas is, waar aldrie pilare van die okkulte naamlik waarsêery, spiritisme en towerkuns teenwoordig is. By beide Satanisme sowel as die Okkultisme is daar blootstelling aan demone en bestaan die moontlikheid van demoniese besetting (Swart.1999:14).

Els en Jonker (2000: 2) onderskei egter tussen Satanisme en ander vorme van okkultisme en godsdienste. Satanisme behels aktiewe verering of aanbidding van Satan. Els en Jonker (2000:2) onderskei ook tussen twee vorme van Satanisme. In die een vorm word Satan as ‘n werklike bose persoon beskou, en gaan verering gepaard met menslike of diere-offerhandes. In die ander vorm word Satan gesien as die simbool van die vervulling van vleeslike begeertes. Satanisme vereis volgens Swart (1999: 14) ‘n doelbewuste aflê van die Christelike godsdiens en die persoon kan sonder twyfel deur ‘n demoon of verskeie demone beset word. Die beoefening van okkultiese praktyke soos Satanisme stel die adolessent bloot aan moontlike besetting of binding (Swart, 1999:14). Navorser is van mening dat indien die adolessente betrokke raak met satanistiese bedrywighede Satan en sy magte n houvas op hom as adolessent het. Satan en sy trawante maak emosioneel aanspraak op hierdie adolessente hul word selfs met die dood gedreig.

Huisamen (in Swart, 1999:14) verskaf die volgende voorbeelde van okkultiese praktyke wat met adolessente betrokkendheid in Satanisme geassosieer word:

- Glasie-glasie: Aan die hand van hierdie “speletjie” word die geeste van gestorwenes opgeroep.
- Okkultiese literatuur: Okkultiese literatuur oor toordery, horoskopie, waarsêery, astrologie en spiritisme is vrylik in Suid-Afrika beskikbaar.
- Rock en heavy metal musiek: Volgens Huisamen (in Swart, 1999:15) handel die meeste rock en heavy-metalmusiek oor dood, haat, seks, rebellie en Satanisme. Hoewel die navorser nie van mening is dat alle rock musiek adolessente noodwendig in Satanisme laat betrokke raak nie, is hy net soos Els en Jonker (2000: 191) van mening dat dit wel hul keuses en aksies kan beïnvloed.

Gardiner (in Swart, 1999:15) voeg by Huisamen se lys ook die volgende praktyke by, wat ook in noue assosiasie met Satanisme staan:

- Wicca: Wicca word genoem die “godsdiens van die goeie towerkuns” of “wit towery”. Die Wicca belydenis: “Doen wat jy wil, sonder om ander leed aan te doen”, is afgelei van Aleister Crowley (‘n Satanis en kultusleier) se belydenis van “om te doen wat jy wil is die hele wet”.
- Halloween: Halloween word deur die wêreld beskou as ‘n tyd wanneer kinders en volwassenes kostuums aantrek, en pret en plesier het met onder andere die

insameling van lekkers. Halloween is egter een van die belangrikste Satanistiese feesdae en gaan gepaard met menslike offerandes (Swart, 1999:15). Volgens Els en Jonker (2000: 13) lê Halloween se oorsprong in ‘n oeroue fees van die Keltiese druids, waarin mense aan die god van die dood, Sanheim, geoffer is.

- ‘n Gelukbringer: ‘n Persoon wat ‘n gelukbringer dra, plaas sy vertroue op ‘n okkultiese mag wat nie van God is nie (Swart, 1999: 15). Koch (1986: 239) wat ‘n kenner van die okkulte was, is van mening dat enige iets waarin Christus nie in die middelpunt geplaas word nie, ‘n bygeloof is, insluitend gelukbringers.

Koch (1986: 241) is verder van mening dat alle vorme van bygeloof, ‘n aanduiding is dat ‘n persoon ‘n versteuring in sy verhouding met sy Skepper het.

- Bloedverbonde: ‘n Bloedverbond is ‘n goddelose ooreenkoms wat gesluit word met ‘n ander party, en oefen ‘n sterk geestelike invloed uit op die betrokke persone se lewens (Swart, 1999: 15). Koch (1986: 27) beskryf bloedverbonde soos volg: “A person takes a piece of paper, scratches his finger until it bleeds, and then signs himself over to the devil. From that day on such people are no longer approachable on spiritual issues. They become totally opposed to the church, the Bilble, prayer and to every kind of spiritual influence.”

- Outomatiese skrif en skildering: Wanneer ‘n persoon in ‘n transtoestand verkeer, is dit moontlik om demoniese prosa of verse te skryf en om te skilder (Swart, 1999:1). Volgens Koch (1986: 220) begin die proses van demoniese outomatiese skrif met meditasie. Hierdie proses hou nie verband met ‘n persoon se natuurlike talent nie. Koch (1986: 220) beskryf die proses soos volg: “ In spiritist automatic writing, the medium must achieve complete inner quietness and must not concentrate on anything. Suddenly the compulsion to write comes over the medium.”

- Astrale reise: Daar word beweer dat mense tydens astrale projeksie in ‘n toestand van beswyming gaan en hul gees hul liggame verlaat (Swart, 1999:15).

Volgens Koch (1986:222) vind astrale projeksie plaas wanneer ‘n persoon se siel deur middel van demoniese magte sy liggaam verlaat. Hierdie persoon is dan instaat om sielsreise na verskillende plekke te onderneem.

- Geloofsgenesers: Daar is geloofsgenesers in Suid-Afrika wat gebruikmaak van psigiese of spiritistiese metodes. Hul maak nie staat op God drie-enig vir hul kragte nie.

  Volgens Koch (1986:234) maak hierdie geloofgenesers gebruik van godsdienstige spiritisme of wit magie wanneer hulle genesings doen, alhoewel sommige daarop aanspraak maak dat hulle deur middel van die Heilige Gees genees. Volgens Koch (1986: 215) is die woord spiritisme afgelei van die Latynse woord spiritus, spirit. Dit kan gedefinieer word as die lering of kultus van spiritiste. Spiritisriese verskynsels kan ook verdeel word in vier hoof tipes, naamlik ekstra-sensoriese persepsie, ekstra-sensoriese invloed, ekstra-sensoriese geesverskyning en spiritistiese kultusse (Koch, 1986: 217). Heksery of toorkuns kan volgens Koch (1986: 128) gedefinieër word as: “the art of casting spells, of sorcery: the devils art“. Koch (1986: 235) verwys veral na hoe spiritisme in die bekende geloofsgeneser William Branham figureer het. Branham het daarop aanspraak gemaak dat hy nie kon genees wanneer sy engele nie teenwoordig is nie. Dit was ook insiggewend dat wanneer ware wedergebore Christene in sy dienste teenwoordig was, wat hulle self onder die beskerming van Christus deur gebed gepas het, hy nie genesings kon doen nie (Koch, 1986: 235).

- Voodoo: Voodoo is die gebruik waardeur ‘n vloek oor iemand uitgespreek kan word, deur ‘n nuwe voorstelling van die persoon te maak en dan spelde in die beeltenis in te druk, terwyl vloeke uitgespreek word (Swart, 1999: 16). Koch (1986: 222) wys daarop dat Voedoe ‘n kombinasie van heksery en spiritisme is.

- Fantasiespeletjies: Sommige fantasiespeletjies soos “Dungeons and Dragons”, is okkulties van aard. Daar word gebruik gemaak van rituele, toorwoorde, gelukbringers en die name van demone in die bordspel is eg. Hierdie bordspel word as “fantasiespel” bemark, maar is in werklikheid ‘n okkultiese bordspel. Talle tieners in Suid-Afrika speel hierdie spel (Swart, 1999:16). Volgens die

webblad www.exposingsatanism.com (2008: 1-4) is die karakters in Dungeon and Dragons afgelei van mitologie en gaan elke okkupasie wat ‘n speler kan kies gepaard met magiese magte. Die doel van die spel is om ten alle koste persoonlike mag en rykdom binne die spel te bereik. Die spel word op ‘n psigiese vlak gespeel en op papier uit „geplot“. Om as oorwinnaar uit die stryd te tree, kan ‘n speler steel, verkrag, teregstel, verkul of ‘n ander karakter vermoor. Die spelers pas ook toorspreuke, heksery en vloeke op ander spelers toe om hulle monsters te oorwin. Spelers is ook instaat om hul dooie karakters te reïnkarneer en om inligting te verkry deur in kontak met die geestelike wêreld te kom.

Volgens Schoebelen (in Straight talk on Dungeons and Dragons, 2008:1-8), word daar in hierdie spel van breinspoelingstegnieke gebruik gemaak :

* Die opwekking van vrees deur toorspreuke en visualisering van vreesgevulde, emosionele gebeure en ‘n bedreiging van karakters se oorlewing.
* Isolerende-psigologiese verwydering van tradisionele ondersteuning-strukture. Fisiese isolasie weens die ekstreme tydverspillende spel buite die gesinsmilieu.
* Fisiese mishandeling en moordbeelde in die psige kan amper net so werklik wees soos die werklike gebeurtenis.
* Negering van gesinswaardes: Die Dungeons Meester vereis ‘n alles omvattende en totale lojaliteit, beheer en trou.
* Konteksgebonde etiek: Enige optrede kan geregverdig word, daar is geen absolute reg of verkeerd nie.
* Godsdienstige waardes en geloofsisteme word geherstruktureer vanaf tradisioneel Judeo-Christelik na ‘n geloof in ‘n veelvoudige godedom.
*‘n Verlies aan selfbeheersing: Beheer oor die self word aan die spel afgestaan . Afhangende van die persoonlikheid en ego-sterkte van die speler, kan die verlies grens aan die absolute.
* Degradering: Psigiese pyn en marteling kom voor in sadistiese en seksuele situasies.

Navorser is van mening dat hierdie sogenaamde breinspoeltegnieke die volgende uitwerking op die adolessent kan hê: Ook Schnoebelen (2008:7)wat, dokter Thomas Radecki van die Mediese skool van Illinois aan

haal is van mening dat die destruktiewe effek van Dungeons & Dragons ernstige implikasies inhou.“There is no doubt in my mind that the game Dungeons and Dragons is causing young men to kill themselves and others. The game is one of none-stop combat and violence. It is clear to me that this game is desensitizing players to violence and also causing an increased tendency to violent behaviour.” (Schnoebelen, 2008:7).

Ook Els en Jonker (2000: 181-188) wys op die destruktiewe en okkultiese invloed van Dungeons en Dragons. Volgens Els en Jonker (2000: 181) toon die spel die volgende eienskappe:

- Alle karakters het Sataniese name en/of konnotasies.
- Sataniese terminologie word gebruik.
- Alle karakters toon bose eienskappe.

Nie net hierdie eienskappe word deur Els en Jonker(2000:81) onderstreep nie hul maan ook dat ernstige verandering by die adolessent plaas vind. Die speler se karakter word sy alter-ego. Die adolessent ondergaan ook sekere persoonlikheids-, gedrags-, en godsdienstige veranderings: Die volgende tendense word volgens Els en Jonker (2000.186-188) geidentifiseer:Emosionele probleme ontwikkel.Die adolessent word verbaal aggressief.Sy skoolprestasie neem af.Sy stem verander.Hy verkies om vir lang periodes alleen gelaat te word.‘n Onsensitiwiteit ten opsigte van geweld ontwikkel.Die adolessent word geïsoleer van sy gesin.Betrokkenheid in ander okkultiese aktiwiteite word ‘n sterk moontlikheid.Hy ontwikkel ‘n geweldige obsessie met Dungeons en Dragons, wat tot verslawing kan lei.Hy verloor kontak met die realteit.Die adolessent beleef soms intense hartseer wanneer ‘n karakter sterf..Geweldadige gedrag neem toe. (Els en Jonker, 2000: 186-188).

- Speelgoed en televisie: Talle van die kinderprogramme wat vandag op die televisie verskyn, is deurspek van okkultiese simboliek. Kinders en hul ouers word hierdeur gedesentiseer vir die Sataniese aanslag (Swart, 1999:16). Voorbeelde van sulke televisie programme is programme soos My little pony, Masters of the universe, Teenage Mutant Ninja Turtles, en meer onlangse programme soos Pokemon en Harry Potter. Volgens die Cutting Edge Radio Program: Transcript of TV/toys conditioning our children (http://www.cuttingedge.org, 2008: 3), kom daar okkultisme in die pogram My Little Pony voor, aangesien die perde in hierdie storie leviteer en talle van hierdie perde unicorns is, wat deur die eeue heen met okkultisme

verbind is. In die okkultiese konteks word ‘n unicorn tradisioneel beskou as die vernietiger van die ou sisteem. Ook Malan (1991: 12) is van mening dat die unicorn aan die okkultisme en spesifiek die New Age beweging verbind word.

In Masters of the Universe word He-Man as die leier van die “wit” of “goeie magte” uitgebeeld, terwyl Skeletor as die leier van die “donker” of “bose magte” uitgebeeld word, maar beide hierdie figure maak van magiese kragte gebruik om hul doel te bereik (http://www.cuttingedge.org, 2008: 3). Die Bybel leer egter dat daar nie ‘n onderskeid tussen sogenaamde wit magie en swart magie is nie. Alle vorme van toordery word as sonde beskou. In 1 Sam 16: 23 word dit op dieselfde vlak as rebellie geplaas: “For rebellion is as the sin of witchcraft …” (New King James Version). In Teenage Mutant Ninja Turtles pas die karakters wat mutasie ondergaan het, die okkultiese Ninja kuns op ‘n geweldadige wyse toe (http://www.cuttingedge.org, 2008: 4).

Ook in Pokemon en in Harry Potter pas die karakters magiese kragte toe. Volgens Kjos (2008: 1 How Pokemon and magical cards affect the minds and values of children), is Pokemon die afkorting vir Pocket Monster. Pokemon word ook volgens Kjos (2008: 1) gekoppel aan ander okkultiese speletjies soos toorkaarte, Sailor Moon en Star Wars. Die algemene boodskap van Pokemon is dat jy die mag het, en dat jou wil uitgevoer moet word al is dit ten koste van ander. Kinders word aangemoedig om hul geestelike krag te gebruik om ander wat hul opgang bedreig te elimineer (Kjos, 2008: 4). Die okkultiese inhoud van Pokemon kan ook geïllustreer word aan die hand van ‘n geval waar kinders op ‘n skoolspeelgrond na die geeste van die Pokeman kaarte geroep het om hulle binne te vaar en dit selfs besetting genoem het.

Volgens McCann 2003:1
(www.spotlightministries.org.uk/harrypotterarticle.htm) is een van die grootste kwelling ten opsigte van Harry Potter dat dit kinders blootstel aan die wêreld van die okkulte. Dit word selfs deur Okkultiste erken dat sommige kinders deur toordery-fiksie tot belangstelling in die Okkulte verlok word. Die Pagan Federation in die VSA wat druids en hekse verteenwoordig, is van mening dat dit gereeld talle navrae van adolessente ontvang wat hekse wil word

Na aanleiding van toordery fiksie soos Buffy the Vampire slayer en Harry Potter

(McCann, 2003:1).

Harry Potter bevat ook ‘n aantal okkultiese temas in die storielyn en karakters. Die karakter Harry Potter self het byvoorbeeld ‘n weerligstraal op sy voorkop. Die weerligstraal word volgens McCann (2003: 2) nou geassosieer met Satan. Die stigter van die amptelike kerk van Satan Anton Lavey het dikwels ‘n pentagram gedra waarop die weerligstraal voorkom. In Harry Potter kom ook ‘n element van spiritisme voor. In the Philosopher Stone word Harry gefassineer deur beelde van sy gestorwe ouers in die Mirror of Erised. In die okkulte word spieëls algemeen aangewend vir divinasie. “Students of the occult commonly use mirrors to look into the spirit world, gazing into one supposedly reveals visions of spirit guides “(McCan, 2003: 3). Daar is ook ‘n aantal insidente waar karakters deur ander entiteite beset word (McCan, 2003: 4).

2.4 Satanisme in Suid-Afrika

Volgens Pretorius (in Swart, 1999:23) was daar veral in die jare 1970 ‘n opbloei Satanisme in Suid-Afrika. Voor 1970 was Suid-Afrika redelik geïsoleer van die res van die wêreld en beskerm teen die invloede van die okkulte (Swart, 1999:23). Cilliers (2003: 61) wys egter daarop dat daar beweer word dat satanistiese praktyke reeds sedert 1950 vanaf Frankryk na Suid-Afrika oorgewaai het. Satanisme is volgens Cilliers (2003: 61) sedert 1978 in die Suid-Afrikaanse media aangeroer. Phil Botha was een van die eerste persone in Suid-Afrika wat bekentenisse gemaak het van die bestaan van Satanisme. Hy het mededelings gemaak oor sy belewenisse soos transmigrasie van die siel alhoewel daar geen getuienis daarvoor te vinde is nie (Cilliers, 2003: 61). Hierdie aspekte is ook volgens Cilliers (2003: 61) ten boek gestel deur Maree (1998).

In 1981 het daar ‘n oplewing in Satanisme begin en die media het uitvoerig hieroor berig. Sekere prominente besigheidsmense is uitgesonder as sou hulle betrokke wees by Satanisme. In 1982 is twee selle in Pretoria deur die polisie ontdek, terwyl die satanistiese organisasie “The order of darkness” blootgelê is.
(Cilliers, 2003: 61).

2.4.1 Musiek

Die kontroversiële aspek rondom “backward masking” van musiek is ook na vore gebring en het ‘n hewige debat ontketen. Verskeie akademici ontken die bestaan van die duiwel en dit het gelei tot ‘n ernstige debat. Al meer okkultverwante gebeure soos dreigemente, ontvoerings en aanrandings is aangemeld (Cilliers, 2003: 61).

2.4.2 Kongresse

In 1986 is kongresse gereël met Satanisme as tema terwyl die bestaan van Satan deur akademici soos prof. P.J. Nel en prof. A. Van Aarde bevraagteken is. Volgens hulle is die populêre opvatting oor Satan ‘n mistasting en die opvatting kom eerder uit sosiaal-kulturele en buite-Bybelse geskrifte en dokumente. In 1998 het paniek rondom Satanisme in Suid-Afrika toenemend voorgekom. Majoor Kobus Jonker het die ondersoeke van die polisie na okkultverwante misdade gelei terwyl al hoe meer insidente rondom Satanisme nasionaal aangemeld is (Cilliers, 2003: 62).

Satanisme het toenemend sensasioneel geword en allerlei praktyke is daaraan toegedig wat vrees en paniek by sommige mense wakker gemaak het. In 1992 is Kobus Jonker as Koördineerder van die Suid-Afrikaanse polisiediens se okkultverwante misdaadeenheid aangestel. Gewese sataniste soos André Barnard en Ina Van der Berg het toenemend geleentheid gekry om hulle getuienisse te lewer. Tersefdertyd is nog ‘n sataniese groepering, ”The brotherhood of ram” geïdentifiseer. Ook die pedofiel Gert Van Rooyen se naam is aan Satanisme gekoppel.

2.4.3 Statistiek

In 1994 het die SAPD statistieke bekendgemaak soos dat daar tydens 1989 3 misdade; 1990: 17; 1992: 34 en 1993: 40 misdade in Suid-Afrika plaasgevind het wat okkultverwant was.

Hierdie misdade sluit verkragting, ontvoering, menseroof, saakbeskadiging, dwelms, toordery, selfmoord, poging tot moord en diefstal in. In dié jaar (1994) is twee sataniste ook skuldig bevind aan moord en tot tronkstraf gevonnis (Cilliers, 2003: 62).

In dieselfde jaar is daar ook, vir die eerste keer in Suid-Afrika, mensevetkerse in stormwaterpype in Bloemfontein gevind. ‘n Derde satanistiese groep, “The sons of Satan” is ook in dié stad blootgelê. Die statistieke van die SAPD se okkultverwante misdaadeenheid vir 1994 is insiggewend: 63 mense in hegtenis geneem; 12

aanmeldings van saakbeskadiging; 7 sake van dwelmbesit; 7 sake van ongelisensieerde vuurwapens; 28 bonatuurlike verskynsels; 5 gevaarlike sektes; 179 grafskendings; 26 sake van huisbraak en diefstal waarvan 20 inbrake by kerke was; 4 moorde; 4 heksemoorde; 7 selfmoorde; 20 pogings tot selfmoord; 13 aanrandings en 16 dieremishandelings (Cilliers, 2003: 63).

2.4.4 Valsgeheuesindroom

In 1995 het die kontroversiële valsegeheuesindroom of "satanic ritual abuse" aan die orde gekom terwyl okkultverwante misdade toenemend voorgekom het. In hierdie jaar alleen het 198 grafskendings in Bloemfontein plaasgevind en landswyd het vandalisme toenemend voorgekom. 'n Debat het ook in akademiese kringe rondom duiweluitdrywing ontstaan. In 1998 is 1000 grafte in Brakpan, 80 grafte by Kraaifontein, 57 grafte in Sterkfontein en 17 grafte te Forest Hill geskend. Vandalisme is ook by Milnerton, Belfast en Nelspruit. In dié jaar het die SAPD ook vir die eerste keer konkrete getuienis gevind dat mense tydens satanistiese rituele geoffer word (Cilliers, 2003: 63).

2.4. 5 Paganisme

Die Paganisme het ook in 1994 na vore getree as natuurgodsdiens. Hulle beweer hulle "want to bring back the old ways of sorcery using nature"S powers"

In 1999 het die paganisme sterk na vore getree in die persoon van Donna Vos wat die Pagan Federation of South Africa bekend gestel het. Hulle beweer dat hulle niks met satanisme te make het nie, maar dat hulle van okkultiese mag gebruik maak. Die gewese satanis, Ina Van der Berg, beweer dat sy aangerand is tydens bevrydingsessies en dat sy nooit by Satanisme betrokke was nie (Cilliers,2003: 63).

2.4.6 Misdaad

Tydens die jaar 2000 het Satanisme prominent geword in terme van misdaad. Daar het weereens 'n debat ontstaan en hierdie keer was dit rondom die Harry Potter-boeke en die kinderspeletjie Pokémon.

Die okkultverwantemisdaadeenheid se statistieke vir 1997 tot 1998 wys dat daar 'n 300% toename in okkultverwante misdade voorgekom het. Tot dusver was daar 1340 okkultverwante misdade met 66 moorde wat vanaf 1990 gepleeg is. Daar was 240 arrestasies vanaf 1992 tot 1998, alhoewel baie gevalle nie gerapporteer is nie. Sedert

1990 is daar ongeveer 3 moorde per jaar gepleeg terwyl daar slegs 12 in 1997 gepleeg is, 16 in 1998, en vanaf 1998 tot 1999, 24 moorde (Cilliers, 2003: 63). Satanisme het dus veral in die vorige dekade ‘n definitiewe impak gehad op die Suid-Afrikaanse samelewing en kan dus nie geïgnoreer word nie.

2.4 Die huidige status van okkultisme in Satanisme in Suid-Afrika

Die huidige status van en voorkoms van satanisme in Suid-Afrika kan nie met presiesheid bepaal word nie. Volgens Els en Jonker (2000: 41) bestaan daar nie tans definitiewe statistiek ten opsigte van betrokkendheid in Satanisme in Suid-Afrika nie, aangesien die meeste Sataniste hul eie styl en eie godsdienstige sisteem het, en hul godsdiens hoofsaaklik in die ghee beoefen Die navorser kon ook nie tydens die literatuurstudie statististiese aanduidings vind, wat aandui wat die huidige syfers is nie. Die gebrek aan statistiek impliseer egter nie volgens Els en Jonker (2000: 42) dat Satanisme iets van die verlede is, maar eerder dat dit ondergronds voorkom en minder sigbaar is.

Wanneer die roekeloosheid waarmee jong mense betrokke raak en hul uitdagende houding as kritereria gesien word, is dit duidelik dat Satanisme aan die toeneem is (Els en Jonker, 2000: 48). Dit is in ooreenstemming met die waarskuwing in die Bybel dat verering van die duiwel sal toeneem (volgens 1 Timoteus 3:3 en Openbaring 13:4).
Els en Jonker (2000: 12) is ook van mening dat daar verskeie mites ten opsigte van die realiteit van Satanisme bestaan naamlik:

- Die hantering van Satanisme is die probleem van die kerk en die staat.

Sedert die totstandkoming van die Kerk van Satan te San Francisco in 1966, word dit deur die VSA regering erken met sekere godsienstige regte en betaal ook belasting (Els en Jonker, 2000: 12).
Ook in Suid-Afrika geniet Satanisme beskerming onder die Handves van Menseregte, Artikel 9 (3) Wet 108 van 1996 (Els en Jonker, 2000: 17).

Die beoefening van Satanisme vind in die konteks van die geestelike wêreld plaas en behoort gedeeltelik op ‘n geestelike en gedeeltelik op ‘n sekulêre vlak gehanteer word. Nie-geestelike antwoorde is onvoldoende vir geestelike antwoorde. Selfs die

meerderderheid kerke in Suid-Afrika is nie onverskillig teenoor Satanisme nie, en hanteer dit verskillend
(Els en Jonker, 2000: 12).

Navorser is van mening dat dit gevaarlik is om die bestaan van Satanisme te erken. Dit maak slegs die kinders nuuskierig.

Dit mag so wees dat boeke oor Satanisme die teenoorgestelde effek gehad het as wat die oorspronklike bedoeling was. Indien hierdie argument navorsers daarvan weerhou om oor Satanisme te skryf, behoort dit ook van toepassing te wees ten opsigte van kwessies soos alkoholisme, dwelmmisbruik en pornografie. Die kwessie is nie of kinders oor Satanisme ingelig gaan word nie, maar eerder wie behoort hulle in te lig: die media, okkultiste, Sataniste of Christen opvoeders (Els en Jonker, 2000: 12).

Navorser is verder van mening dat daar eerder op feite gefokus kan word en nie op sensasie nie.

Die sensasionaliteit van die kwessie kan nie ontken word nie. Wanneer navorsers van sensasie beskuldig word, bly die vraag steeds: Aan die hand van watter criteria word die inligting as sensasioneel beskou? Wat sensasioneel vir een persoon is, is nie noodwendig sensasioneel vir ‘n ander nie. Persepsies ten opsigte van sensasionaliteit word deur ‘n persoon se eie insig, uitgangspunte en ervaring beïnvloed. God het self sensasionele wyses gebruik om met sommige te kommunikeer:

- ✓ Die vernietiging van Sodom en Gemora deur vuur (Genesis 19:12-29).
- ✓ Die sonvloed (Genesis 6).
- ✓ Jona en die vis (Jona 1:17)
- ✓ Die maagdelike geboorte van Jesus, Sy opstanding uit die dood en Sy hemelvaart (Matteus 1:18-20, 28:1-7, en Markus 16:19-20).
  (Els en Jonker, 2000:13).

Els en Jonker, (2000:13) maak gebruik van die sogenaamde 20/80 of 10/90 reël. Slegs 10 persent en in sommige gevalle 20 persent van dit wat deur sataniste, eks-sataniste of die media geraporteer word, kan as geloofwaardig aanvaar word
(Els en Jonker, 2000:13).

2.6 Beskrywing van satanisme en die adolessent binne die konteks van die gestaltbenadering

2.6.1 Die adolessent as teiken van Satanisme en redes vir betrokkenheid

Volgens Huisamen in Swart (1999: 24) is die kind die hoofteiken in Satanisme in Suid-Afrika. Hy voer aan as redes vir die Sataniste se toespitsing op kinders die feit dat ‘n kind maklik beïnvloedbaar en kwesbaar is. Kelly (in Swart, 1999:24) identifiseer die volgende predesponerende motiverings vir Amerikaanse adolessente betrokkenheid in Satanisme:

- “the spiritual void common in many American homes”. Talle van die kinders met wie Kelly onderhoude gevoer het, se ouers was nie Christene nie, en terwyl hulle soekend was na geestelike waarheid en sin, was Satanisme baie aanloklik.
- “alienation from family and/society”. Die hedendaagse jongmens het talle “empty hours” terwyl hul ouers werk of saans uitgaan.
- “an uncaring, hyprocritical world”. Die wêreld waarbinne die adolessent lewe is hipokraties en gevul met mense wat in hul daaglikse, haastige bestaan nie tyd het vir werklike omgee vir mekaar nie. Die Satanistiese filosofie dat “the human being is inherently selfish…..that only the strongest survive” word dan vir hulle sinvol.
- “abuse”. In sy navorsing vind Kelly dat 60% van die kinders wat oor Satan praat, deur hul ouers of die gemeenskap mishandel is.
- “feelings of inadequacy” – “Satanism provides the inadequate feeling teenager not only with sanctions for intimidating, exploiting and getting revenge against others; it also provides magical powers which more than compensate for social infectiveness”.
- “despair”. Talle kinders wat verworpe en onpopulêr is en nie aanvaarding by hul vriende kry nie, raak moedeloos en as enige uitkoms word hulle ook maar deel van die Satanistiese groep (Swart, 1999: 24).

In aansluiting by Kelly identifiseer Els en Jonker (2000: 149) ‘n aantal primêre faktore waarom adolessente by Satanisme betrokke raak:

- Disfunksionele gesinne.

Volgens Els en Jonker (2000: 149) is die vernaamste rede waarom adolessente by Satanisme betrokke raak ‘n disfunksionele gesin. ‘n Kind is net so emosioneel en geestelik gesond soos die res van die gesin, en die gesin is net so gesond soos die huwelik tussen die ouers is. ‘n Ongesonde huwelik lei tot ‘n ongesonde gesin en emosioneel ongesonde kinders, want die gesin funksioneer as ‘n sisteem. ‘n Kind van ‘n disfunksionele gesin is baie meer kwesbaar vir betrokkenheid in Satanisme (Els en Jonker, 2000: 150).

Volgens Lampert (2005: 110) is daar niks belangriker vir ’n kind as om nie deur sy eie gesin geag en gereken te word nie. As Gestalt terapeut fokus sy op die heling van die gesin deurdat sy die kind sentraal stel. Sy emosionele behoeftes en eiewaarde word hier vooropgestel. Sy gaan verder en is dan ook van mening dat in Gestalt terapie “ your purpose not to reprimand or lecture, but to establish rapport so that you and they can be members of a team” Ruth (2005: 112)

- Afwesigheid van die vaderfiguur.

Volgens Els en Jonker (2000: 152) beklemtoon adolessente wat by Satanisme betrokke is die feit dat hulle nooit ‘n gesonde verhouding met hulle vader gehad het nie. In die meeste gevalle was hul vader totaal afwesig. Die impak van ‘n afwesige vader op ‘n adolessent se betrokkenheid kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Adolessente wat weerhou is van ‘n gesonde gesinsisteem sien Satanisme dikwels as ‘n medium om gesinslede te straf wat vir hulle pyn en ellende verantwoordelik was (Els en Jonker, 2000: 153).

Wheeler and Jones (2003 :61) beklemtoon dit dat die kind se veld in sy eksterne wêreld nie bevestig kan word as hy nie ’n liefdevolle verhouding met sy vader kon hê nie. In die Gestalt wêreld word daar verwys na veld waarin jy beweeg en word dit dan tereg ook die aktiwiteitskontak genoem binne die verhouding. Dis hierdie kontakpunt tussen ouer en kind wat plaasvind as “a pre-existent field of belonging and support”. Beide outeurs gaan verder en is van mening dat “fathering is not so much a particular act or role as it is an aspect of relationship and of the relational field” Wheeler & Johns (2003: 63).

- Die ineenstorting van die samelewing(veld).

Die hedendaagse samelewing plaas baie meer druk op adolessente as vantevore. Adolessente van vandag word meer blootgestel aan gevare soos dwelm en alkoholmisbruik, bende aktiwiteite, geweld, seksueel oordraagbare siektes soos Vigs en ‘n verval van morele waardes (Els en Jonker, 2000: 154).

Navorser is dit eens met Els en Jonker dat daar’n toename veral by jongmense is, maar binne die Gestalt benadering is dit ook belangrik om daarop te let dat die adolessent wat aan al hierdie gevare blootgestel word, dit ook soms as keuse uitoefen omdat hul daarmee balans in hul eie funksionering probeer bewerkstellig. Hul gaan self soms so ver om hul self te beseer as retrofleksiewe gedrag. Die opgesluite inherente woede skep vir hom geen ander denkraamwerk in ‘n verwarde gemoed van pyn en hartseer nie.

- Vervreemding.

Talle kinders word alleen groot. Die aantal kinders van enkelouer gesinne en huise waar beide ouers fisies en emosioneel afwesig is, is kommerwekkend. Dit het tot gevolg dat kinders dikwels sonder ‘n rolmodel groot word en nie instaat is om die eise van die lewe te hanteer nie. Hierdie kinders wat in ‘n omgewing groot word, waar daar ‘n gebrek aan liefde is word dikwels die slagoffers van Satanisme, wat as ‘n altenatief dien vir die vervulling van hul emosionele behoeftes (Els en Jonker, 2000: 154).

Lampen (2003:124) wys daarop dat die kind wat verlies ervaar dikwels deur uitreageerende gedrag hul emosies toon. Sy is van mening dat : “Adolessents may mask their depression and grief with rebellious behaviour.” Die verlies ’n ouer beteken soms ook die verlies aan ’n omgewing, ’n skool en vriende. In die Gestalt benadering sou dit dus as wanbalans in die self handhawing beskou, waar hul dan tereg blootgestel word aan versoekinge om hierdie behoeftes te bevredig en weer n sogenaamde balans te herwin..

- Gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid.

Die kind wat homself in n toestand van permanente kwesbaarheid weens gevoelens van isolasie, magteloosheid, gebrek aan selfvertroue, verwarring en frustrasie bevind kan na oplossings soek. Teorie bevestig dit ook (Vergelyk Oaklander,2006) Hulle soek na antwoorde. Uit onderhoude met aktiewe Sataniste en ‘n omvattende literatuurstudie is

dit volgens Els en Jonker (2000: 155) duidelik dat kinders wat probleme ondervind met identiteitsvorming, ‘n negatiewe selfkonsep het en gevoelens van ontoereikendheid beleef, meer geredelik by Satanisme betrokke raak. Een van die suksesvolle werwingstegnieke wat Sataniste gebruik, is om aanvaarding en gevoel van behoort aan kinders te kommunikeer. Die beoefening van Satanisme bied ‘n gevoel van mag en selfs die besit van magiese kragte, sowel as om te eksploreer en wraak te neem (Els en Jonker, 2000: 155).

Navorser wil met Wheeler (2003:23) saamstem dat die kind wat minderwaardig voel nie in kontak is met die self nie. Hy is van mening dat die self “is our innermost core, our private being: or is it just an artifact of language, something that seems to exist when we talk about it but doesn’t actually correspond to any felt reality.”

- Selfkonsep.

Die selfkonsep is die somtotaal van die persepsies wat ‘n individu van homself het. Die selfkonsep word oor ‘n lang tydperk gevorm deur die terugvoer wat ‘n kind van ander kry. Indien die terugvoer konstant negatief is, kan dit daartoe lei dat die kind ‘n negatiewe selfkonsep ontwikkel (Els en Jonker, 2000: 155).

Volgens Els en Jonker (2000: 156)lei ‘n laeselfkonsep altyd tot emosionele probleme. Die mees destruktiewe gevolg van ‘n negatiewe selfkonsep, is die gevoel van hulpeloosheid by ‘n kind. Hy voel hy kan niks reg doen nie en vind dit moeilik om komplimente te aanvaar. In die meeste gevalle lei ‘n negatiewe selfkonsep daartoe dat die kind depressief word en sy lewe as waardeloos beskou. So ‘n kind is kwesbaar om by Satanisme betrokke te raak as ‘n tydelike antwoord tot sy probleme (Els en Jonker, 2000: 156).

Volgens die Gestalt benadering kan die kind wat nie goed voel oor homself nie, ook nie omsien na sy emosionele behoeftes nie. Dit opsigself vorm dan ’n onvermoë by die kind wat hom nie’n gevoel van mag en beheer gee nie. Oaklander (2006:51) ondersteun hierdie siening dat die kind wat nie goed voel oor homself nie, homself deprivieer. “Once this happens it is difficult to undo and becomes the child’s way of dealing with all stress, if not all in life. The child’s self is inhibited and often lost.” Die Gestalt spelterapeut sal dan ook hierteenoor ’n taak en opdrag in die hantering van die probleem hê.

- Akademiese druk.

Die geweldige druk om akademies te presteer wat adolessente ervaar, kan dikwels tot emosionele verlamming lei, aangesien die druk eenvoudig te veel en te hoog is. Toekomskundiges maak dikwels die stelling dat kennis elke drie jaar verdubbel. Sulke uitsprake skep die indruk dat skolastiese prestasie en vordering eintlik nutteloos en ‘n mors van tyd is. Vir die adolessent wat akademies sukkel, lyk die toekoms donker en vind hy nie ‘n plek vir homself nie. Dit kan adolessente laat voel dat alles in elk geval so vinnig verander dat daar niks is wat blywend is of betekenis het nie. ‘n Adolessent wat sonder hoop vir die toekoms is, is ‘n maklike teiken vir die Satanis wat sal poog om hom te oortuig om sy energie na “insiggewende dinge” te verplaas (Els en Jonker, 2000: 157).

Volgens die Gestalt teorie internaliseer kinders of adolessente dikwels verwagtinge van ander, wat beskryf kan word as die top dog gedeelte van hul persoonlikheid. Die top dog stel eise en verwagtinge waaraan die kind moet voldoen. Dit geskied aan die hand van “you should” boodskappe aan die kind (Blom, 2006: 42). Die teenstelling van die “top dog” die “under dog: of plesier verlangende gedeelte fokus op “wants”, maar is onseker van homself en reageer deur beloftes te maak en deur onderdanigheid gepaardgaande met ‘n houding van ek sal weer probeer. Die “top dog” maak hoofsaaklik van dreigemente gebruik om die “under dog” te dwing om aan bevele te voldoen, byvoorbeeld as jy nie doen wat van jou verwag word nie, sal jy swaar gestraf word. Dit behels ‘n voortdurende konflik tussen opponerende dele van die adolessent se persoonlikheid (Blom, 2006: 43).
In terme van Gestalt teorie kan dus gesê word dat die kind wat eise aan homself stel in terme van prestasie, baie keer op leef na wat van hom verwag word en nie wat hy vir homself die beste ag nie. Wanneer hy dan nie daaraan kan voldoen nie, gee hy boedel oor en gaan in ’n letterlike paradoks van dit wat ander van hom verwag of van wat hy as norm ook aan homself stel. Die nuwe status binne satanisme gee aan hom valse mag wat vir die oomblik goed voel.

- ‘n Geestelike vakuum.

Volgens sekere godsdienstige leiers, kan die toenemende betrokkenheid van kinders by Satanisme toegeskryf word aan die groeiende invloed van humanisme. Wanneer die

Christelike God met humanistiese idees verwar word, ontstaan ‘n geestelike vakuum wat dikwels deur ‘n alternatiewe mag soos Satanisme gevul word (Els en Jonker, 2000: 157). In Suid-Afrika kan die rol van die sogenaamde “Nuwe Hervorming” vermeld word, wat met ‘n kritiese bevraagtekening van die kernkonsepte en kernwaarhede van die Christelike geloof tot verwarring onder mense en veral adolessente kan lei wat ‘n geestelike vakuum kan skep. Durand (2005: 22) wys daarop dat die “Nuwe Hervormers” hul nie tot ewige waarhede verbind nie en dat hul kernkonsepte so herinterpreteer dat dit van die oorspronklike betekenis los gemaak word en gerelativeer word, dit skep verwarring by gewone gelowiges. Dit kan ook veral adolessente raak wat nog in die proses van geestelike/godsdienstige ontwikkeling is. Godsdiens volgens navorser se siening is n persoonlike bemoeienis wat elke individu op geestelikevlak beleef.

Kinders wat in ‘n huis gesosialiseer word waar ouers hoofsaaklik outokraties is, kan die persepsie ontwikkel dat hulle die duiwel se kinders is. ‘n Rigiede ouerskapstyl kan geestelike kommunikasie rem, wat tot ‘n geleidelike geestelike vakuum kan lei. Ouers wat ‘n valse Christelike beeld projekteer, verloor nie slegs hul betroubaarheid, geloofwaardigheid, en integriteit nie, maar dra ook by tot ‘n geestelike vakuum, aangesien hulle in teenstelling met hul eie norme optree (Els en Jonker, 2000: 157).
Volgens Gestalt teorie word ‘n kind se omgewingsveld gedifferensieër deur grense. Beide intrapersoonlike (kontak met die self) en interpersoonlike kontak (kontak met ander) word hierdeur gereguleer. Die kontakgrens word beskou as die punt waar die kind die self of “Ek” in verhouding tot die eksterne ervaar (Blom, 2006: 29). Die kontakgrens het volgens Blom (2006: 29-30) twee funksies. Eerstens verbind dit die kind met ander, maar handhaaf ook ‘n onderskeid met ander. Dit stel die kind instaat om sy eie identiteit te behou.

Grense behoort deurdringbaar te wees om interaksie tussen die kind en sy veld te verseker. ‘n Kontakgrensversteuring of neurose kom voor,, wanneer kinders nie in staat is om ‘n gesonde balans tussen hulself en die omgewing te handhaaf nie (Blom, 2006: 31). Wanneer ouers te rigied en outokraties in hul verwagtings en optrede teenoor hul kinders is, wat nie in die beste belang van die kind is nie, kan dit lei tot algehele samevloeiing. Dit behels dat daar nie ‘n duidelike grens is tussen die self en omgewing of ander nie. Dit lei tot verwarring by die kind ten opsigte van sy identiteit en posisie.

So ‘n kind kan te veel van ander in sy self op ‘n onkritiese wyse inkorporeer. Wanneer ouers sekere verwagtings van die kind het en hy nie daaraan voldoen nie, en hy op ‘n subtiele wyse verwerp word deur byvoorbeeld negatiewe stereotipering, aanvaar die kind hierdie steriotipering sonder bevraagtekening.

- Verwarring oor hul posisie in die samelewing.

Volgens Erikson (in Els en Jonker, 2000:158) is een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent dié van identiteitsvorming. In die moderne samelewing is daar dikwels ‘n gebrek aan leiding vir die adolessent in die vorming van sy eie identiteit. Sonder ‘n duidelike definisie van sy kinderjare, adolessensie en volwassendheid is sommige adolessente aangetrokke tot Satanisme se duidelike grense ten opsigte van hul posisie in die samelewing (Els en Jonker, 2000: 158). Wanneer ‘n kind of adolessent ‘n gebrek aan leiding in sy lewe ervaar vanweë gebrekkige ouerlike voorbeeld, ontwikkel hy ‘n swak sin van sy self, hy is onseker oor sy eie identiteit en sy posisie in sy omgewing. Hy is gewillig om op te tree in ooreenstemming met verwagtings van ander soos satanistiese groepe waar sy posisie vir hom duidelik gedefinieer word (Blom, 2006: 34).

- Onvermoë om keuses te maak.

‘n Kind se vermoë om te beoordeel, probleme op te los en keuses te maak, verbeter of verswak sy vermoë om homself teen Satanisme te beskerm. ‘n Swak vermoë om te oordeel, kan spanning skep wat tot impulsiwiteit, onverdraagsaamheid en haastige besluite kan lei (Els en Jonker, 2000: 159). Blom (2006: 35) wys daarop dat kinders wat in samevloeiing is, dit moeilik vind om keuses uit te oefen en van ander verwag om keuses te maak. Volgens Blom (2006: 157) is hierdie kinders se proses onvoldoende om hul behoeftes aan te spreek en is dit belangrik dat hul bewus gemaak moet word van hul gedrag en gehelp moet word om hanteringstrategieë te ontwikkel. Dit is ook belangrik dat hulle moet leer dat hulle wel keuses kan maak, maar ook verantwoordelikheid vir hierdie keuses moet neem (Blom, 2006: 157).

- Rigiede denkpatrone.

‘n Adolessent wat by Satanisme betrokke raak sien slegs die ekstreme van elke situasie. Hy is gewoonlik baie op die verdediging ten opsigte van die kwessies waarmee hy

saamstem, en is hewig gekant teen enige iets waarmee hy nie saamstem nie. Hierdie rigiede denkpatrone beïnvloed sy vermoë om te onderskei tussen werklike en valse godsdienste. So ‘n adolessent is baie afhanklik van goedkeuring deur sy portuur en ontwikkel dikwels ‘n “ons teen hulle” mentaliteit (Els en Jonker, 2000: 159).
Die adolessent verkeer hier in die fobiese laag van die persoonlikheid (Blom, 2004: 43), hy bied weerstand teen verwagtinge van buite sy portuurgroep, en handhaaf rolle wat van hom verwag word in terme van sy posisie as lid van ‘n satanistiese portuurgroep, naamlik die rebel en verdediger van sy oortuigings. Hierdie kind kan angs beleef ten opsigte van sy rol en wanneer hy bewus word van die spel wat hy speel binne die fobiese laag, maar kan ‘n skyn selfvertroue toon en weerstand bied teen ‘n verandering in gedrag en voortgaan om sy rol te speel (Blom, 2006: 43).

- Aggressie.

‘n Adolessent wat emosioneel wan funksionerend is, vind dit dikwels moeilik om konflik en frustrasie sinvol te hanteer. Indien frustrasie nie doeltreffend gehanteer word nie, kan dit tot aggressie lei. Indien die oorsprong van frustrasie nie gehanteer word nie, kan die aggressie aanleiding gee tot onaanvaarbare gedrag. Okkultleiers is bewus van die groeiende frustrasie en aggressie en moedig adolessente aan om by okkultverwante aktiwiteite betrokke te raak (Els en Jonker, 2000:159).

Oaklander (2006:13) is van mening dat die kind wat soms aggressief en kwaad voel, keer dit na binne deur te retroflekteer. “he may push it back inside himself to make sure it is not expressed”. Volgens Beisser (2009:1) is die adolessent hier in konflik met ten minste twee intrapsigiese faksies. Hy beweeg konstant tussen wat “behoort te wees” en wat hy “is”, en nie ten volle met een van die twee posisies identifiseer nie (Beisser, 2009: 1). In terme van die paradoksale teorie van verandering is die rol van die terapeut hier nie om die adolessent te probeer verander en dus die rol van ekspert in te neem nie, maar om die adolessent aan te moedig en toe te laat om ten volle sy aggressie op ‘n konstruktiewe wyse te kan uitdruk. Volgens bogenoemde teorie vind verandering plaas wanneer ‘n persoon ten volle homself is en nie homself forseer om te verander nie (Beisser, 2009:1).

- ’n Gebrek aan motivering.

‘n Adolessent wat probleme ervaar, verloor dikwels belangstelling in aktiwiteite wat voorheen vir hom belangrik was. ‘n Adolessent wat emosioneel gedreineer is, vind dit dikwels moeilik om nie toe te gee aan die versoekings van Satanisme nie (Els en Jonker, 2000: 160).

Aangesien ‘n adolessent wat betrokke is by Satanisme tot geheimhouding gedwing word, mag hy by die ouers as ongemotiveerd voorkom. Wat in werklikheid plaasvind is dat die adolessent sy emosionele energie kannaliseer en fokus in ‘n ander rigting in ‘n poging om sy probleme te hanteer (Els en Jonker, 2000: 160). In terme van Gestalt teorie word alle gedrag gereguleer deur die proses van homeostase of organismiese selfregulering, waardeur die adolessent sy balans handhaaf onder verskillende omstandighede. Die proses van selfregulering is ‘n wyse waarop hy of sy hul behoeftes bevredig. Ongemak word beleef totdat ‘n spesifieke behoefte bevredig, en die balans herstel is (Blom, 2006: 23-24).

Blom (2006: 24) beklemtoon dat daar twee wyses is waarop selfregulering kan geskied naamlik interne en eksterne regulering. Interne regulering is spontaan en is daarop gemik om die adolessent se behoeftes te bevredig, terwyl eksterne regulering die normale spontane proses versteur en lei tot die fragmentasie van die adolessent sodat hy of sy nie meer holisties funksioneer nie. Eksterne selfregulering word ook van buite af op die adolessent geforseer (Blom, 2004: 24). In terme van Gestalt teorie kan dit gestel word dat die adolessent wat vanwee ‘n oënskynlike gebrek aan motivering by Satanisme betrokke raak, van eksterne selfregulering gebruik maak om hul behoefte aan liefde en aanvaarding, sekuriteit, om te behoort aan, selfaktualisering en gevoel van waarde te bevredig. Die adolessent wat nie op ‘n normale wyse sy behoeftes binne gesinskonteks kan bevredig nie, poog dus om vanuit sy betrokkenheid by Satanisme bevrediging hiervoor te vind.

- Verveeldheid.

Adolessente wat in welgestelde huise groot word, ‘n oormaat van geskenke ontvang en dikwels vir lang periodes alleen gelaat word, word maklik verveeld en begin dikwels uitkyk vir opwinding. Adolessente wat ‘n oormaat van geskenke van hul ouers ontvang

as ‘n poging om vir hul gebrek aan betrokkenheid by hul kind se lewe te vergoed, is maklike prooi vir Sataniste. Die Sataniste beweeg in openbare plekke rond om in kontak te kom met adolessente wat opsoek is na opwinding (Els en Jonker, 2000: 160). Volgens Blom (2006: 24-25) is behoeftevervulling by die kind deel van die proses van selfregulering wat tot homoestasis lei. Wanneer ‘n kind of adolessent behoefte het aan liefde en aandag by sy ouers, maar vanwee ouers se fisiese en/of psigiese afwesigheid dit nie vind nie, word die normale proses van interne selfregulering versteur en gaan dit oor na eksterne selfregulering. Die kind probeer dan om vervulling buite sy huidige sisteem te vind.

- ‘n Kommunikasiegaping.

Vanuit navorser se privaat praktyk word die klagte dikwels deur kinders geopper dat hul ouers hul nie verstaan of vertrou nie. Hierdie klagte kan nie sondermeer afgemaak word as ongegrond nie. Kinders wat nie ‘n oop kommunikasieverhouding met hul ouers het nie, sal opsoek wees na iemand wat hulle verstaan (Els en Jonker, 2000:160). Volgens die Gestalt teorie is die vermoë tot intra- en interpersoonlike kontakmaking noodsaaklik vir gesonde organismiese selfregulering by kinders en adolessente (Blom, 2006: 30). Volgens Blom (2006: 28) word hierdie vermoë beïnvloed deur die ouers se hantering en reaksie op behoeftes van die kind reeds van ‘n vroeë ouderdom af. Wanneer ouers nie ‘n oop verhouding handhaaf nie en nie die kind die geleentheid bied om sy behoeftes te kan uitspreek nie, sal hul na ander wyses soek om hul behoeftes aan te spreek en kan selfs destruktiewe gedrag tot gevolg hê (Blom, 2006: 28).

- Streshanteringsvermoë.

‘n Kind druk sy stres en emosies uit. ‘n Emosionele uitbarsting duur normaalweg nie lank nie en die kind herstel tot ‘n normale emosionele toestand. Wanneer die kind egter voortdurend met skadelike emosionele probleme gekonfronteer word en sy stresvlakke te hoog word, verloop die herstelproses nie so glad nie. Kinders is op hierdie stadium baie kwesbaar en benodig leiding en ondersteuning en nie verwerping nie (Els en Jonker, 2000: 160). Volgens die Gestalt teorie gebruik kinders soms defleksie as ‘n hanteringstrategie vir pynlike ervarings deur woede uitbarstings of ander reaksionêre gedrag ten einde hulself teen emosionele pyn te beskerm (Blom, 2006: 37). Defleksie behels dat die kind direkte kontak met ander vermy, en eerder oor iemand as met hom

of haar direk praat. Hierdie kinders is volgens Blom (2006: 37) dikwels kwesbaar en responsief ten opsigte van hul emosies en is nie instaat om dit te begryp of te beheer nie, wat tot ongewenste gedrag kan aanleiding gee.

- ‘n Strewe na mag.

Gevoelens van minderwaardigheid, verwerping, swakheid en onvermoë gaan dikwels oor na ‘n ongesonde strewe na mag as ‘n poging tot selfgeldendheid en manipulasie. Betrokkenheid in Satanisme, bied tot ‘n sekere mate ‘n antwoord in die strewe na mag (Els en Jonker, 2000: 161).
Volgens Seale (1991) en Joubert (1997) (in Swart, 1999: 25) is adolessente veral die teikengroep vir Satanistiese werwing as gevolg van die sensitiewe aard van hierdie ontwikkelingsfase.

Oaklander (2006: 57) is van mening dat kinders wat in disfunksionele gesinne groot geword het, dikwels nie die geleentheid gebied is om bemeestering te kon ontwikkel nie. Volgens Oaklander (2006: 59) is kinders nie besorg oor beheer in die breë nie, en is tevrede daarmee om mag en beheer van hul lewe aan hul ouers te gee. Dit is solank as wat hul beleef dat hulle gehoor word en dat die ouers se reëls regverdig is en toegepas word.. Dit bied aan die kind ‘n gevoel van mag en beheer oor sy lewe wanneer hy vanuit homself sy ouers se op[trede sanksioneer. Wanneer ‘n kind ‘n goeie sin van self het, word hy nie bedreig deur die mag wat ouers het nie. Kinders wat rebels optree of hul tot ‘n magstryd wend, ervaar weinige kontrole of beheer oor hulle lewens. Ouers is dikwels te outokraties of onbetrokke (Oaklander, 2006: 59). Dit is ook dikwels adolessente wat hierdie gebrek aan beheer ervaar, wat by Satanisme betrokke raak.

2.6.2 Die vlakke van adolessente betrokkenheid in Satanisme

Volgens Swart (1999: 25) kan adolessente op verskillende vlakke by Satanisme betrokke raak. Ook Els en Jonker (2000: 89) wys daarop dat ‘n adolessent nie skielik ‘n Satanis is nie, maar beweeg deur verskillende vlakke voordat hulle by harde-kern Satanisme betrokke raak. Els en Jonker (2000: 89) identifiseer dan ook die volgende vlakke of fases van betrokkenheid:

- Eksperimentelevlak

Op hierdie vlak raak die adolessent betrokke by speletjies soos Ouija bord, fantasierolle, “heavy metal” musiek met die klem op “black metal” (wat fokus op geweld, verkragting en moord) en ”death metal” (wat fokus op dood en selfmoord), dwelm- en alkoholmisbruik, heksery, okkulte videos en flieks, spiritisme, waarseêry, vrye seks, astrale projeksie en die teken van Sataniese simbole, insluitend tattoos op die liggaam.

- Sosiale en ontspanningsvlak

Op hierdie vlak begin die adolessent boeke te lees oor die okkulte en om Sataniese literatuur soos die Sataniese Bybel en Man, Myth en Magic te bestudeer. Hy of sy raak vertroud met wie Satan is en waarin hy glo. Sataniese leerstellings waarvan LaVey en Crowley s’n die belangrikste is, word intensief bestudeer en toegepas.

- Toestandgebonde-vlak

Die adolessent op hierdie vlak begin deelneem aan rituele, breek weg van die Christelike kerk en word gevolglik uit persoonlike oortuiging meer en meer betrokke in Satanisme. Hy of sy raak betrokke in seksuele en diereoffers, en seksuele orgies, asook misdaad soos die beskadiging van kerkgeboue.

- Intensiewevlak

Op hierdie vlak neem die adolessent vier tot vyf keer per week deel aan Sataniese byeenkomste en rituele. Hy/sy is nou ‘n ingelyfde Satanis en beoefen Satanisme in die geheim. Sy betrokkenheid in Satanisme beïnvloed sy skoolwerk en verhoudings met gesinslede. Sy gedrag word gerig in teenstelling met die samelewing en kerk se norme en waardes. Hy oortree ook dikwels die wet. As dissipel is die belangrikste taak vir die adolessent op hierdie vlak om nuwe lede te werf.

- Kompulsiewevlak

Op hierdie vlak beoefen die adolessent sy geloof daagliks. Hy offer gereeld diere en maak hom skuldig aan seksuele oortredings soos kindermolestering en verkragting. Die adolessent op hierdie vlak is ook instaat tot die breinspoeling van ander kinders.

- Kroniese verslawing

Op hierdie vlak begin die adolessente ernstige misdade, soos kindermishandeling, handeldrywing met babas en kinders, die ontvoering van kinders vir die maak van pornografiese films en die beoefening van kinderseks, moord en menslike offers. Meisies word aangemoedig om so gou en dikwels as moontlik swanger te raak, om hul babas vir rituele te gebruik. Selfmoord en kannibalisme is ook algemeen op hierdie vlak (Els en Jonker, 2000: 89-94).

2.6.3 Waarskuwingstekens ten opsigte van adolessente betrokkenheid in Satanisme.

Wanneer ‘n adolessent begin eksperimenteer met die okkulte en Satanisme, is daar bepaalde waarskuwingstekens wat geïdentifiseer kan word (Swart, 1999: 25). Volgens Gardiner (in Swart,1999: 25) is dit noodsaaklik om hierdie veranderings in hul gedragspatrone waar te neem ten einde betrokkenheid in Satanisme te voorkom. Gardiner; Huisamen; en Seale (in Swart,1999: 25-26) noem ‘n aantal gedragspatrone wat geïdentifiseer kan word wanneer ‘n adolessent by Satanisme betrokke raak:

- Intense belangstelling in “heavy metal “ musiek.
- Skielike verandering van gedrag veral opstandigheid.
- Ongesonde belangstelling in okkultiese literatuur of videos.
- Betrokkendheid by speletjies soos “Dungeons and Dragons” of “glasie-glasie”.
- ‘n Obsessie om swart te dra.
- Die aanbring van Satanistiese simbole op die skooltas en in die slaapkamer.
- Emosionele verandering veral gevoelloosheid.
- Gefasineerdheid met die dood en dooies.
- Verwerping van vriende.
- Skielike daling van skoolprestasie.
- Onverklaarbare vrees vir die nag en donkerte, slapeloosheid.
- Gefassineerdheid met bloed.
- Vyandigheid teenoor die Christendom.
- Beheptheid met seks.
- Die kind spandeer ure in sy kamer waar hy “mediteer”.
- Taalgebruik verander: die kind gebruik vuil taal, vloekwoorde, lasterlike taal teenoor God, Sy Naam en Sy woord.

- Senuweeagtigheid kom dikwels voor.
- Gedurige moegheid en ‘n swak eetlus.
- Sanitêre waardes gaan agteruit: die kind verkies om vuil te wees en het geen respek meer vir hulle liggame nie.
- Ongewone en abnormale humeur ontwikkel: voortdurige woede uitbarstings kom voor.
- Geheimsinnige telefoongesprekke, of die telefoon lui kort-kort in die nag.

Wanneer ‘n adolessent betrokke is by Satanisme, is dit baie moeilik om die kultus te verlaat. Sataniste maak van spesifieke beheertegnieke gebruik om te verseker dat hy nie die kultus verlaat of openbaar maak nie. By adolessente word daar veral gefokus op die aspekte van vrees, isolasie, mag en heldeverering van okkultleiers (Swart, 1999: 26).

2.6.4 Satanistiese doelstellings

Anton LaVey, die stigter van die Satanskerk, beweer dat enige persoon wat beweer dat sy belangstelling in die okkulte of hekserey is, enige iets anders as ‘n persoonlike soeke na mag, ‘n skynheilige is. Tog word primêre doel van duiwelaanbidding as die verkryging van mag beskou. Mag word verkry deur Satan ten alle tye te bevredig en gehoorsaam en deur sy kragte op te roep deur middel van sekere rituele (Swart, 1999: 26).

Satanisme fokus veral op die volgende doelstellings:

- Om opvoedkundige instansies, die regering, jeugorganisasies, kerke en mediese professies te infiltreer.
- Om tieners en jong kinders as lede te werf. (Swart,1999: 26).

In die kerk van Satan bestaan daar ‘n hiërargie wat ‘n funksionele verdeling is van die mag waaroor elkeen beskik. Volgens Huisamen (in Swart,1999: 26) het elke tempel (coven) gewone lidmate, werkers, tempelprostitute, “warlocks” (manlike hekse), priesters en hekse. Die hoëpriester is die amptelike verteenwoordiger van Satan op aarde en is die leier van die beweging. Die organisasie het ‘n sogenaamde binnekring, waarbinne gewone lede wat nog nie ver gevorder het in Satanisme nie, nie toegelaat word nie (Swart, 1999: 26).

Aansluiting by die kerk vind plaas deur middel van ‘n rituele inisiasie. Talle adolessente woon sulke rituele by bloot vir interessantheid en andersheid daarvan, maar word dan in die beweging ingetrek. ‘n Ritueel word deur Joubert (in Swart,1999: 27) beskryf as “an estabilished or prescribed procedure for a religious or other rite or any other practice or pattern of behaviour repeated in a prescribed manner remiscent of religious ritual”. Die byeenkomste word gewoonlik begin met die rook van dagga en ontaard dan in ‘n seksuele orgie (Swart, 1999: 27). Lyons (in Swart, 1999: 27) beweer dat die aanbieding van vrye seks ‘n slim set van die Sataniste is om ‘n persoon gebonde aan die beweging te hou. Volgens Huisamen (in Swart, 1999: 27) glo Sataniste wel aan God se bestaan, maar volgens hulle het Jahwe Lucifer se troon gesteel en homself onregmatig aangestel as die heerser oor hemel en aarde. Sataniste glo dat Lucifer die ware god is en dat hy aanbid moet word.

Christenskap word tydens ‘n inisiëringsritueel afgesweer en volkome toewyding tot Satan word bevestig. Soms word ‘n persoon verkrag as deel van die die inisiasie-proses. Die nuwe lid word toebedeel met magiese kragte deur die oproep van diabolise kragte. Die lid word bevorder na ‘n hoër posisie met die toename in aansien (Swart, 1999: 27).

Hiervolgens simboliseer Satanisme die teenpool van Christenskap. Christelike simbole word ontheilig en Christelike waardes afgebreek. Swart nagmaal, swart doop en die swart huwelik word as teenpool van die Christelike gebruike beoefen. Die Satansbybel verkondig selfverheerliking in plaas van selfkruisiging en haat in plaas van liefde. Perverse seks, bloedige offerandes en die misbruik van dwelmmiddels vind tydens die byeenkomste plaas (Swart,1999: 27).

Die navorser is van mening dat satanisme adolessente wat kwesbaar en onmagtig voel se soeke na beheer oor hul lewens en dié wat ‘n begeerte het na meer opwinding buite die verveeldheid van hul alledaagse lewens uitbuit, deur die belofte aan mag en die vrylike uiting aan begeertes.

2.6.5 Satanistiese simbole

Tydens hul rituele asook in hul werwing van nuwe lede is Satanistiese simbole baie prominent. Talle van die simbole is die direkte teenoorgestelde van die Christelike simbole en gebruike (Swart, 1999: 27). Die navorser is van mening dat die prominensie

van simbole tydens rituele daarop ingestel is om vrees by die adolessent in te boesem as wapen om hom of haar gebonde te kan hou en ‘n verwerping van Christelike geloof aan te wakker.

2.6.6 Satanistiese werwings-en-beheertegnieke

Sataniste maak volgens Joubert (in Swart, 1999: 27) gebruik van bepaalde werwings- en beheertegnieke om adolessente te bereik in hul “Covens” Die werwing van nuwe lede vind veral plaas deur:

- Vriendskappe wat aangeknoop word met jong kinders en tieners met die uitsluitelike doel om hulle na ‘n partytjie/ritueel uit te nooi. Veral seksuele verhoudings word aangemoedig. Jonker (in Swart, 1999: 27) verwys in die verband na kinders so jonk as agt jaar wat deur middel van dwelmmiddels wat in koeldranke gegooi word, deur Sataniste gewerf is.
- Georganiseerde speletjies waar okkultiese speletjies soos glasie-glasie of “Dungeons and Dragons” gespeel word (Swart, 1999: 27).
- Afpersing, veral met seksuele molestering. ‘n Video-opname word dikwels gemaak tydens seksuele molestering en gebruik om jong kinders af te pers om by die kultus aan te sluit. Hulle word dikwels gedreig dat die band aan hul ouers gestuur sal word indien hulle nie aansluit nie.
- ‘n Magsvertoning word gebruik om vrees by die jong kinders te kweek

(Swart, 1999: 27).

Beheer en mag is volgens Joubert (in Swart, 1999: 27) belangrike aspekte van die Satanisme. “Mind control”, afpersing (bekendmaking van hulle dade en dreigemente om hul families leed aan te doen), rituele molestering (herhaalde psigiese, emosionele, seksuele, verstandelike en geestelike aftakeling) en beloftes van mag word aangewend om beheer oor nuwe lede te verkry. “Mind control” word verkry deur ‘n uitgebreide sisteem van breinspoeling, programmering, indoktrinasie, hipnose en die gebruik van talle “mind altering” dwelmmiddels (Swart,1999: 27).

Die volgende elemente van “mind-control” word deur Joubert (in Swart, 1999: 28) aangedui:

- Isolasie van die nuwe lid van sy familie en vriende.

- Beheer oor kommunikasie kanale en inligting.
- Onvoldoende dieet, weerhouding van water en sout.
- “Degradation and diminution” van die self.
- Induksie van onsekerheid, vrees en verwarring.
- Belofte van vreugde en sekerheid deur aansluiting by die groep.
- Wissel tussen wreedheid en tegemoetkomendheid in dissiplinering.
- Geheimhouding.
- Verwarring van reg en verkeerd.
- Pare teenoorgesteldes soos byvoorbeeld pyn en plesier.
- Sekere emosies word nie toegelaat nie byvoorbeeld om jammer te voel, om te huil as jy pyn verduur.

Die navorser is dit eens dat Satanisme verskillende metodes, ook paradoksale metodes gebruik om mag af te dwing en beheer te neem van die adolessent se lewe, tot so ‘n mate dat hy so deel word van die groep dat sy sin van self bykans nie meer bestaan nie.

2.6.7 Die invloed van Satanistiese betrokkendheid op die adolessent

Wanneer ‘n adolessent betrokke raak in Satanisme bly hy nie onveranderd nie. Betrokkenheid in Satanisme laat ‘n letsel op die emosionele-, liggaamlike-, kognitiewe-, sosiale-, en geestelike ontwikkeling van die adolessent (Swart, 1999: 28).

2.6.7.1 Liggaamlike skade

Die liggaam van die adolessent word tydens rituele geskend deur fisieke letsels wat op die liggaam uitgekerf word. Volgens Jonker (in Swart, 1999: 28) word Satanistiese simbole en tatoeeërmerke dikwels op die liggame van adolessente opgemerk, wat betrokke is in Satanisties gefundeerde misdaad. Metaalpunte word ook onder die lid se vel ingeplant. Volgens Gardiner (in Swart, 1999: 28) word hierdie merke veral aan die kinders se nekke aangebring en ongewone kneusplekke, veral volgens patrone, word ook opgemerk.

Daar word gereeld op kinders geurineer en ontlasting oor hulle liggame gesmeer. Hierdie kinders word ook gedwing om urine te drink en hul eie of ander lede se ontlasting te eet, wat later ‘n beheptheid met urine en ontlasting veroorsaak (Swart,

1999: 28). Dit word volgens Jonker (in Swart, 1999: 28) gedoen om die onskuldige kind te onteer en hul reinheid te verwoes.

Dwelmmiddels word gebruik tydens rituele, waarna rituele verkragting van beide seuns en dogters plaasvind. Seks met mense en diere vind plaas. Die kinders word as objekte van genot tussen volwassenes rondgestuur. Jong meisies word swanger gemaak met die uitsluitelike doel om die babas aan Satan te offer (Swart, 1999: 28).

Jonker (in Swart,1999: 28) voer aan dat die kinders ook gemartel word omrede Sataniste glo dat pyn hulle reiner maak.
Die navorser wil die mening uitspreek dat satanisme so ‘n geweldige negatiewe effek op die liggaamlike welsyn van die adolessent het dat sy selfagting, vorming van identiteit en totale ontwikkeling daardeur gestriem word.

2.6.7.2 Emosionele skade

Talle emosionele letsels word aan die adolessent toegedien:

- Angstigheid, hiperaktiwiteit, nagmerries, skuldgevoelens.
- Vrees van ontbloting en gepaardgaande straf.
- Eensaamheid as gevolg van isolasie van die gesin.
- Identifikasie met die Satanistiese groeplede lei tot ‘n algehele gevoel dat die self boos is, gevolglik vind die adolessent dit moeilik om met “goeie” mense verhoudings aan te knoop.
- Verlies van ‘n eie identiteit lei tot ‘n belewenis van hulpeloosheid.
- Absolute verlies aan vertroue in die mens en ‘n onvermoë om emosionele pyn te openbaar.
- Afwesigheid van die vrye wil as gevolg van hulpeloosheid en wanbegrip dat eie keuses nie moontlik is nie.
- ‘n Onvermoë om liefde te verstaan, ervaar en aanvaar.
- Dissosiasie van sekere pynlike ervaringe lei tot die ontwikkeling van verskillende “mindsets” en dikwels selfs multi-persoonlikheidsversteuring.

(Swart,1999: 28-29).

Gardiner (in Swart, 1999: 29) verwys na die volgende vrese wat adolessente ontwikkel:

- Vrees vir vreemde dinge wat binne in sy liggaam aangaan, byvoorbeeld miere of ‘n bom.
- Vrees vir spoke, monsters, “slegte mense” wat hom gaan wegvat of doodmaak.
- Ekstreme vrese vir byvoorbeeld spinnekop, slange, donker water.

Hierdie kinders raak volgens Gardiner (in Swart, 1999: 29) baie klouerig en hulle het ‘n beheptheid met die dood. Volgens Seale (in Swart,1999: 29) vind ekstreme verandering in hul gemoedstoestand plaas soos byvoorbeeld depressie en aggressie.

Joubert (in Swart,1999: 29) voeg hierby ekstreme woede as gevolg van uitgelewerheid aan die groep, ekstreme beheer oor bepaalde emosies byvoorbeeld liefde, pyn, en hartseer, asook geweldige skuldgevoelens. Volgens Seale (in Swart,1999: 29) kom selfverwonding en selfmoordpogings ook dikwels voor.
Die navorser is van mening dat die adolessent vanweë sy betrokkenheid by satanisme sy emosionele behoeftes begin onderdruk, en nie ‘n gesonde wyse ontwikkel, sy emosies uit te druk en te beheer nie. Dit kan ‘n gebrekkige emosionele intelligensie tot gevolg hê wat sy funksionering in die samelewing kan bemoeilik.

2.6.7.3 Kognitiewe skade

Volgens Jonker (in Swart,1999: 29) is kognitiewe letsels moeilik bepaalbaar asook herstelbaar as gevolg van die hoë vlak van vrees wat die lede ervaar. Die adolessent glo -

- dat ontsnapping vanuit die Satanistiese groep onmoontlik is;
- dat die kultus hom beheer; en
- dat niemand buite die groep vertrou kan word nie

(Swart, 1999: 29).

Sy denke sentreer rondom die vrees dat hy homself nie kan beskerm nie, dat sy familie gevaarlik is en dat die kultus sy enigste ware gesin is. Deur middel van breinspoeling word die indruk geskep dat herinneringe gevaarlik en strafbaar is. Die lede word veral

gebreinspoel om te dink dat leiers van die kultus altyd van enige openbaarmaking van die kultus en sy aktiwiteite bewus sal wees (Swart, 1999: 29).

Die navorser is van mening dat die adolessent sy eie identiteit ten koste van groep assimilasie verloor. Hy word so deel van die groep dat sommige uitsprake in die groep so onkrities aanvaar mag word, hy nie meer duidelike grense tussen hom en die groep handaaf nie. Dit kan aanleiding gee tot introjekte en psigose.

2.6.7.4 Sosiale skade

Joubert (in Swart, 1999: 29) stel dit dat adolessente wat betrokke is by Satanisme, sosialisering met hul ouderdomsgroep moeilik vind. Isolering van hulle familie en vriende, bemoeilik spontane kommunikasie toenemend. Hulle wantrou almal wat nie Sataniste is nie, en ervaar ‘n onvermoë tot emosionele nabyheid (Swart, 1999: 29).

Onder die Satanistiese beheer tegniek van “mind control”, glo die jong kind dat almal buite die groep, selfs hul ouers, gevaarlik is. Die adolessent wat by Satanisme betrokke is, is aan soveel rituele misbruik blootgestel dat dit hul denke en gedragspatrone, hulle identifikasie met en inskakeling by hul portuurgroep bemoeilik (Swart, 1999: 29).

2.6.7.5 Geestelike skade

Adolessente beleef talle geestelike ervaringe tydens Satanistiese rituele. Daar word met bose geeste en met Satan self gekommunikeer. Telepatiese kommunikasie, astrale projeksie, ontmoetinge met ander persone se geeste sowel as geestelike gidse, laai die adolessent met diepgaande geestelike letsels (Swart, 1999: 29). Hulle glo dat:

- Satan sterker is as God en dat hy eendag sal heers.
- Jesus Christus dood is en dat Satan in sy plek opgestaan het.
- God hulle nie kan vergewe nie en hulle nie liefhet nie.
- Alle Christene skynheiliges is.
- God hulle wil straf.
- Hul lewens deur Satan beheer word.
- Hul lewens toegewy aan Satan is.
- Hul geestelike gids hul vriend, helper en familie is.
- Daar bose geeste binne hul is.
- Dat hulle mense om hulle deur middel van vloeke kan vernietig.

- Dat hulle bose geeste opdragte deur middel van rituele kan gee

(Swart,1999: 29-30).

Betrokkendheiheid in Satanisme impliseer om besetenheid as ‘n psigiese toestand wat manifesteer in reaksie op ‘n direkte konfrontasie met die evangelie van Jesus Christus. Dit kan nie in verband gebring word met ‘n sielkundige of medies identifiseerbare toestand nie. Dit bring ‘n persoonlikheidsverwisseling mee, tekens van paranormal vermoëns is te bespeur, en dit hang saam en vloei uit bewuste betrokkenheid by okkultiese praktyke (Cilliers,2003: 87).

Volgens Seale (in Swart, 1999: 30) word ‘n hewige reaksie ontlok wanneer daar ‘n Christelike atmosfeer teenwoordig is, en identifiseer die volgende karaktereienskappe:

- Weerstand teen Christus.
- Weerstand teen gebed tot Christus.
- Weerstand teen die gemeente van Christus.
- Weestand teen godsdienstige voorwerpe byvoorbeeld die Bybel.
- Sintuiglike steurnisse byvoorbeeld ‘n voorval waar ‘n Satanis stom geword het toe hy na ‘n persoon probeer bel het om uit Satanisme vry te kom.
- Liggaamlike simptome wat geneeshere of psigiaters verwar byvoorbeeld bloeddruk wat abnormaal styg of daal of onverklaarbare liggaamspyn.
- Psigiese simptome sluit ondermeer in onbeheersde woede, depressie en angs, selfverwonding, die “tweede persoonlikheid”.
- Parapsigiese simptome sluit bonatuurlike kennis en/of waarnemings in, kennis van vreemde tale wat hulle voorheen nie kon praat of verstaan nie.

(Swart,1999: 30).

Die navorser is van mening dat satanisme die adolessent van geestelike sekuriteit beroof, hom verwar en stroop van hoop en ‘n sinvervulde lewe.

2.8 Algemene riglyne vir professionele terapeute ten opsigte van die hantering van adolessente betrokkenheid in Satanisme

Els en Jonker (2000: 273-275) gee die volgende algemene riglyne ten opsigte van die hantering van adolessente wat betrokke is by Satanisme:

- Begin om ‘n vertrouensverhouding tussen slagoffer en terapeut te bou.

‘n Vertrouensverhoudings sal ontwikkel wanneer die slagoffer die terapeut beleef as iemand wat ‘n mate van kundigheid en “know-how” het; wanneer die terapeut ‘n ontvanklike kommunikasie styl het en nie geskok lyk oor die slagoffer se verhaal nie. Die belangrikste boodskap wat die slagoffer op hierdie stadium nodig het om te hoor is: “daar is hoop en hulp!” Beklemtoon die feit dat die slagoffer die moed gehad het om hulp te begin soek. Handhaaf warmte, vriendelikheid en emosionele ondersteuning en wees nie-veroordelend. Toon vertroue, kundigheid en besorgdheid. Verseker die slagoffer dat sy probleem belangrik is. Moenie sondermeer gevolgtrekkings maak nie of om die probleem te identifiseer aan die slagoffer te verduidelik (Els en Jonker, 2000: 273).

- Handhaaf oop kommunikasie en luister:

Vir enige Satanis is dit besonders moeilik om hulp te soek. Wanneer hy hulp soek, het hy iemand nodig wat onbevooroordeeld is, en nie rigied is nie. Die klem in die sessie behoort te val oor waarom hy in die eerste plek by Satanisme betrokke geraak het. Identifiseer die kern probleem voordat die proses verder verloop (Els en Jonker, 2000: 273).

- Evalueer die realiteit:

Hoe ernstig is die slagoffer om los te kom van die greep van Satanisme? Beleef hy tydelike ongemak en pyn of is hy werklik ernstig? Waak teen instemming tot die handhawing van vertroulikheid, indien die slagoffer selfmoordneigings toon (Els en Jonker, 2000: 273).

- Bepaal die intensiteit:

Hoe sterk is die slagoffer se emosies tans? Is die slagoffer bloot net ontsteld, is daar selfmoordneigings of beleef hy ‘n ernstige krisis? Wees empaties en plaas voortdurend klem op die slagoffer se verhaal. Ondersteun die slagoffer om deur sy gevoelens ten opsigte van die gebeure te werk (Els en Jonker, 2000: 273).

- Neem die persoon ernstig op:

Moenie die intensiteit van die slagoffer se verhaal onderskat nie. Hy/sy kan kalm voorkom, terwyl ernstige spanning beleef word. Op hierdie stadium moet niks wat die slagoffer sê ligtelik opgeneem word nie. Elke bepaalde emosie of klagte van die slagoffer is geweldig belangrik vir hom (Els en Jonker, 2000: 274).

- Normaliseer die krisis:

Elke persoon kan op die een of ander stadium beleef dat sy lewe buite beheer is.
'n Slagoffer van Satanisme kan dit so intens beleef dat hy selfdestruktief word (Els en Jonker, 2000: 274).

- Vra die regte tipe vrae:

Een van die eerste vrae wat gevra kan word is: "Waarom nou? Wat het jy beleef wat maak dat jy wil opgee?" Hierdie vraag verskaf noodsaaklike inligting aan die terapeut in verband met sy ondersteuningsisteem, voorkomingstrategieë wat voorheen gewerk het, spesiale omstandighede, die mate van wanhopigheid, watter vorm van hulp nie aanvaarbaar is nie, en 'n indruk van die slagoffer se persepsie teenoor die werkliheid van die situasie.

Die volgende tipe vraag gee aan die terapeut die geleentheid om hoop aan die slagoffer te kommunikeer en om 'n fokus vir die toekoms te ontwikkel: Watter sterk punte, talente en vaardighede het jy wat jou instaat kan stel om jou drome te verwesenlik? Indien die slagoffer antwoord dat hy geen het nie, begin om hom bewus te maak van sy sterk punte as persoon en dat geen situasie totaal en al hopeloos is nie (Els en Jonker, 2000: 274).

- Bepaal en mobiliseer die ondersteuningsisteme:

Het die slagoffer voldoende innerlike hulpbronne om hom deur die krisis te dra? Oorweeg rasionele en intellektuele meganismes en geestelike geloofsisteme (Els en Jonker, 2000: 275).

Is daar enige individu wat betekenisvol in die lewe van die slagoffer is? Is daar iemand wat hy graag by hom sal wil hê? Wat hou hom aan die lewe? (Els en Jonker, 2000: 275).

- Neem aksie:

Gee aan die slagoffer iets om aan vas te hou, iets wat aan hom die moed sal gee om aan te hou. Hoe meer spesifiek dit is, hoe groter is die kans dat die slagoffer dit sy eie wil maak. Slegs ‘n klein persentasie van slagoffers wil regtig selfmoord pleeg. Hulle soek eintlik ‘n rede om te leef. Verseker die slagoffer dat hy iets van waarde verkry het, deur oor sy probleme te praat. Help die slagoffer om te besef dat hy regtig iets het om voor te leef. Vra aan hom wat hy in sy lewe sou wou verander, indien hy die geleentheid het daartoe. Wat het hy nodig om dit te bereik? Fokus op ‘n verandering in houding, eerder as ‘n verandering in die situasie (Els en Jonker,2000: 275)

- Behou die fokus:

Indien die slagoffer sou meld dat die krisis verby is, is dit nie noodwendig die geval nie. Die slagoffer beleef waarskynlik aanvanklike verligting. Opvolgsessies is noodsaaklik totdat die slagoffer genoegsaam bemagtig is om beheer oor sy probleem te hê (Els en Jonker, 2000: 275).

- Verleen ‘n ondersteunende afsluiting:

Betrek ondersteuningsisteme wat werklik ondersteunend vir die slagoffer is en hom bystaan (Els en Jonker, 2000: 275).

Els en Jonker (2000: 275) is verder van mening dat terapeute ingelig behoort te word ten opsigte van rituele mishandeling wat gepaardgaan met Satanisme. Slagoffers van Satanisme het ‘n behoefte aan ondersteunende persone in hul lewens wat hul glo en nie hul vir die misbruik blameer nie. Hulle moet bewus gemaak word dat daar persone is wat hulle graag wil help en nie alleen met hulle pyn hoef te worstel nie. Hierdie benadering sluit aan by wat Oaklander (in Blom, 2006: 56) beskryf as die I-thou verhouding waarvolgens die terapeut die adolessent ontmoet waar hy/sy is en in samevloeiing gaan met hom of haar as kliënt en die behoeftes

wat deur hom of haar na die voorgrond gebring word. Volgens Oaklander (2006: 98-99) is die hoof fokus nie soseer op verandering nie, maar om op ‘n nie-veroordelende wyse sy/ haar eie polariteite na vore te bring.

Bogenoemde riglyne is hoofsaaklik gefokus op ‘n situasie, waar die terapeut reeds bewus is dat die adolessent by Satanisme betrokke is. Hoewel dit in die breë terapeutiese opset baie toepaslik en nuttig is, fokus die navorser in hierdie studie op terapeutiese riglyne vir spelterapeute, waar hul dikwels nie bewus is daarvan dat die adolessent by Satanisme betrokke is nie, maar dit in die verloop van die terapeutiese proses aan die lig kom, nadat die adolessent aanvanklik na die terapeut na aanleiding van ander problematiek verwys is.

2.9 Samevatting

In Hoofstuk twee is die ontstaan, ontwikkeling, en invloed van Satanisme op die adolessent bespreek, redes wat die adolessent laat betrokke raak, werwingstegnieke van sataniste asook ‘n aantal algemene riglyne vir die terapeut in die hantering van hierdie problematiek. Dit blyk uit die literatuurstudie dat Satanisme ‘n definitiewe destruktiewe invloed op die adolessent het en ondanks die minimale mediadekking, steeds ‘n wesentlike probleem is, wat as sodanig gehanteer word.

Die hantering van die adolessent binne satanisme is ook binne die Gestalt perspektief toegelig.

In Hoofstuk drie word die adolessensie as ontwikkelingsfase bespreek in verwysing na sy fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale, en sedelike en morele ontwikkeling,

HOOFSTUK 3

ONTWIKKELINGSTADIUM VAN DIE ADOLESSENT

3.1 Inleiding

In hoofstuk twee is gefokus op die historiese oorsig van Satanisme en die negatiewe gevolge wat betrokkenheid by Satanisme vir die adolessent inhou, asook dat professionele persone in die hulpgewende professies soos spelterapeute, nie genoegsame kennis of opleiding het om hierdie probleem effektief te hanteer nie.

In hierdie hoofstuk word adolessensie as ontwikkelingsfase bespreek wat gepaard gaan met belangrike ontwikkelingstake en verandering wat hom of haar vatbaar kan maak vir die invloed van Satanisme.

Volgens Goossens (in Jackson and Goossens, 2007:1) is adolessensie die oorgangstydperk tussen die kinderjare en volwassenheid. Die aanvang van hierdie periode word gekenmerk deur die biologiese veranderings van puberteit, terwyl die afsluiting van hierdie periode gekenmerk word deur die bereiking van volwassenheid. Die afbakening van adolessensie as ontwikkelingsfase word egter nie rigied volgens ouderdom bepaal nie. Adolessensie in die westerse samelewing word dikwels verleng, aangesien die eerste fase van puberteitsontwikkeling soms op ‘n vroeër ouderdom plaasvind en talle individue langer finansieël van hul ouers afhanklik bly (Goossens, 2007: 1). In Suid-Afrika kan dit toegeskryf word aan faktore soos tersiêre studie en ‘n baie moeiliker toetrede tot die arbeidsmark vanwee regstellende aksie en gebrekkige werkskepping.

Navorser stem saam met Swart (1999: 31) wat van mening is dat die hedendaagse adolessent spanning en druk ervaar, as gevolg van die beperkinge wat deur die samelewing aan hom ten opsigte van die uiting van sekere drange en drifte gestel word. Alhoewel die adolessent daagliks deur die media met vrye gebruik van alkohol, seks en pornografie gebombardeer word, is hy emosioneel, en geestelike nog nie opgewasse vir die eise van volwassenheid nie (Swart, 1999: 31).

Barnard (in Swart, 1999: 31) voer aan dat die adolessent juis hierdie spanning ervaar as gevolg van die feit dat hy nie die status van volwassendheid ontvang, wanneer hy reeds die puberteitsveranderinge ondergaan het nie. As gevolg van studies of vak opleiding, wat oor ‘n lang tydperk strek, bly hy ekonomies en in ander opsigte van ander afhanklik, alhoewel hy na onafhanklikheid strewe (Swart, 1999: 31). Volgens Alsaker en Flammer (in Jackson en Goossens, 2007: 42) is die voorkoms van depressie hoër by adolessente as by jonger kinders. Dit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, nie slegs aan die invloed van die puberteitsprosesse nie.

Malm & Jamison (in Swart, 1999: 32) som die adolessent se dilemma soos volg op: “ready for adulthood in body build, in sex development, in interests, in feelings of independence, the youth must conform to the adult’s view of the correct in between status, which may often be repressive and irksome (vermoeiend) and against which he may rebel, or which may lead him putting his adult body and desires to unfortunate uses”.

Volgens Alsaker en Flammer (2007: 44) gaan die spanning wat vroeë puberteit meebring dikwels gepaard met verveeldheid en ongeduld op skool, en gevolglik meer frustrasie. Hierdie adolessente is ook vatbaar vir alkohol en dwelmmisbruik, en ander destruktiewe gedrag. Die adolessent wat betrokke raak by Satanisme is ‘n jong mens in nood en openbaar self-destruktiewe gedrag, deurdat hy nie weet hoe om uit die organisasie te kom nie.(Swart, 1999: 32).

Dit is daarom noodaaklik dat die adolessent wat by Satanisme betrokke is op ‘n omsigtige wyse hanteer moet word. Volgens Els en Jonker (2000: 272) moet die terapeut die adolessent deur sy pynlike emosies na heling begelei. Hierin speel sy spirituele oriëntasie ‘n uiters belangrike rol, aangesien nie net die adolessent se psige nie, maar ook sy gees ter sprake is (Els en Jonker, 2000: 11).

3.2 Adolessensie

3.2.1 Adolessensie ‘n definisie

Adolessensie word deur Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997: 7) gedefinieër as die ontwikkelingstadium wat strek van puberteit tot die bereiking van volwassendheid; in

ouderdom, ongeveer 12 tot 18 jaar vir die vroulike en 13 tot 21 jaar vir die manlike geslag.

Ontwikkelings teoretici beoordeel die adolessente ontwikkelingsfase aan die hand van verskillende uitgangspunte. Hall se beskouing is gebaseer op biologiese teorie. Hall het onderskei tussen vier fases van individuele ontwikkeling, waarvan adolessensie die vierde en finale fase vorm. Dit begin met puberteit wat op ouderdom 13 of 14 in aanvang neem en tot in die twintigerjare strek (Goossens, 2007: 14).
Hall (in Goossens, 2007: 14) is van mening dat die sogenaamde hoër emosies (soos redenering, ware moraliteit, godsdiens, simpatie, liefde en estetiese genot) tydens adolessensie na vore kom. Weens die aard van hierdie emosies beleef die adolessent periodes van emosionele skommeling (Goossens, 2007: 14).

In teenstelling met Hall, het Freud nie ‘n spesifieke rol aan die adolessente ontwikkelingsfase toegeskryf nie. Hoewel Freud vroeër fases naamlik die orale, anale en oedipale fases geïdentifiseer het, het hy nie klem op adolessensie as afsonderlike fase geplaas nie. Psigo-analietiese teorie het veral aanvanklik eerder gefokus op vroeër fases van die ontwikkeling van die individu eerder as onderskeie ontwikkelingsfases van die mens. Freud was wel van mening dat puberteit gekenmerk word deur die ontwikkeling van die volwasse of genitale vorm van seksualiteit (Goossens, 2007: 16).

Latere psigo-analiste soos Anna Freud en Peter Blos het meer volledige teorieë oor adolessensie ontwikkel. Beide Anna Freud en Blos het adolessensie as ‘n afsonderlike ontwikkelingsfase beskou. Hulle het egter verskil ten opsigte van die belangrikste ontwikkelingstaak (Goossens, 2007: 16-17).

Vir Anna Freud was die uiteindelike doel van adolessensie die integrasie van volwasse seksualiteit in die ontwikkellende persoonlikheid. Blos het die wegbeweeg van afhanklikheid na outonomiteit as belangrikste ontwikkelingstaak van die adolessensie beskou (Goossens, 2007: 17).

Sosiale-leer teoretici is van mening dat die adolessent se gedrag tot ‘n sekere mate deur onmiddellike sosiale omgewing beïnvloed word of beklemtoon die rol van die breër sosiale omgewing of die kulturele konteks, waarin die adolessent hom bevind

(Goossens, 2007: 17). ‘n Navorser in hierdie skool, Mead, het in ‘n vergelykende studie tussen adolessente van die VSA en dié van Samoa bevind dat die mate van emosionele skommeling wat adolessente ervaar, tot ‘n sekere mate deur die breër kulturele milieu beïnvloed word.

Freeman wat ook in hierdie area navorsing gedoen het, het egter ander bevindinge as dié van Mead verkry. Freeman was van mening dat Mead nie die Samoaanse kultuur as ‘n geheel en adolessensie in die besonder na behore begryp het nie. Freeman se analise van jeughofsake, het aangetoon dat Samoaanse adolessente ook geweldige emosionele skommelinge ervaar. Dus speel sowel liggaamlike ontwikkeling, as die sosiale milieu ‘n rol in die ontwikkeling van die adolessent.

Kognitiewe teoretici is van mening dat adolessente se gedrag onderlê word deur die kognitiewe veranderings wat meta adolessensie in aanvang neem. Die vernaamste van hierdie teoretici, Piaget, onderskei tussen konkreet operasionele denke van kinders en formeel operasionele denke van adolessente (Goossens, 2007: 18-19).
Prendergast (2008: 2) is van mening dat adolessente ontwikkeling in terme van Gestalt teorie gesien kan word as ‘n evolusie en reorganisasie van wyse van relasie, en die moontlikheid tot interpersoonlike en intrapersoonlike kontak as fundamenteel tot ontwikkeling. Prendergast (2008: 3) voeg verder by dat adolessente komplementerende ontwikkelingsbehoeftes na vore bring wat afgelei is van die fundamentele aard van kontak, naamlik behoeftes van gebondenheid en onderskeid. Volgens Oaklander (2006: 93) gaan die adolssent deur ‘n ontwikkelingsproses wat normaal en noodsaaklik is en voeg by dat die belangrikste ontwikkelingstaak van die adolessent outonomie te bereik en sy/haar eie identiteit te ontwikkel (Oaklander, 2006: 94). Oaklander (2006: 94) wys ook daarop dat elke stadium van ‘n kind se ontwikkeling gepaardgaan met ‘n soeke na die self en die ontdekking van eie grense. Dit is veral by die adolessent noodsaaklik, aangesien hy outonomiteit ten opsigte van sy gesin moet bereik. McConville (soos bespreek deur Oaklander 2006: 94) beklemtoon dat die proses van die ontwikkellende self by die adolessent nie ‘n kognitiewe proses is nie, maar dat sy emosies en sintuie hierin ‘n belangrike rol speel. Oaklander (2006: 111) is verder van mening dat adolessensie dikwels gepaardgaan met polariteite. Die adolessent begeer onafhanklikheid aan die eenkant maar wil aan die anderkant nie die steun van sy of haar

ouers verloor nie. Die adolessent beleef gevolglik dikwels gemengde gevoelens, wat dit moeilik maak om besluite te neem.

3.2.2 Liggaamlike ontwikkeling

Volgens Alsaker en Flammer (2007: 30) gaan adolessensie gepaard met geweldige liggaamlike verandering. Hierdie veranderings is die gevolg van verandering in die hormonale sisteem, maar wissel grootliks in aanvang en duur by individue. Meisies ontwikkel oor die algemeen ‘n jaar en ‘n half tot twee jaar vroeër as seuns.
(Alsaker en Flammer, 2007: 31).

Hierdie liggaamlike veranderinge wat die adolessent ondergaan het ‘n bepaalde invloed op sy sielkundige aanpassing en welsyn. Alsaker en Flammer (2007: 38) is van mening dat faktore soos die adolessent se persoonlikheid en sosiale konteks sy reaksie ten opsigte van die liggaamlike veranderinge kan beïnvloed. Adolessente verskil volgens Alsaker en Flammer (2007: 38) in hul beoordeling van hul eie liggaamlike verandering. Hulle het ook verskillende verwagtings en houdings ten opsigte van puberteit en reageer verskillend op die gepaardgaande uitdagings en stres (Alsaker en Flammer, 2007: 38).

Verder vergelyk adolessente hul ook met hul portuur. Wanneer ‘n adolessent hom of haarself met ander adolessente vergelyk en sy/haar ontwikkeling is laat, kan dit gebeur dat dit ‘n negatiewe impak op selfagting kan hê. Die navorser is van mening dat hierdie negatiewe impak op die selfbeeld van die adolessent, hom of haar vatbaar kan maak vir die invloed van Satanisme wat die belofte van ‘n sin van waarde aan die adolessent bied.

Bewustheid ook ten opsigte van die liggaamlike is ‘n belangrike konsep onderliggend aan die Gestalt teorie (Horn, 2004: 37). Volgens Horn (2004: 56) speel die adolessent se liggaamsbeeld ‘n belangrike rol in die vorming van die ego en sy bewustheid ten opsigte van hulsef en omgewing en is die adolessent wat in kontak met homself is, meer in staat om balans in sy lewe te vorm. Die adolessent se liggaamsbeeld word beïnvloed deur terugvoer van andere ten opsigte van sy uiterlike voorkoms en het ‘n invloed op die vorming van sy selfkonsep (Horn, 2004: 57). ‘n Adolessent wat ‘ngebrekkige selfkonsep het, het ook dikwels ‘n gebrek aan selfgrense en sukkel om nee te sê (Horn, 2004: 58). Meekums (in Horn, 2004: 58) benadruk dat die adolessent se sin van self nie in isolasie ontwikkel nie, maar dat dit binne ‘n verhouding ontwikkel. Dit is daarom belangrik dat die adolessent tydens sy proses van verdere ontwikkeling deur ander gehelp moet word om ‘n gesonde liggaamsbeeld te ontwikkel. Te n einde optimaal te funksioneer en

ekwilibrium te bereik is dit dus volgens die Gestalt teorie belangrik dat die adolessent fisiese en innerlike balans het (Horn, 2004: 55).

3.2.3 Kognitiewe Ontwikkeling

Volgens Lehalle (2007: 71) verwys kognitiewe ontwikkeling na die daaropvolgende vlakke van intellektuele aanpassing, vanaf geboorte tot en met volwassendheid. Dit bestaan uit algemene en geleidelike gekonstrueerde vaardighede, tesame met verskeie prosedures en intellektuele verwerkings wat ‘n individu toepas om ‘n logiese probleem op te los (Lehalle, 2007: 71).

Volgens Piaget verloop kognitiewe ontwikkeling in drie opeenvolgende periodes. Die eerste periode strek vanaf geboorte tot en met vier en twintig maande. Dit behels ‘n progressiewe koördinasie van aksies met die fisiese omgewing. Die tweede periode begin met die ontwikkeling van die vermoë om voorwerpe en aksies deur middel van simbole voor te stel. Hierdie nuwe koördinasie kom voor tussen die ouderdomme van 6 of 7 en 11 of 12 jaar en neem die vorm van konkrete operasionele denke aan (Lehalle, 2007: 71).

Die derde en finale periode behels volgens Piaget formeel operasionele denke. Dit behels ‘n meer abstrakte denkraamwerk (Lehalle, 2007: 71-72). Volgens Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998: 418) word formeel operasionele denke gekenmerk deur die vermoë tot abstrakte denke, hipoteties-deduktiewe denke, reflektiewe abstraksie, interproposionele redenering en kombinatoriese denke. Volgens Inhelder en Piaget (in Lehalle, 2007: 75) gaan adolessensie gepaard met eksperimentele redenering. Dit behels ‘n opeenvolgende fokus op moontlike hipoteses en ‘n eksplisiete beheer van die geïdentifiseerede faktore. Lehalle (2007: 77) beklemtoon dat adolessente daartoe instaat is om onderwerpe of situasies dieper te evalueer. Adolessensie is ook die lewensfase waarin huidige sosiale organisasies bevraagteken word, dit wil sê ook die tradisionele waardes en norme van byvoorbeeld die kerlike milieu waarin die adolessent in opgegroei het. Die bepaalde situasie word geëvalueer in vergelyking met wat vir adolessente die ideaal is, sowel as met ander sosiale sisteme Lehalle, 2007: 79). Navorser is van mening dat elke individu se eie realiteit belangrik is.

Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998: 449) is verder van mening dat die ontwikkeling van die adolessent se kognitiewe vermoëns ‘n bepaalde effek op sekere aspekte van sy of/haar ontwikkeling het:

- Ten eerste die **ouer-kind-verhouding**, wanneer ouers te kontrolerend wil optree kan dit volgens Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998: 450) tot konflik lei, vanwee die adolessent se strewe na outonomiteit. Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998: 450) is verder van mening dat die redes vir die verandering in gedragspatrone by adolessensie waarskynlik verband hou met die volgende:
    - Die biologiese veranderings gedurende puberteit wanneer hormonale afskeidings aanleiding kan gee tot gemoedskommelinge.
    - Kognitiewe veranderings wat aanleiding kan gee tot toenemende bevraagtekening, idealisme en argumentering.
    - Die ontwikkeling van ‘n eie identiteit wat met eksperimentering gepaard gaan.
    - Sosiale ontwikkeling wat toenemend onafhanklikheidswording impliseer.

Die navorser is van mening dat wanneer die ouer-kind-verhouding reeds op ‘n vroeë ouderdom negatief is, konflik tydens adolessensie kan eskaleer en die adolessent na aanvaarding by ander kan soek, wat hom of haar vatbaar kan maak vir die invloed van Satanisme, aangesien Sataniste hul fokus rig op adolessente wat ‘n gebrek aan emosionele sekuriteit ervaar. Volgens die Gestaltteorie beïnvloed die ouer-kind verhouding die proses van organismiese selfregulering of die proses waarby die balans of homeostasie by die kind herstel word. Hierdie proses hang nou saam met die ontwikkeling en bevrediging van die kind se behoeftes. Die kind se sin van self staan sentraal tot hul ontwikkeling. Kinders met ‘n sterk sin van self het nie nodig om van kontakgrens versteurings gebruik te maak om hul behoeftes aan te spreek nie, maar wanneer kinders se vroeë ontwikkeling egter gepaard gegaan het met verwerping en voorwaardelike aanvaarding kan hul van kontakgrens versteurings gebruik maak om hulself te beskerm en behoeftes aan te spreek (Blom, 2006:102).

Volgens Blom (2004: 28) speel die ouers se reaksie wanneer ‘n kind ‘n bepaalde behoefte ervaar ‘n belangrike rol in die wyse waarop die kind hul behoeftes voorentoe

sal hanteer. Wanneer ‘n kind se behoeftes erken word, sal hy waarskynlik gesonde wyses ontwikkel om sy behoeftes aan te spreek. Wanneer die kind se behoeftes egter nie op korrekte wyse erken word nie, kan dit daartoe lei dat hy destruktiewe wyses kan ontwikkel om behoeftes aan te spreek, soos betrokkenheid by ’n destruktiewe subkultuur soos Satanisme vanweë die aanvanklike illusie van aanvaarding (Blom, 2006: 28).

Blom (2006: 107) beklemtoon dat kinders in disfunksionele gesinne dikwels weerhou word om beheer en bemeestering te ontwikkel, wat belangrik is vir die ontwikkeling van ‘n gesonde sin van self. Blom (2006: 107) wys verder daarop dat ouers so rigied kan optree dat hulle kinders nooit die geleentheid gebied word om te eksperimenteer en ontdek nie. Hierdeur gee hul direk of indirek aan hul kinders die boodskap deur dat hulle net aanvaarbaar is as hulle aan sekere vereistes voldoen.
Hierdie boodskappe kan volgens Blom (2006: 107) aanleiding gee tot introjekte, en ‘n negatiewe invloed op hul sin van self, aangesien hul slegs voorwaardelike aanvaarding beleef wanneer hul ‘n spesifieke rol vervul.
Gestalt integrering.

- **Outonomie en gehegtheid**

  Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998: 451) is van mening dat baie van die konflik wat tussen ouer en adolessent ontstaan, verband hou met die adolessent se toenemende strewe na outonomie. Thom et al (1998: 451) is verder van mening dat wanneer ouers uit reaksie op hierdie strewe na outonomie strenger beheer wil toepas, dit tot rebellie by adolessente kan lei. Die navorser is van mening dat te streng kontrole van ouers, adolessente meer vatbaar vir die invloed van Satanisme kan maak, aangesien adolessente mag voel dat hulle te min beheer oor hul lewe het en te veel ingepak word.

- **Ouerskapstyle**

  Volgens Baumrind en Lamborn et al. (in Thom et al, 1998: 452) word die sosiale gedrag van adolessente positief beïnvloed deur ouers wat reëls vir gedrag neerlê. Onbetrokkendheid of afsydigheid word getoon. Wanneer ons bestraffend en afsydig optree. Baumrind (in Thom et al, 1998: 452) identifiseer drie ouerskapstyle wat sowel ‘n invloed op die adolessent se identiteitsontwikkeling as die ontwikkeling van sy sosiale bevoegdheid en

sosiale rypheid uitoefen. Dit is die gesaghebbende, outoritêre en permissiewe style.

In die **gesaghebbende styl**, moedig die ouers die adolessente aan om onafhanklik op te tree binne ‘n raamwerk van sekere beperkings en beheer oor hulle gedrag.
Induktiewe dissipline word toegepas, dit wil sê adolessente word toegelaat om met die ouers te redeneer en die ouers gee redes vir die beperkings wat hulle stel en reels wat hulle neerlê. Die ouers is ook warm en sorgsaam (Thom et al, 1998: 453).

Outoritêre ouerskap is ‘n bestraffende en inperkende styl, waarvolgens die ouers beperkings stel en streng beheer uitoefen. Adolessente word gedwing om volgens die ouers se menings en reëls op te tree en verbale redenering word selde toegelaat. Hierdie tipe ouerskapstyl word met ‘n lae sosiale vaardigheid en/of onbevoegde gedrag geassosieer (Thom et al, 1998: 453).

Permissiewe ouerskap impliseer dat daar geen beheer oor adolessente se gedrag uitgeoefen word nie en hulle hul eie besluite kan neem. Hierdie adolessente toon sosiaal onbevoegde gedrag en min selfbeheer aangesien hulle nooit geleer het om hul gedrag te beheer nie (Thom et al, 1998: 453).

Volgens Thom et al (1998: 453) gebruik die meeste ouers van adolessente ‘n kombinasie van al drie tegnieke. Die navorser is van mening dat wanneer ouers ‘n permissiewe ouerskapstyl toepas, dit adolessente die meeste kwesbaar laat ten opsigte van die bedreiging van Satanisme. Die rede hiervoor is dat ouers weinige of geen noue kontak met die adolessent het nie, en dit die adolessent sonder enige grense laat wat verwardheid en ‘n gebrek aan gebondenheid kan meebring. Dit kan ook die moontlikheid meebring dat die adolessent in gevaarlike situasies of milieus kan beland, terwyl die ouers nie daarvan bewus is nie.

Die navorser is verder van mening dat die outoritêre ouerskapstyl, ook die adolessent vatbaar kan maak vir die invloed van Satanisme. Wanneer ouers te streng teenoor

adolessente optree en hulle nie die geleenheid gebied word om geleidelik outonomiteit te ontwikkel nie, en ouers ‘n gebrek aan warmte toon, kan adolessente verwerping beleef en kan dit tot rebellie lei wat die adolessent kan oop laat vir die invloed van Satanisme. Sataniste spits juis hul aandag toe op adolessente wat verwerping beleef. In terme van Gestalt teorie speel die ouerskapstyl ŉ rol in die vorming van sin van self by die kind. Volgens Blom (2006: 34) kan ŉ ouer/ouers sekere verwagtings van ŉ kind hê maar nie ŉ duidelike grens tussen die kind as afsonderlike persoon handhaaf nie. Wanneer ŉ kind dan nie aan hierdie verwagtinge voldoen nie, word hy op direk of op ŉ subtiele wyse verwerp,wat sy ontwikkeling van sin van self negatief beïnvloed en hom ook onbevredig ten opsigte van sy behoeftes laat.

- **Konformiteit**

Volgens Thom et al (1998: 457) is ‘n kenmerk van adolessente portuurverhoudings die toename in konformering, dit wil sê die geneigdheid om aan sosiale druk toe te gee. Thom et al (1998: 457) is verder van mening dat jong adolessente meer geneig is om te konformeer. Die rede hiervoor is dat jong adolessente baie sensitief is vir die goedkeuring van die portuurgroep en makliker sal konformeer om aanvaar te word. Die navorser is ook van mening dat hierdie geneigdheid tot konformering, ook kan aanleiding gee tot betrokkenheid in Satanisme aangesien adolessente ‘n swak selfbeeld het en wat as ongewild deur hul portuur beskou word, dikwels enigiets sal doen om ook “in” te wees.

3.2.4 Emosionele ontwikkeling

Adolessensie word dikwels met ‘n storm en drang periode geassosieer

In terme van hierdie teoretiese uitgangspunt, is adolessente geneig om -

(a) meer gemoedskommelinge te ervaar;

(b) beleef hulle meer konflik met hulle ouers; en

(c) toon hulle hoër vlakke van afwykende gedrag as ander kinders.

(Goossens, 2007: 52). Goossens (2007: 52) wys egter daarop dat hierdie uitgangspunt nie werklik deur empiriese navorsing ondersteun word nie, en dat die meeste adolessente in werklikheid ‘n positiewe verhouding met hulle ouers ervaar.

Goossens (2007: 52) is wel van mening dat sommige adolessente ‘n groter emosionele skommeling as ander ervaar, veral ten opsigte van negatiewe affek. Navorsing toon aan dat sommige adolessente, veral jonger adolessente meer geneig is om negatiewe affek te ervaar. Ook Thom et al (1998: 439) is van mening dat die storm en drang persepsie oordrewe is, maar wys wel daarop dat adolessente sekere emosionele veranderings ondergaan vaweë hul liggaamlike, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Goossens (2007: 53) identifiseer ‘n aantal potensiële faktore wat kan bydra tot die negatiewe affek wat dikwels deur vroeë adolessente ervaar word:

- Puberteitsontwikkeling

Navorsing toon aan dat daar nie ‘n sterk relasie is tussen puberteitstatus of tydsbestek en vroeë adolessensie is nie. Daar is egter ‘n bepaalde verskil ten opsigte van die die twee geslagte. Hoewel geen insiggewende relasie onder meisies gevind is nie, toon navorsing wel dat seuns wat vroeër ontwikkel, meer positiewe affek en selfvertroue ervaar (Goossens, 2007: 54). Die navorser is van mening dat die verskil tussen puberteitstatus by seuns, seuns wat vanweë laat ontwikkeling negatiewe effek kan ervaar en met ‘n swak selfbeeld sukkel, kwesbaar kan wees ten opsigte van betrokkenheid in Satanisme, aangesien Satanisme ‘n gevoel van mag verleen aan adolessente wat hierby betrokke raak.

- Kognitiewe ontwikkeling

Die kognitiewe veranderings wat ‘n adolessent ondergaan kan ook volgens Goossens (2007: 54) ‘n gedeeltelike verklaring bied vir die ouderdomsveranderings in die ervaring van negatiewe emosies. Wanneer adolessente die stadium van formeel operasionele denke bereik, is hulle instaat om meer abstrak ten opsigte van hul eie ervarings te dink. Kinders is geneig om gebeure aan die hand van die konkreet, onmiddellike situasie te evalueer, terwyl adolessente op ‘n meer komplekse wyse gebeure evalueer. Adolessente is instaat om veelvoudige vlakke van betekenis en teenstrydighede te erken, wat hul probleme erger laat voorkom as dié van kinders
(Goossens, 2007: 54).

- Belangrike lewensgebeure

Volgens Goossens (2007: 54) kan die verhoogde negatiewe emosionaliteit van adolessente, ook gedeeltelik aan die invloed van belangrike lewensgebeure in hul lewe toegeskryf word. Analises van die belangrikste lewensgebeure in adolessente se lewens, toon aan dat jong adolessente meer negatiewe gebeurtenisse as kinders ervaar. Hierdie negatiewe gebeure vind meestal in konteks van die gesin, portuurgroep en skool plaas (Goossens, 2007: 54). Die navorser is dit eens met Goossens dat vroeë traumatiese of negatiewe ervarings in die lewe van die adolessent, tot negatiewe emosie, ‘n lae selfbeeld en destruktiewe gedrag kan aanleiding kan gee.

Dit is veral gebeurtenisse soos ouerlike verwaarlosing, mishandeling en verwerping, en verwerping van die portuurgroep , wat volgens die navorser hiertoe aanleiding kan gee.

- Interaktiewe kontekste

Goossens (2007: 55) is ook laastens van mening dat negatiewe emosies in adolessensie, ervaar word in die konteks van sosiale verhoudings. Meer spesifiek, die prosesse van emosionele oordrag wat in die gesin plaasvind. Negatiewe affek wat deur ouers ervaar word, word dikwels na hul kinders en adolessente oorgedra (Goossens, 2007: 55).

3.2.5 Sosiale Ontwikkeling

Volgens Swart (1999: 44) is dit belangrik om in ag te neem dat al die aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik liggaamlike, kognitiewe, seksuele, sosiale, morele en identiteitsontwikkeling, binne ‘n bepaalde sosiale konteks plaasvind. Wanneer die adolessent verhoudings met die sosiale gemeenskap vorm, tree sy selfidentiteit na vore. Die adolessent het bewuste aanvaarding van sy selfidentiteit bereik en hierdie groter bewustheid van sy reëele self bring mee dat hy die moontlikheid van konflik sien. Die rede hiervoor lê in die verskil tussen sy verskynende self en die bestaande sosiale orde (Swart, 1999: 44).

Thom (in Louw 1992: 432) is van mening dat benewens liggaamlike, kognitiewe en morele rypheid moet die adolessent ook sosiale rypheid ontwikkel. Die bevoegdheid van die adolessent om die ontwikkelingstake wat hiermee verband hou te hanteer,

sal in ‘n groot mate deur sy liggaamlike en kognitiewe rypheid bepaal word asook deur die volgende sosiale faktore:

- Die kompleksiteit of vlak van modernisering van die samelewing waarin die adolessent opgroei.
- Die kenmerke van sy subkultuur en die houdings en gedrag van die samelewing teenoor hierdie subkultuur
- Die gesinstruktuur en die invloed van die ouers.

Vrey (in Swart, 1999: 44) is dit eens dat die belangrikste persone in hierdie sosiale konteks van die adolessent sy ouers en sy portuurs is. Die gesin, buiten godsdienstige instellings, is die enigste instelling wat formeel in alle samelewings ontwikkel word en as basisstruktuur van die gemeenskap dien (Swart, 1999: 44).

Pretorius (in Swart, 1999: 44) kom tot die konklusie dat die gesin by uitstek die plek is waar behoeftes en moontlikhede vervul word. Die kind leer deur sy gesinsopvoeding sy menslike omgewing ken, wat sosiaal aanvaarbaar en onaanvaarbaar is betreffende gedrag, houdinge en lewensopvattinge en bied die ervaring van persoonswarmte, liefdevolle, intieme en konsekwente-betroubare verhoudinge (Swart, 1999: 44).
Toereikende opvoeding tot volwassewording impliseer volgens Pretorius (in Swart, 1999: 45) ook begeleiding tot behoeftevervulling. Maslow se behoeftehiërargie word in die verband as model gebruik, waarvolgens die fisieke, veiligheids, sosiale en self-behoeftes, kulmineer in die uiteindelike behoefte aan selfaktualisering. Die adolessent kan slegs tot behoeftevervulling kom deur kommunikasie in ‘n intieme ek-jy-verhouding
(Swart, 1999: 45).

Een van die kardinale kenmerke van die adolessent se verhouding met sy ouers, is volgens Swart (1999: 45) die strewe na onafhanklikheid, selfvertroue en outonomie. Hierdie strewe gee dikwels aanleiding tot konflik tussen ouers en kind. Die adolessent stel hoë eise aan sy ouers. Die ouers se besluite word beproef, terwyl die kinders geleidelik onafhankliker van hul ouers word (Swart, 1999: 45).

Volgens Pretorius (in Swart, 1999: 45) beïnvloed die spesifieke ouerskapstyl wat ouers volg, ook die ontwikkeling van die adolessent. Dit beïnvloed die ontwikkeling van die adolessent se sosiale bevoegdheid en sosiale rypheid. ‘n Gesaghebbende ouerskapstyl beïnvloed die adolessent positief, en hy toon sosiaal aanvaarbare gedrag en selfstandigheid. ‘n Outoritêre styl bring rebellie en sosiaal onaanvaarbare gedrag mee. Ook die permissiewe styl word met onaanvaarbare sosiale gedrag geasssosieer, vanweë ‘n gebrek aan ouerlike kontrole (Swart, 1999: 45).

Thom et al (1998: 452) sluit hierby aan deur die belangrike rol van gehegtheid met ouers te beklemtoon. Volgens Thom et al (1998: 452) gee gehegtheid aan adolessente ‘n veilige basis waarvandaan hulle hul wêreld kan ondersoek en die toenemende eise kan bemeester. Die navorser is dit eens en is van mening dat ‘n sterk gehegtheid tussen ouers en die adolessent, tesame met oop kommunikasie, kan verhoed dat die adolessent onder die destruktiewe invloed van Satanisme kom.

Volgens Swart (1999: 45) speel ouerskapstyle en gesinsdinamiek ‘n merkbare rol in die sosiale ontwikkeling van die adolessent. Die adolessent wat nie veiligheid en koestering in sy gesin beleef nie kan in opstand teenoor sy ouers se waardes en beperkinge kom. Hy reik toenemend na sy portuurgroep uit in sy soeke na sin en betekenis. Satanisme bied aan die adolessent ‘n sosiale omgewing waarbinne al sy behoeftes vervul word.

‘n Valse sin van beheer en mag is deel van hierdie omgewing, wat baie aanloklik vir die adolessent vertoon wie se ouers nie toeganklik is nie (Swart, 1999: 45).

Volgens Swart (1999: 45) is die tweede belangrike komponent in die sosiale ontwikkeling van die adolessent sy portuurgroep. Dit bied aan die adolessent, wat ‘n dringende behoefte het om “ te behoort”, ‘n belangrike interpersoonlike kontak buite die gesin. Dit voorsien in ‘n groot mate in sy emosionele behoeftes, dien as ‘n bron van inligting en bied geleentheid vir sosialisering (Swart, 1999: 45).

Swart (1999: 46) is verder van mening dat elke lid van die portuurgroep, net soos met ander sosiale strukture, ‘n bepaalde rol en status het. Volgens Gouws en Kruger (1999: 46) word alle populêre adolessente deur die groep aanvaar. Leiers is egter nie noodwendig die populêre adolessente nie, maar die wat in staat is om dit te doen wat vir

die groep belangrik is of om dinge wel gedoen te kry. Nie alle adolessente word egter in die bogenoemde normale ontwikkeling van die portuurgroep opgeneem en aanvaar nie. Adolessente wat geen selfvertroue het nie, teruggetrokke, senuweeagtig, skaam, selfgesentreerd, taktloos, sarkasties en aggressief is, word nie onvoorwaardelik deur die portuurgroep aanvaar nie (Swart, 1999: 46).

Ook Thom et al (1998: 457) wys op die belangrike invloed wat konformiteit of te wel die neiging om aan sosiale druk toe te gee, in portuurverhoudinge van die adolessent speel. Thom et al (1998: 457) beklemtoon ook dat die adolessent se ouderdom, spesifieke behoeftes en die situasie die mate van konformiteit beïnvloed word. Jong adolessente is meer geneig om te konformeer as ouer adolessente. Die rede hiervoor is dat jong adolessente baie sensitief is vir die goedkeuring van die portuurgroep en dus konformeer om aanvaar te word. Verder het hulle nog nie genoegsame selfvertroue en onafhanklikheid ontwikkel om hulle eie keuses uit te oefen nie (Thom et al, 1998: 457).

Thom et al (1998: 458) is verder van mening dat hoewel ‘n sekere mate van konformering sekere voordele vir die adolessent inhou, kan oormatige konformering die adolessent se identiteitsontwikkeling en afhanklikheidsontwikkeling nadelig beïnvloed. Oormatige konformering kan onder andere daartoe lei dat adolessente by hoë risikogedrag soos voorhuwelikse seks, die gebruik van nikotien, alkohol en ander dwelmmiddels, en waaghalsige en antisosiale gedrag betrokke raak (Thom et al, 1998: 458). Die wil hierdie standpunt ondersteun en die mening uitspreek dat adolessente wat reeds in Satanisme betrokke is, ook ander kan beïnvloed om deel te word van hierdie destruktiewe subkultuur.

Swart (1999: 46) beklemtoon die rol van die portuurgroep verder deur daarop te wys dat die adolessent te midde van sy portuurgroep veilig voel, en dit vir hom belangrik is om deur hulle aanvaar te word. Hegte vriendskappe hou vir die adolessent bepaalde voordele in. Dit help hulle om die stres van adolessensie te hanteer, verhoed vereensaming en isolering, help die adolessent met sy selfkonsepvorming en eerlike kommunikasie met sy vriende help die adolessent om homself te leer ken en om sensitiwiteit vir ander se behoeftes te ontwikkel (Swart, 1999: 46).

Volgens Connor (in Swart, 1999: 46) is ongewilde adolessente dikwels emosioneel ontwrig, behep met hulself en toon hulle ‘n negatiewe selfbeeld. As gevolg van verwerping deur die groep neem hulle sosiale isolasie toe en hulle selfvertroue verminder. Dit kan ook aanleiding gee tot skolastiese en gedragsprobleme. Die adolessent word deur Sataniste geteiken. Hulle bied aan hom ‘n “groep” wat hom onvoorwaardelik aanvaar, asook mag om die groep wat hom verwerp het, terug te kry. Die aanslag van Satanisme is egter nie beperk tot bogenoemde adolessent nie (Swart, 1999: 46-47).

Satanisme word volgens Swart (1999: 47) aan die hedendaagse adolessent voorgehou as die “in”-groep Dit is belangrik dat die ouer en die kind voortdurend rondom die keuses van vriende kommunikeer. Dit is belangrik om daarop te let dat ‘n adolessent wat vriende uit ‘n negatiewe subkultuur kies, makliker konformeer en teen sy ouers se waardes in opstand kom (Swart, 1999: 47).

Volgens Swart (1999: 47) lees sommige adolessente okkultiese literatuur, word kentekens verkoop as modebykomstighede en talle van die okkultiese gebruike word beskou as die heersende mode. Die magtigste wapen wat Satan gebruik is misleiding (Swart, 1999: 47). Hierdie feit word ook deur die Bybel in 2 Korintiërs 11: 13-15 bevestig: “ Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulle self verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ‘n engel van die lig.”

Die adolessent wat in sy soeke na aanvaarding, dikwels met sy portuurgroep konformeer, word so deur die Satan mislei. Die belangrikheid van behoort aan ‘n groep, erkenning kry en aanvaar word, die verwerwing van ‘n groepsidentiteit wat aan die individu ‘n gevoel van eie waarde gee, word deur Sataniste gebruik as troefkaarte in hul werwing van adolessente. Satanisme bied aan die adolessent ‘n “veilige hawe”, en alternatiewe, maklike waardes wat veral op die self en sy liggaam se behoeftes gerig is (Swart, 1999” 47).

3.2.6 Identiteitsontwikkeling, selfkonsep en selfagting.

Erikson beskou identiteitsvorming as een van die belangrikste take van die adolessente lewensfase. Hy het die vestiging van ‘n identiteit as ‘n belangrike stap

in die ontwikkeling van ‘n produktiewe en gelukkige volwassene beskou. Die vermoë tot identiteitsvorming impliseer volgens Erikson dat die adolessent oor basiese vertroue, outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid moet beskik om die take wat gedurende identiteisvorming vereis word, suksesvol deur te voer (Thom et al, 1998: 430).

Identiteitsontwikkeling impliseer dat adolessente moet definieer wie hulle is, wat vir hulle van belang is, asook die koers van hulle lewens. Erikson verwys na hierdie identiteitsontwikkeling as ‘n identiteitskrisis, dit wil sê ‘n tydelike periode van verwarring waartydens adolessente eksploreer, bestaande waardes bevraagteken en met alternatiewe rolle eksperimenteer ten einde ‘n eie stel waardes en doelstellings te ontwikkel. Hierdie eksperimentering, eksplorering en bevraagtekening dui volgens Erikson geensins op ‘n negatiewe ontwikkeling nie, maar op ‘n wyse waarop die adolessent ‘n persoonlike en sosiale identiteit vorm (Thom et al, 1998: 431).

Erikson is ook van mening dat die identiteitsvormingsproses behels dat die adolessent potensiële volwasse rolle en waardes inoefen, en dit wat vir hom onvaanpas is verwerp. Dit is volgens Erikson van die allergrootse belang dat samelewings die adolessent ruimte moet bied om rol eksperimentering te beoefen, en nie hierdie eksplorering as afwykende gedrag te ettiketeer nie. Hierdie negatiewe ettiketering kan daartoe lei dat die adolessent daarop fokus om afwykend op te tree (Alsaker en Kroger, 2007: 101).

Die selfkonsep en selfagting staan in noue relasie tot persoonlike identiteit. Volgens Alsaker en Kroger (2007: 100) verskaf beide konstrukte ‘n antwoord op wie ‘n persoon is. Daar is egter ‘n belangrike verskil, volgens Baumeister (in Alsaker en Kroger, 2007: 100-101) verwys selfkonsep na die beskrywing van jouself, terwyl identiteit na die definisie van jouself verwys. Alsaker en Kroger (2007: 93) onderskei ook tussen die selfkonsep en selfagting. Terwyl die selfkonsep as ‘n beskrywing van die self beskou kan word, kan selfagting beskou word as ‘n evaluering van die self en selfwaarde. Dit kan ook beskou word as ‘n houding teenoor die self Alsaker en Kroger, 2007: 93).

Harter (in Alsaker en Kroger, 2007: 97) is van mening dat persepsies van vaardigheid aan die een kant en die goedkeuring van ander ‘n geweldige invloed op die selfagting van die adolessent kan hê. In hierdie verband verwys Alsaker en Kroger (2007: 97) sentrale areas in die ontwikkeling van die adolessent wat ‘n impak op sy selfagting kan hê, naamlik die skool, puberteitsontwikkel en negatiewe portuurverhoudings.

- **Die skool**

Volgens Alsaker en Kroger (2007: 97) hou skoolprestasie as sodanig nie ‘n sterk verband met globale selfevaluering nie. Daar is egter ‘n sterker verband tussen verwagte en verkrygde skoolprestasie. Dit is ook volgens Alsaker en Kroger (2007: 97) belangrik om in ag te neem dat die skool ‘n sterk ervaring van vermoë of onvermoë kan bied, wat van die aller grootse belang vir die adolessent se gevoel van selfwaarde is (Alsaker en Kroger, 2007: 97).

- **Puberteitsontwikkeling**

Volgens Alsaker en Kroger (2007: 98) is adolessente baie besorg oor hulle voorkoms en beïnvloed hul liggaamsbeeld en die mate van puberteitsontwikkeling hul selfagting.

Adolessente se selfagting en selfbeeld word veral negatief beïnvloed, wanneer hulle volgens hulle nie die ideale liggaamsbou in vergelyking met hul portuur het nie, of hulle ‘n agterstand het ten opsigte van puberteitsontwikkeling
(Alsaker en Kroger, 2007: 98).

- **Negatiewe portuurervarings**

Alsaker en Kroger (2007: 98) wys daarop dat negatiewe ervarings soos viktimisering en verwerping wat adolessente in interaksie met hul portuurgroep beleef, ‘n geweldige impak op hul selfagting kan hê.

Die navorser is dit eens dat negatiewe portuur ervarings, veral waar dit verband hou met verkleinering deur ander portuurslede omdat die adolessent byvoorbeeld ‘n

agterstand ten opsigte van puberteit het, en vikttimesering en afknouery ‘n negatiewe impak op die adolessent se selfagting kan hê. Hierdie ervarings kan ‘n gevoel van ongewildheid by die adolessent skep en ‘n negatiewe selfbeeld tot gevolg hê. So ‘n adolessent kan makliker by Satanisme betrek word, vanweë sy gevoel van magteloosheid aangesien hy in Satanisme mag beloof word wat hy kan gebruik om diegene terug te kry wat hom van persoonlike beheer beroof het. Dit is egter belangrik om te meld dat ‘n adolessent se godsdienstige waardesisteme ook ‘n rol speel by betrokkenheid in Satanisme al dan nie. ‘n Adolessent by wie godsdienstige waardes goed gevestig is, sal moeiliker hierby betrokke raak as een by wie verwarring bestaan.

3.2.7 Sedelike/Morele ontwikkeling

3.2.7.1 Morele ontwikkeling

Adolessensie is volgens Lehalle (2007: 118) ‘n kritiese periode van toenemende sosiale ervaring, die bepaling van eie persoonlike denke, die uitbreiding van identiteitdskeuses veral ten opsigte van ideologie, en die opbou van abstrakte kognitiewe vaardighede. Hierdie prosesse het ‘n indiepte transformasie em inter-individuele differensiasies in die morele domein tot gevolg (Lehalle, 2007: 118).

Thom et al (1998: 464) sluit by hierdie seining aan, en is van mening dat adolessente se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, en ‘n persoonlike waardestelsel riglyne vir hulle gedrag kan verleen en kan help om sosiaal- en moreel-verantwoordelike gedrag te openbaar. Thom et al (1998: 464) is verder van mening dat adolessente, ten einde ‘n persoonlike waardestelsel te ontwikkel, bestaande waardes bevraagteken, besluit watter waardes vir hulle toepaslik is en hierdie waardes in ‘n eie persoonlike waardestelsel inkorporeer.

Volgens Kohlberg kan die morele ontwikkeling van die adolessent aan die hand van ses stadiums of fases aangedui word. Hierdie stadiums kan in twees, in drie algemene vlakke gegroepeer word, te wete die prekonvensionele vlak, die konvensionele vlak en die post-konvensionele vlak (Lehalle, 2007: 119).

Op die **prekonvensionele** vlak baseer individue hul besluite en optrede op die moontlike gevolge wat dit kan inhou, soos om te behoort of straf. Op die **konvensionele**

vlak word kollektiewe norme en verpligtinge, onderliggend tot die keuse in ag geneem. Die **postkonvensionele** vlak behels ‘n progressiewe fokus op morele beginsels waaraan ‘n persoon gehoor moet gee, selfs al druis dit teen kollektiewe norme en huidige wetgewing in (Lehalle, 2007: 119). Laasgenoemde vlak van morele ontwikkeling kan aan die volgende voorbeeld geïllustreer word, in ‘n samelewing waar die gebruik van sekere dwelmmiddels soos dagga gewettig is, sal ‘n persoon op hierdie vlak nie self dagga op grond van sy godsdienstige of morele waardes gebruik nie.

Hierdie vlakke van morele ontwikkeling hou volgens Thom et al (1998: 465) verband met die stadia van kognitiewe ontwikkeling. Die konvensionele vlak hou byvoorbeeld verband met die vermoë tot konkreet-operasionele denke, terwyl formeel-operasionele denke noodsaaklik is om die vlak van post-konvensionele moraliteit te bereik. Die bereiking van ‘n sekere stadium van kognitiewe ontwikkeling waarborg egter nie dat die individu die vlak van moraliteit sal bereik wat met daardie stadium van kognitiewe ontwikkeling geassosieer word nie (Thom et al,1998: 465). Die navorser is van mening dat ‘n persoon se geestelike waardesisteem ook ‘n bepalende invloed op sy morele ontwikkeling kan hê, aangesien dit ‘n bron van hoër moraliteit kan wees.

Thom et al (1998: 465) is verder van mening dat dit nie moontlik is vir ‘n persoon om enige vlak van morele ontwikkeling oor te slaan nie, en dat nie almal die hoogste vlak van morele ontwikkeling bereik nie. Dit bleik volgens Thom et al (1998: 465) dat prekonvensionele moraliteit gedurende die kinderjare bereik word. Die meeste adolessente en volwassenes ontwikkel nie verder as die konvensionele vlak nie, terwyl slegs ‘n geringe aantal volwassenes post-konvensionele moraliteit bereik (Thom et al,1998: 466).

Thom et al (1998: 471) bespreek ook ‘n aantal faktore wat adolessente se morele ontwikkeling kan beïnvloed, naamlik kognisie, ouerlike houdings en optrede, interaksie met portuur, godsdiens en sosio-ekonomiese status.

- **Kognisie**

  Verskeie kenmerke van formeel-operasionele denke speel ‘n rol in die ontwikkeling van ‘n persoonlike waardestelsel. Byvoorbeeld , die vermoë om ‘n hipotese te vorm, dit te ondersoek en te toets, sekere afleidings te maak en abstrak te dink, stel

adolessente instaat om verskeie alternatiewe waardes te oorweeg en dit rasioneel te ondersoek. Formeel-operasionele denke stel adolessente ook in staat om die sosiale omgewing en kwessies in verband met moraliteit op nuwe en andersoortige maniere te ondersoek en te interpreteer as wat gedurende die middelkinderjare die geval was (Thom et al, 1998: 472).

- **Ouerlike houdings en optrede**

Of morele waardes tydens adolessensie geïnternaliseer word, hang volgens Thom et al (1998: 472) in ‘n groot mate van adolessente se verhouding met hulle ouers af. Ouers wat warm en liefdevol is, goeie modelle vir morele gedrag is en induktiewe dissipline tegnieke gebruik, sal waarskynlik die ontwikkeling van morele rypheid by hulle adolessente kinders bevorder (Thom et al, 1998: 472).

- **Interaksie met portuur**

Piaget was van mening dat interaksie tussen portuurslede- waar hulle met verskillende morele sienings konfronteer, morele ontwikkeling bevorder.’n Aantal studies het ook bevestig dat indien adolessente geleenthede het om morele kwessies te bespreek, hulle dikwels tot hoër vlakke van morele redenering ontwikkel. Interaksie met ander portuurslede speel ook ‘n rol in die ontwikkeling van outonomie ten opsigte van morele denke (Thom et al, 1998: 473). Hoewel die navorser in ‘n mate saamstem met Thom et al, is hy tog van mening dat nie alle portuur interaksie positief bydra tot die morele ontwikkeling van die adolessent nie. Wanneer ander lede van die portuurgroep tot ‘n negatiewe subkultuur soos Satanisme behoort, kan hulle ander adolessente tot negatiewe moraliteit en selfs misdadige optrede beïnvloed.

- **Godsdiens**

Volgens Thom et al (1998: 473) kan adolessente se houdings teenoor godsdiens ‘n wesentlike invloed op hulle morele gedrag en ontwikkeling uitoefen.. Godsienstige jeudiges, in teenstelling met nie-godsdienstige jeugdiges, toon byvoorbeeld groter morele verantwoordelikheid; hulle sien hul toekoms en dié van die mensdom as voorspelbaar en seker; hulle is minder angstig en ervaar meer sekuriteit; hulle

identifiseer in ‘n groot mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag en voorhuwelikse gelagsgemeenskap, alkohol en dwelmgebruik kom minder voor. (Thom et al, 1998: 473). Weereens verskil die navorser in ‘n mate hier met Thom et al se standpunt en is van mening dat die inhoud en aard van ‘n godsdiens ook ‘n bepalende invloed op die morele ontwikkeling en standaard van adolessente het. ‘n Adolessent wat by Satanisme betrokke is, is meer geneig om destruktief op te tree, en ervaar hoër vlakke van angs en vrees. Hy ervaar ook ‘n gevoel van hopeloosheid, en misbruik ook dikwels dwelmmiddels.

‘n Goeie voorbeeld van die destruktiewe invloed wat ‘n godsdiens soos Satanisme op die morele ontwikkeling van die adolessent kan hê, is die onlangse geval soos berig deur beide Pretoria News en die Beeld van 19 en 20 Augustus 2008 by ‘n Krugersdop hoërskool, waar ‘n adolessente seun ‘n ander adolessent met ‘n swaard aangeval en gedood het. Die kind het volgens getuies nie opgetree soos hy normaalweg optree nie, dit het voorgekom asof hy onder die invloed van iets verkeer. Hy het ook met ‘n vreemde stem gepraat. Daar is ook aanduidings dat die swaardhou wat hy die ander adolessent toegedien het, met geweldige krag moes geskied het, aangesien die swaard se lem stomp was. Hierdie spesifieke adolessent was ook besonders klein van porstuur vir sy ouderdomgroep en kon dus nie van nature so ‘n harde hou toedien nie, wat die vermoede versterk dat hier ‘n geval van demoniese besetenheid ter sprake is. Die polisie het objekte wat aan Satanisme gekoppel word in hierdie adolessent se kamer gevind, onder andere ‘n Oujabord en ‘n toordery boek.

Koch (1986: 47-48) beklemtoon dat demonese besetenheid gepaard gaan met ‘n vreemde stem of stemme, sowel as met bonatuurlike krag. Els en Jonker (2000: 141) verwys ook na die destruktiewe invloed van Satanisme op die morele ontwikkeling van die adolessent soos volg:

- Hy besit ‘n swak oordeel oor werklikheid en onwerklikheid, reg en verkeerd.
- Hy toon swak sosiale gedrag.
- Skielike emosionele veranderings vind by hom plaas.
- Hy oor-identifiseer met die negatiewe of destruktiewe temas in “heavy” of “black metal” musiek.

- Hy toon Skisofreniese an paranoiese kenmerke.
- Hy toon psigopatiese gedrag;
- en toon ‘n klaarblyklike genot daarin om ander te beseer.

- **Sosio-ekonomiese status**

In sy oorsig van transkulturele studies van morele ontwikkeling, het Snarey bevind dat persone uit die middelkas meer geneig is om die hoër vlakke van morele redenering te bereik as persone uit die laer sosio-ekonomiese klasse (Thom et al, 1998: 473). In die Suid-Afrikaanse studie van Tudin et al is egter bevind dat, hoewel 42% van die navorsingsrespondente uit ‘n laer sosio-ekonomiese klas afkomstig was, 50% van hulle op ‘n hoër vlak van morele ontwikkeling was. ‘n Verklaring van hierdie teenstrydige bevinding is volgens navorsers geleë in die feit dat die blootstelling van die respondente aan politieke en sosiale kompleksiteite waarskynlik die effek van sosio-ekonomiese status het (Thom et al, 1998: 473).

3.2.7.2 Geestelike/Godsdienstige ontwikkeling

Volgens Van den Aardweg & Van den Aardweg (in Swart, 1999: 39) is godsdiens ‘n geestelike verbintenis of verhouding wat tussen mense en die transendente bestaan. Dit impliseer mense se begrip ten opsigte van hul oorsprong en bestaan, en die uiteindelike bestemming van die heelal. Volgens Engelbrecht et al (in Swart, 1999: 39) begin die adolessent reeds vanaf 12 jarige ouderdom meer abstrak en minder konkreet oor religieuse aangeleenthede dink.

Waar die jong kind sy ouers se waardes, norme en godsdiens kritiekloos aanvaar, stel kognitiewe ontwikkeling die adolessent in staat om godsdiens meer rasioneel en krities te beskou. Die adolessent beweeg vanaf ‘n konkrete vlak van kognitiewe vaardigheid tot ‘n vlak waar geestelikheid verstaan word. Die adolessent wil nou sy godsdienstige waardes wat hy sonder meer aanvaar het, ook kognitief krities benader (Swart, 1999: 39).

Omdat die godsdienstige ontwikkeling van die adolessent volgens Barnard (in Swart, 1999: 40) gekenmerk word deur ‘n sterk skuldgevoel sowel as die belewing van twyfel, is die wyse waarop godsienstige of geestelike waardes aan die adolessent oorgedra

word belangrik. Die seun en dogter ervaar hul geestelike bewuswording ook verskillend. Die seun wil godsdiens verklaar, teoretiseer en samehangend begryp. Die dogter ervaar haar geestelike ontwikkeling as totaliteit. Sy is meer intuïtief ingestel en ontvankliker (Swart, 1999: 40).

Hoewel die navorser dit grootliks eens is met Barnard, is hy tog van mening dat die adolessent se persoonlikheidstipe ook ‘n bepaalde rol speel in hoe hy of sy geestelike bewuswording beleef en hanteer. Sommige adolessente seuns is meer emosioneel ingestel as ander. Die navorser is verder van mening dat ‘n adolessent se kerklike tradisie ook hier ‘n rol kan speel. Adolessente wat in ‘n Pinkster/Charismatiese tradisie opgegroei het, sal sterker fokus op emosionele belewenis, as adolessente uit ander kerklike tradisies, aangesien daar in hierdie tradisie ‘n sterker klem op emosionaliteit as in ander tradisies geplaas word. König (2006: 414) verwys na hierdie verskil in tradisies as spiritualiteit en definieër dit soos volg: “Spiritualiteit verwys na die soort of tipe vroomheid of geloofsbelewing. Dit verwys na die algemene manier waarop mense hulle geloof beleef en die Here dien” König (2006: 415) onderskei ook tussen drie tipes spiritualiteite naamlik Gereformeerd, Evangelies en Pinkster/Charismaties. In die Gereformeerde spiritualiteit word daar nie soveel nadruk op persoonlike belewing en persoonlike bekering geplaas nie, terwyl daar in die Evangelise spiritualiteit sterker klem geplaas word op die mens se verantwoordelikheid om gered te word. In die Pinkster/Charismatiese spiritualiteit word daar weer ‘n sterker klem geplaas op emosionaliteit (König, 2006: 416-418).

Langeveld (in Swart, 1999: 40) sluit by Barnard se seining aan deur daarop te wys dat godsdienstige ontwikkeling nie ‘n loutere spontane rypingsproses is nie, maar dat die taktvolle begeleiding deur ‘n volwassene ‘n groot rol speel. Onsimpatieke of verkeerde begeleiding deur ‘n volwassene kan bykans onherstelbare skade aan ‘n adolessent se hele wese aanrig.

Volgens Engelbrech et al (in Swart, 1999: 40) kan dit gebeur dat die adolessent in sy soeke na eie waarheidservaring op godsdienstige gebied, aanvanklik alles wat hy tot nou toe kritiekloos geglo het, met een slag verwerp. Dit is noodsaaklik dat ouers hul adolessent se geestelike behoeftes ken en begryp ten einde te verseker dat hy wel later

weer hierdie geestelike waarhede wat hy tydelik verwerp het, as eie innerlike waarhede ervaar.

Die navorser is nie soos Barnard (in Swart, 1999: 40) van mening dat die adolessent se godsdiens belewing ongebalanseerd is nie, maar eerder dat hy in ‘n kritiese ondersoekfase is, gepaardgaande met talle onsekerhede wat hy wil uitklaar. Die navorser is dit wel eens met Barnard (in Swart, 1999: 40) dat die adolessent wel dikwels besig is met ‘n kritiese selfondersoek, wat soms nadelig op hom kan inwerk.

Godsdiens neem ‘n belangrike plek in die lewe van die adolessent in. Dit help hom om die betekenis en sin van die lewe te begryp. Dit gee hom ‘n besef van waardes, van persoonlike verhoudinge en verpligtinge. Dit lei tot die vorming van onselfsugtige diens en dit help die adolessent in die verkryging van selfbeheersing en selfdissipline. Godsdiens bied dus aan die adolessent ‘n basis of anker in sy lewe. Sosiale beïnvloeding en invloede van die samelewing speel ‘n toenemende rol in geestelike vorming van die adolessent. Met die toename van pornografie, dwelms, losbandige lewenswyses asook okkultiese deelname en die afname in gesinseenheid, word die geestelike ontwikkeling van die adolessent toenemend deur die waardes van die samelewing beïnvloed (Swart, 1999: 40).

Ontoereikende morele en geestelike ontwikkeling gee aanleiding tot jeugmisdaad, seksuele permissiwiteit en die misbruik van dwelms en drank (Swart, 1999: 40). Terselfdertyd word die aanslag van Satanisme juis geloods op die adolessent wat twyfel oor die egtheid van die godsdiens wat sy ouers aan hom geleer het. Die adolessent wat emosioneel van sy ouers vervreem is, vind dit moeilik om hul waardes en norme sonder meer te aanvaar. Aan hierdie adolessent bied Satanisme mag en vryheid om sy behoeftes as jong mense te akkommodeer (Swart, 1999: 40).

3.3 Samevatting

Adolessensie kan beskou word as die tydperk van ontwikkeling, tussen die kinderjare en volwassendheid. Die liggaamlike, kognitiewe, emosionele, identiteits, sosiale, morele en geestelike ontwikkeling vind binne ‘n bepaalde sosio-ekonomiese konteks plaas.

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing het ‘n sterk invloed op die ontwikkeling en funksionering van die adolessent, wat nog in ‘n proses van eie identiteitsvorming is en onseker en oorweldig kan voel. Morele verval, politieke en ekonomiese druk, asook gebrekkige gesinsverhoudinge, maak die soeke van die adolessent na sin en betekenis in sy groei na volwassendheid toenemend moeilik. Die aanslag van Satanisme is juis gefokus op die soekende en kwesbare adolessent.

In Hoofstuk vier word die evaluering van inligting verkry uit die vooraf literauurstudie, in samehang met die ontleding van data wat uit die empiriese navorsing verkry is, bespreek.

Aan die hand van bogenoemde evaluering, word ten slotte riglyne aan die spelterapeut verskaf oor fokuspunte waar om hierdie komplekse probleem in die terapeutiese situasie te hanteer.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSPROSES EN NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese navorsing en bevindinge bespreek. Alvorens die navorsingsbevindinge bespreek word, word'n oorsig verskaf van die navorsingsproses en prosedure wat gevolg is. In die literatuurstudie van die voorafgaande hoofstukke is die agtergrond ten opsigte van die ontwikkeling van die probleem, wat aanleiding gegee het tot die navorsingsvraag bespreek. In Hoofstuk 1 is die aard en omvang van die probleem, die motivering vir die studie, die soort navorsing en die navorsingsdoelwitte bespreek. In Hoofstuk 2 is die historiese ontwikkeling van Satanisme en die invloed daarvan op die adolessent bespreek. In Hoofstuk 3 is aandag geskenk aan dolessensie as ontwikkelingsfase en die verskeie ontwikkelingsareas van die adolessent, asook hoe betrokkenheid by Satanisme hierdie ontwikkelingsareas van die adolessent moontlik kan beïnvloed.

Die vraag is dus hoe moet

4.2 Doel en doelwitte van die navorsing

4.2.1 Doel van die navorsing

Fouché en De Vos (2005:104) beskryf die doel van navorsing as eindresultaat,wat die navorser beoog om met die navorsing te bereik, terwyl die doelwitte verwys na die meer konkrete en meetbare aspekte van hierdie doel.

Volgens Fouché (2005:116) dien die probleemformulering as die effektiewe vertrekpunt, terwyl die navorsingsdoel en doelwitte die navorsingsprobleem meer verfyn en spesifiseer. Die doelwitte van die studie moet spesifiek, duidelik en bereikbaar wees (Fouche, 2005:116).

Die doel van hierdie studie was om riglyne te ontwikkel waarbinne die spelterapeut adolessente kan bystaan wat slagoffers van okkultverwante geloofspraktyke, in die besonder satanisme, was.

4.3.2 Doelwitte van die navorsing

Die volgende doelwitte is vervolgens geïdentifiseer:

- Om ‘n teoretiese verwysingsraamwerk daar te stel waarbinne satanisme as okkultverwante geloofspraktyk, beskryf en verken kan word..

Hierdie doelwit is bereik deur vanuit'n omvattende literatuurstudie, voorafstudie met kenners van die okkulte en semi-gestruktrueerde onderhoude met'n gewese satanis die fenomeen van satanisme te verken en te beskryf binne die konteks waarin dit fugureer.

- Om deur middel van ‘n verkenning ‘n profiel van n adolessent wat as slafoffers van okkultverwante geloofspraktyke, in die besonder satanisme, was saam te stel ten einde te bepaal watter toepaslike komponente in ‘n riglyn opgeneem moet word.

Hierdie doelwit is bereik deurdat die navorser vanuit semi-gestruktrueerde onderhoude met'n voormalige slagoffer van satanisme ten opsigte van sy eie belewenis die ervaring van sulke slagoffers kon beskryf en ook die profiel van adolessente wat slagoffers is te kon identifiseer.

- Om riglyne en gevolgtrekkings te ontwikkel wat as aanbevelings aan spelterapeute beskikbaar te stel.

Hierdie doelwit is bereik deurdat die navorser daarin kon slaag om'nvanuit omvattende literatuurstudie, konsultasie met kenners ten opsigte van die okkulte, sowel as met kenners van die Gestalt benadering, tot terapie en vanuit die empiriese navorsing nuttige riglyne vas te stel en gevoltrekkings te maak wat as aanbevelings aan spelterapeute beskikbaar gestel kan word.

4.4 Navorsingsvraag en eenheid van analise vir die studie

Mouton (in Fouché De Vos, 2005:104) beskryf die eenheid van analise as die “wat” van die studie. Watter objek, fenomeen, entiteit, proses of gebeurtenis deel vorm van die studie. Hierdie eenheid van analise kan volgens Mouton (in Fouché en De Vos, 2005:104) individue, groepe, organisasies, inrigtings, sosiale aksies en gebeure, kulturele objekte en intervensies wees. In hierdie betrokke studie is die eenheid van analise die bestudering van die adolessent wat betrokke is in satanisme.

Ten einde te bepaal hoe die doel van die studie bereik sal kan word, is dit ook nodig om na aanleiding van die eenheid van ontleding ‘n spesifieke navorsingsvraag te formuleer. Volgens Fouché en De Vos (2005:103) bepaal drie faktore die wyse waarop die navorsingsvraag geformuleer word, naamlik die eenheid van analise, die navorsingsdoel en die benadering ten opsigte van navorsing wat gevolg word. In hierdie studie fokus die navorser op verkennende navorsing, aangesien die navorser poog om insig te verkry in die hantering van die adolessent wat betrokke geraak het in satanisme (Fouché en De Vos, 2005:106).

Volgens Fouché en De Vos (2005:106) kan die behoefte na hierdie tipe navorsing ontstaan weens ‘n gebrek aan basiese inligting ten opsigte van ‘n fenomeen. Navorsers soos Emerson en Syron (1995:146), en Els en Jonker (2000:11) is van mening dat terapeute dikwels onseker is hoe om adolessent wat betrokke is in satanisme te hanteer. ‘n Geskikte navorsingsvraag vir hierdie studie sou dus wees:

“WAT SAL DIE MEES GESKIKTE KOMPONENTE VIR ‘N HANTERINGSRIGLYN AAN SPELTERAPEUTE WEES OM ADOLESSENTE BY TE STAAN WAT SLAGOFFERS VAN OKKULTVERWANTE GELOOFSPRAKTYKE, IN DIE BESONDER SATANISME, WAS”

4.5 Navorsingsmetodologie

Vanuit hierdie navorsingsvraag is dit duidelik dat ‘n spesifieke metode vir navorsing gevolg moes word. Die navorsingsmetode toepaslik vir hierdie navorsing moes verkennend en beskrywend wees ten einde die vraag sinvol te kon beantwoord.

In hierdie studie maak het die navorser gebruik gemaak van ‘n strategie van grond teorie, die skepping van ‘n teorie wat meer gebaseer is op waarneming as afleiding (Fouché, 2005:270).

Data insameling, analise en teorie staan dus in ‘n wederkerige verhouding (Fouché, 2005:270). Die navorser begin nie met ‘n teorie of hipotese nie, maar met ‘n area van studie, en dit wat relevant is tot die studie, kom geleidelik aan die lig. ‘n Stel van

sistematiese data insamelingsprosedures word toegepas (Fouché, 2005:270). Hierdie data insamelingsprosedures is gekenmerk deur -

(a) ‘n sterk klem op die gebruik van literatuur en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur wat ‘n teoretiese verwysingsraamwerk gebied het.

(b) empiriese proses wat gekenmerk is deur data-insameling deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges en toepaslike persone in praktyk (waaronder ‘n adolessent wat ‘n slagoffer van okkultverwante geloofspraktyke was).

Die navorsingstrategie word verder gekenmerk deur ‘n verkennende en beskrywende ontwerp. Die verkennende ontwerp word gekenmerk deur karaktertrekke te identifiseer wat betrekking het tot die ontwikkeling van insig in ‘n situasie op probleem. In hierdie geval die beperkings wat bestaan in die daarstelling van ‘n hanteringsriglyn aan spelterapeute wat met adolessente binne die konteks van okkultverwante praktyke toegepas is.

4.6 Uitvoerbaarheid van die studie

Dit is egter nodig om te noem dat die veld wat betree is, ‘n geslote navorsingsterrein was. Die navorser moes binne die konteks van vertroulikheid handel – geheimhouding oor optrede, gedrag en omvang was kenmerkend van hierdie navorsingsveld wat die uitvoerbaarheid van hierdie studie tot ‘n groot mate bemoeilik het.

4.7 Literatuurstudie.

Marshall en Rossman (in Fouché, 2005:117) is van mening dat in die geval van ‘n kwalitatiewe studie, ‘n literatuurstudie aan die volgende vereistes moet voldoen:

- ‘n Aanduiding van die studie se bydra tot die kennisbasis van die dissipline.
- Die identifisering van leemtes wat deur die studie gevul kan word.
- ‘n Aanduiding te gee van verwante navorsing wat die studie ondersteun.

Uitgebreide literatuurondesoeke oor ‘n tydperk van drie jaar waarbinne die hele spektrum van okkultverwante praktyke, satanisme, adolessensie en gestalt terapeutiese hulpverlening bestudeer is, het ‘n basiese onderbou aan die navorser verskaf waarbinne die navorsing voltooi kon word.

4.8 Kriteria vir die seleksie van respondente

Die respondent vir hierdie studie is geselekteer aan die hand van nie-waarskynlike doelgerigte steekproeftrekking (De Vos, 2005: 328) Die kriteria vir seleksie was dat die respondent ‘n gerehabiliteerde satanis moes wees, wat gedurende sy adolessensie aktief by Satanisme betrokke was.

Die navorser het ook vooraf met verskeie kenners ten opsigte van die okkulte gekonsulteer ten opsigte van die uitvoerbaarheid van die studie en die voorkoms en aard van die problematiek. Verskillende kenners op die gebied van die adolessente satanisme is genader en tussen twee en drie onderhoude is met elk gevoer ten einde te kon vasstel wat die problematiek is waarop gefokus moes word. Selektering van die kenners het plaasgevind volgens die sneeubal tegniek. Geheimhouding selfs by die kenners was aan die orde van die dag. Een kenner het die naam van die volgende kenner bekend gemaak

Slegs een kenner was bereid om v orige adolessent betrokke by satanisme te identifiseer. Hierdie persoon is genader en in gestruktureerde onderhoude betrek. Hierdie fase was noodsaaklik ten einde die vrae soos deur die kenners geformuleer te kon toepas. Kontak met die persoon het plaasgevind totdat al die geformuleerde vrae deur die persoon beantwoord is.

Kriteria vir insluiting van kenners in die voorstudie was:

- Dat hulle beraders/ terapeute was wat in ’n radius van 200 kilometer vanaf die Universiteit van Pretoria moes praktiseer en woon.
- Dat hulle betrokke moes wees in berading en/of bediening van adolessente wat betrokke was by satanisme.

Vanuit die voorstudie het dit geblyk dat adolessente Satanisme steeds ‘n wesenlike probleem in die samelewing is, en dat die huidige klimaat van morele verval bydra tot hierdie probleem. Die respondente was ook van mening dat dit noodsaaklik is dat hulp aan die betrokke adolessent hulp op fisiese, emosionele en geestelike vlakke vereis, aangesien sy totale funksionering hierdeur geraak word. Daar moet dus op ‘n holistiese wyse hulp verleen word. Die respondente het ook die belangrikheid van ‘n multi-professionele spanbenadering beklemtoon, aangesien die

kompleksiteit van die probleem vaardige insette van professionele persone wat met verskillende fasette van die adolessent se funksionering werk vereis, dit wil sê medici, sielkundiges, pastorale werkers en someer.

Die voorstudie is opgevolg deur semi-gestruktrueerde onderhoude met ‘n gerehabiliteerde satanis wat tydens adolessensie by Satanisme betrokke was. Hierdie respondent is gerehabiliteer en werk onder adolessente as evangelis. Toegang tot hierdie respondent is verkry aan die hand van ‘n verwysing deur een van die respondente in die voorstudie. Die navorser het die respondent verseker van vertroulikheid en anonimiteit en het hom ingelig oor die aard en die doel van die studie, ten einde ingeligte toestemming te verkry. Tydens die eerste onderhoud is gefokus op sy subjuktiewe belewenis tydens sy betrokkenheid in Satanisme. Tydens die opvolg onderhoud is gefokus op sy insigte ten opsigte van die tipiese profiel (kenmerke soos beskryf in hoofstuk twee) van adolessente wat hierby betrokke is, die terapeutiese hantering van hierdie adolessente en voorkomende riglyne aan ouers en terapeute.

4.P Etiese aspekte..

. Die navorser het alle respondente vooraf telefonies of per e-pos in ge lig aangaande die doel van die studie, die prosedure wat gevolg sou word en oor die gevolge en ook verseker van anonieme deelname.

Alle respondente is deur die navorser van vertroulikheid verseker, asook dat hulle daarop gegeregtig is om vrywillig deel te neem aan die ondersoek.

4.10 Verkryging van data

4.10.1. Soort Navorsing

Die navorser het in hierdie studie gefokus op ‘n fenomologiese studie, ten einde die problematiek (adolessente Satanisme) beter te begryp, asook om vas te stel hoe dit gehanteer behoort te word in die terapeutiese situasie. Die navorser het met professionele persone gekonsulteer wat met hierdie problematiek werk, ten einde insig vanuit hul ervaring in die hantering van probleem te verkry om riglyne aan ander spelterapeute deur te gee. Satanisme is n veel meer komplekse problematiek as ander problematiek as wat normaalweg binne die terapeutiese opset aangespreek

word en buite die opleidingskader van die spelterapeut val. Die kriteria vir seleksie word onder 4.9 volledig bespreek.

. 4.10.2. Wyse van dataverkryging

Data is verkry aan die hand van selfgekonstrueerde vraelyste, wat in semi-gestruktrueerde onderhoude gebruik is. Die onderhoude is ook deur middel van audio-laser skywe opgeneem.

4.11 Empiriese navorsingsbevindinge

4.11.1 Bespreking van navorsingsbevindinge

- Die semi-gestruktrueerde onderhoude met die respondent het geskied aan die hand van selfgekonstrueerde vraelyste, waarvan vraelys een gefokus het op die respondent se persoonlike ervaring tydens sy betrokkenheid by satanisme, terwyl vraelys twee gefokus het op die respondent se insigte ten opsigte van die profiel van adolessente wat hierby betrokke is, asook ten opsigte van terapeutiese hulpverlening aan adolessente wat by satanisme betrokke is. Die doel van hierdie vraelyste was eerstens om deur middel van ‘n verkenning ‘n profiel van adolessente wat as slafoffers van okkultverwante geloofspraktyke, in die besonder satanisme, was, saam te stel ten einde te bepaal watter toepaslike komponente in ‘n riglyn opgeneem moet word Daar is gefokus om riglyne te vind wat prakties en uitvoerbaar is gegewe die bepaalde problematiek.

Navorsingsvraelys 1

1) Wat het hy daaruit gekry?

Ek het geld by hulle gekry wat ek baie nodig gehad het omdat ek arm was. Ek het meer afhanklik van myself geword. Ek het geleer hoe om te manipuleer. Ek het demoniese mag verkry en het geleer van rituele en hoe om vloeke te plaas.

2) Hoe het Satanisme sy lewe verander?

Dit het my ‘n bitter persoon gemaak wat vol hoogmoed is. ‘n Mens word baie eensaam. Ek was baie kwaad. Ek het iemand geword wat God haat.

3) Het hy ander mense daarby betrek?

Ja, ek het.

4) Het dit sy familie geraak?

My ma-hulle het geweet ek het betrokke geraak, maar hulle was nie seker wat dit was nie. Ek het meer verwerping van hulle beleef.

5) Het dit sy vriende geraak?

Ek is veral deur kerkmense verstoot wat my eers vertrou het.

6) Het dit sy werk/skool geraak en hoe?

Ek is standard ses uit die skool nadat ek hoëpriester geword het.

7) Hoe het hy tyd gekry daarvoor?

My ma en pa was geskei, so ek het baie rondgeloop.

8) Was hy getrou in die uitvoering van die satanistiese rituele?

Ja, voor ek getroud is en hulle vir my gevra het om my eersteling te offer.

9) Wat het die ander sataniste gedoen?

Hulle het dikwels rituele uitgevoer, maar nie enige iemand kon aan ‘n offer deelneem nie, jy moes eers ‘n tyd lank gedien het.

10) Was hy ooit bang?

Die eerste tien jaar was ek nie, maar ek het baie twyfel in my gemoed gehad.

11) Was dwelms betrokke?

Ja, alkohol en dwelms was betrokke, maar dit was jou keuse of jy dit wou gebruik.

12) Was die offer van diere betrokke?

Ja, ons het katte, hoenders, varke en donkies geoffer.

13) Was seks betrokke?

Ja, daar was altyd orgies. Dit het deel uitgemaak van die Sataniese kalender. Party jong meisies het hulleself vrywillig beskikbaar gestel om geoffer te word.

14) Was mensemoord ter sprake?

Ja, ons het doodgemaak vir offers.

15) Was hy gewapen met voorwerpe wat ander mense kon skade aandoen?

Nee, maar ek het altyd vyf gids demoniese magte tot my beskikking gehad.

16) Het hy in homself geglo?

Ek het meer in die duiwel geglo.

17) Was daar ‘n hiërargie betrokke, met ander woorde het mense range gehad in die okkultiese groep?

Ja, daar was diegene met hoër range wat opdragte gegee het.

18) Hoe lank was hy daarby betrokke?

Omtrent so twintig jaar.

19) Was hy self soms bang?

Ek het meer doubts gehad.

20) Het hy soms dinge gedoen wat hy weet verkeerd was?

Ja, sommer duisende.

21) Toe hy die verkeerde dinge gedoen het, het hy soms daaraan gedink dat dit verkeerd was?

Ja, ons het geweet dat dit verkeerd was.

22) Het die Sataniste as groep saamgewerk?

Ja.

23) Het hulle soms planne beraam om hul bose kragte teen byvoorbeeld kinders in te span (of enige ander groep soos egpare, oumense ensovoorts).

Ja, ons het dikwels ingeluister by gesprekke by kerke om maniere uit te dink om hulle aan te val. Ons het ook dikwels ontmoetings gehad om demone uit te stuur. Ons het ook meisies uitgestuur om kerke te infiltreer en om leraars se huwelike op te breek.

24) Kan jy die ritueel beskryf wanneer hulle hul kragte saamgesnoer het?

Ons het dikwels astrale projeksie toegepas, dit wil sê ons geeste het uit ons liggame gegaan om mense af te luister.

25) Sou jy sê dat hulle daarin geglo het?

Ja, alles

26) Hoe het hulle die krag van Satan ingeroep?

Ons het verskillende rituele toegepas onder andere bloed rituele.

27) Het hy in iets gemanifesteer?

Ja , ek het eenkeer by ‘n tentkerk deur middel van demone tydens die diens veroorsaak dat daar ‘n groot wind was wat die tent opgewaai het.

28) Het hy bemoeienis gemaak met die groep wat sy kragte ingeroep het?

Nie hyself nie, maar wel demone, ek is ook soms aangeval en gemartel. In 2001 is ek gegryp en vir ‘n week lank gemartel.

Deel Twee wat by n volgende sessie hanteer is.

29) Wat het die draaipunt in sy lewe veroorsaak?

Die dag toe my oudste dogter gebore is en ek haar geboorte koord gesny het, en hulle aan my gevra het om haar te offer. Ek kon nie dit doen nie. Ek het ‘n begeerte gehad na iets beters. Die Here het ook met my gepraat.

30) Was hy daarna bang?

Ja, ek was bang.

31) Waarvoor was hy bang?

Ek het bang geword vir hulle, omdat hulle gedreig het om my dood te maak.

32) Wie het hom gehelp om die deurbraak te maak?

Dit was ‘n evangelis wat my gehelp het en baie vir my gebid het. Hennie Brits het my ook gehelp en ek het vir drie jaar berading by hom ontvang. Ek het ook in hierdie tyd vir ‘n operasie gegaan om voorwerpe uit my liggaam te verwyder.

33) Wie is nou sy steunstelsel?

Ek kry baie ondersteuning by my plaaslike gemeente, veral deur die Bybelskool.

34) Is daar nog iets waarvoor hy bang is ?

Ek was baie bang vir my familie se veiligheid weens die fisieke aanslae wat op hulle geloods is. Geestelik is ek nie bang nie.

35) Wat probeer hy vermy om nie weer daarmee betrokke te raak nie?

Ek het die liefde van Jesus ervaar. Dit was ‘n life-changing experience en het nie ‘n begeerte om weer betrokke te raak nie.

36) Wat wil hy vir mense sê om hulle teen satanisme te beskerm?

Ek wil mense waarsku teen drugs, alkohol, rock musiek, orgies waardeur ‘n mens ingetrek kan word. Mense moet ook versigtig wees waar baie van hierdie dinge beskikbaar is. Wicca is ook ‘n deur na Satanisme. Die New Age beweging is ook baie subtiel. Kerke behoort aktiwiteite vir tieners te reël om kinders besig te hou om verveeldheid te voorkom en moet kinders met die Woord toerus om hulle te beskerm.

Navorsingsvraelys 2

1. Hoe lyk die tipiese profiel van ‘n adolessent wat by Satanisme betrokke raak?

Dikwels kinders wie se ouers baie ryk is, maar ook kinders wat kwesbaar is, kinders wat arm of verwaarloos of mishandel is. Kinders wat tekorte het. Ryk kinders het meer voordeel, omdat hulle gebruik word om ander kinders te lok.

2. Hoe behoort ‘n professionele persoon soos ‘n spelterapeut hierdie adolessent in die terapeutiese situasie te hanteer?

Betoon empatie en onvoorwaardelike aanvaarding. Moet hom nie minderwaardig laat voel nie, maak hom bewus dat hy potensiaal het. Maak hom bewus dat die Here werklik vir hom lief is.

3. Is u van mening dat verskillende vorme van terapeutiese spel en tegnieke in die behandeling van so ‘n adolessent gebruik kan word? Indien tegnieke of spel wel gebruik kan word, behoort direkte of indirekte tegnieke gebruik te word?

Tekeninge kan hulle geïntimideerd laat voel, laat hulle eerder skryf, byvoorbeeld ‘n gedig, want hulle is bang om te praat. Dit is beter om indirekte of oop tegnieke te gebruik want hulle mag dalk dink dat jy hulle wil uitvang. Jy moet hulle verseker dat jy hulle graag wil help.

4. Hoe belangrik is ‘n spanbenadering in die hantering van so ‘n adolessent, en watter professionele persone behoort by so ‘n span ingesluit te word?

Dit is baie belangrik om ‘n pastoor/predikant te betrek wat ‘n agtergrond van satanisme het. ‘n Mediese dokter behoort ook betrek te word, veral waar curse pins ter sprake is. Dit moet verkieslik ‘n christelike dokter wees.

5. Behoort ‘n terapeut in geval van ‘n verwysing totaal van die terapeutiese proses te ontrek, of is dit belangrik om deel te bly van die terapeutiese proses?

Dit is belangrik om deel te bly van die proses, aangesien jy sy vertroue gewen het. Jy moet hom help tot hy sterk genoeg is.

6. Hoe belangrik is opvolg/nasorg?

Dit is baie belangrik om hom deur die counselling te vat en hom vaardighede te leer. Dit is belangrik om hom vir ten minste ‘n tydperk van drie jaar op te volg, want daar

moet seker gemaak word dat hy stabiel is en sterk genoeg is om op sy eie te kan staan.

7. Watter riglyne kan u aan terapeute en ouers gee om adolessente se betrokkenheid by Satanisme te voorkom?

    - Monitor hulle internet toegang, lig hulle in oor die gevare van rock musiek.
    - Maak hulle bewus van wie hulle in Jesus Christus is.
    - Hulle moet op die regte wyse opgevoed word in die woord.
    - Help hulle om op die regte pad te wees, deel die evangelie met hulle.
    - Lig hulle in oor die gevare van dwelm en alkoholmisbruik, asook oor losbandige seksuele gedrag.
    - Waarsku hulle oor die gevare van homoseksualiteit en lesbianisme.
    - Wees baie oop met jou kinders, moenie skaam wees om met hulle te deel nie.
    - Leer hulle dat hulle versoekings kan teëkom en hoe om dit te hanteer.
    - Huisgodsdiens is baie belangrik.
    - Groei saam met jou kinders en leer ken hulle.
    - Moet hulle nie veroordeel nie.
    - Laat hulle weet dat hulle potensiaal het en gee positiewe terugvoer.
    - Maak jou kinders jou eie.
    - Wees bewus van wat in jou kinders se lewe aangaan.
    - Respekteer jou kinders.
    - Bly lief vir jou kinders en bid vir hulle.

4.11.2 Evaluering van navorsingsbevindige

Die navorsingsresultate wat tydens hierdie studie verkry is, het die volgende aan die lig gebring:

- Ten eerste dat satanisme steeds ‘n hedendaagse bedreiging vir die welsyn van die adolessent inhou en op ‘n wyer basis as wat algemeen aanvaar word. Nie net die adolessent wat verwaarloos of mishandel is word hierdeur geraak nie, maar adolessente wie se ouers welgesteld is word dikwels gewerf, aangesien hul invloed gebruik kan word om ander te werf deur middel van die gee van geld en ander noodsaaklikhede.

  Die ouer-kind verhouding kom ook ter sprake aangesien adolessente wat ‘n swak verhouding met een of albei ouers het, of verwaarloos of mishandel is, kwesbaar vir die invloed van Satanisme kan wees.
- Die internet speel ook ‘n belangrike rol in die kontakmaking en werwing van nuwe lede. Dit is daarom noodsaaklik dat ouers hul adolessent se

toegang tot die internet moet kontroleer aangesien adolessente dikwels via die internet Satanistiese of Wicca webblaaie kan besoek, waardeur hulle in Satanisme betrokke kan raak.

- Dit is belangrik om op die invloed van sekondêre faktore soos dwelm- en alkoholmisbruik te let, alhoewel dit nie sommer meer tot betrokkenheid tot Satanisme lei nie, is alkohol en dwelmmiddels dikwels by sommige klubs beskikbaar, waar lede gewerf word.
- Seksuele promiskuïteit is ook ‘n faktor wat as lokaas gebruik word, maar adolessente gebonde kan laat. Dit is daarom baie belangrik dat ouers gesonde seksuele opvoeding aan hul kinders moet gee en hul teen die gevare van seksuele losbandigheid moet inlig.

Ouers behoort ook te let op die soort musiek waaraan hul adolessent blootgestel word, aangesien rock musiek ‘n invloed op betrokkenheid kan hê, aangesien adolessente se denke beïnvloed.

*Wat die ouer-kind-verhouding in die algemeen betref, is dit belangrik dat ouers ‘n oop verhouding met hul kinders moet hê. Oop kommunikasie kanale is noodsaaklik sodat die adolessent kan voel dat hy met sy ouers oor belangrike sake kan gesprek voer. Ouers moet bewus wees van wat in hulle kinders se lewe aangaan, wie hul vriendekring is, wie hulle besoek en van hul alledaagse aktiwiteite.

* Ouers moet ook onvoorwaardelike aanvaarding en liefde teenoor hul kinders betoon en hul bemagtig vir die lewe.

* Ten opsigte van die terapeutiese situasie is dit belangrik om te begryp dat die hantering van adolessente Satanisme ‘n meer omvattende holistiese benadering vereis as ander problematiek. Die spelterapeut behoort dus genoegsame geestelike kennis, insig en vaardighede te hê om die situasie doeltreffend te kan hanteer.

* Bepaalde aanpassings in die terapeutiese situasie is ook van kardinale belang, vanwee die rol wat die vestiging van ‘n vetrouensverhouding tussen die terapeut en hierdie adolessent speel.

* Adolessente wat betrokke geraak het in Satanisme, is dikwels baie wantrouig teenoor ander en kan sommige tegnieke beleef as ‘n poging om hulle uit te vang. Dit is veral wanneer geslote projeksies of direkte tegnieke gebruik word, wanneer hierdie adolessente dit as bedreigend kan ervaar. Hulle ervaar geweldige vrees dat ander hul kwaad wil aandoen, aangesien hulle dikwels deur ander sataniste met die dood gedreig word indien hul die beweging sou verlaat. Dit is daarom belangrik dat die terapeut die adolessent van vertroulikheid sal verseker, en te alle tye ‘n houding van onvoorwaardelike aanvaarding en empatie sal toon.

*Hoewel geslote projeksies nuttig in assesering kan wees, is dit meer wenslik om oop projeksies of indirekte tegnieke in terapeutiese handeling met hierdie adolessente te gebruik.

* Dit is ook belangrik dat die terapeut deel bly van die terapeutiese proses, selfs na verwysing, aangesien die terapeut die aanvanklike persoon was wat die vertroue van die adolessent gewen het, en vertroulikheid in die slag sal bly indien hy of sy van die proses sal onttrek.

*Betreffende ‘n professionele spanbenadering is dit belangrik dat ‘n predikant of pastorale werker betrek word, wat kennis en ondervinding het van satanisme aangesien sekere aspekte van adolessente satanisme buite die kader van die spelterapeut val en geestelike hulp vereis.

* Dit is ook belangrik om professionele medici soos mediese dokters te betrek by behandeling, aangesien sekere voorwerpe dikwels deur mede-sataniste in diesulke adolessente geplaas word en operasies vereis kan word.

4.13. Gevolgtrekkings en aanbevelings

*Adolessente Satanisme is ‘n sosiale probleem, wat ‘n geweldige destruktiewe invloed op die totale funksionering van die adolessent het insluitend sy emosionele, kognitiewe en geestelike funksionering.

* Die terapeutiese behandeling van hierdie adolessente verg ‘n holistiese benadering, waarin die adolessent ten opsigte van sy totale ontwikkeling en funksionering hulp moet ontvang. Dit verg belangrike aanpassings in die terapeutiese milieu, aangesien die spelterapeut hier te make het met problematiek wat ‘n breër omvang het as probleme wat normaalweg deur die terapeut gehanteer word.* Die terapeut behoort ook binne ‘n professionele spanverband te werk tydens die terapeutiese hantering van hierdie adolessente, aangesien kundigheid vereis word wat wyer strek as die kader van die spelterapeut en die spelterapeut hom of haar moet fokus op die veld van eie vaardigheid en opleiding.

*Ander hulpbronne kan egter betrek word, wat ‘n waardevolle bydra kan maak in die hantering van hierdie probleem. Ten opsigte van die terapeutiese proses kan die volgende aanbeveel word:

- Ten eerste dat ‘n houding van empatie en onvoorwaardelike aanvaarding en nie-veroordeling van die allergrootste belang is en dat groot sorg aan die dag gelê moet word om vetroulikheid te handhaaf en die adolessent van vertroulikheid te verseker.

- Tweedens is dit belangrik om van ander hulpronne in die terapeutiese proses binne ‘n professionele spanverband gebruik te maak.

- Dit is ook noodsaaklik dat terapeute in ouerleiding programme aan ouers riglyne moet verskaf hoe om ten alle tye ‘n oop verhouding met hulle kinders te handhaaf, aangesien dit baie tot voorkoming kan bydra.

4.14. Samevatting

Adolessente satanisme is n komplekse probleem wat met groot omsigtigheid hanteer moet word, aangesien dit n simptoom is van n veel groter problematiese situasie en

daar verskeie faktore is wat tot die adolessent se betrokkenheid hierin herlei kan word. N Holistiese benadering is uiters noodsaaklik aangesien die totale funksionering van die adolessent hierdeur geraak word. Satanisme beïnvloed doe adolessent se fisiese, emosionele en geestelike funksionering, daarom behoort hulp aan die adolessent op al hierdie areas gebied te word. Dit is dus belangrik dat die spelterapeut ander kundiges moet betrek om binne n spanbenadering hierdie probleem aan te spreek, insluitend pastorale terapeute en predikante, medici soos dokters en psigiaters en kliniese sielkundiges.

Tydens hierdie studie is ‘n gebrek aan riglyne vir die spelterapeut vir die hantering van die problematiek van adolessente satanisme as navorsingprobleem geïdentifiseer.

In die lig van die navorsingsprobleem is die doel vir die studie geformuleer naamlik om ten eerste beter begrip van die problematiese fenomeen te verkry ten einde sinvolle riglyne vir die spelterapeut daar te stel. Ten einde die beoogde doel te bereik het die navorser in die navorsingsproses wat op ‘n kwalitatiewe basis berus het, ‘n omvattende literatuurstudie gedoen, asook onderhoude gevoer met ‘n respondent wat self betrokke was en sy eersterangse ervarings kon deel. Dit is gebaseer op die basis van doelgerigte steekproeftrekking, aangesien die navorser die navorsing op bewyse basis wou uitvoer. Op grond van die geprosseseerde en geïntegreerde bevindinge wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, is riglyne geïdentifiseer wat spelterapeute instaat sal stel om die adolessent wat in satanisme betrokke geraak het, beter te begryp en op ‘n empatiese wyse terapeuties te kan hanteer. Hierdie riglyne word in Hoofstuk vyf breedvoeriger bespreek, maar behels onder meer riglyne oor die algemene houding van die terapeut, die uiterse noodsaaklikheid van die handhawing van vertroulikheid, aanpasing in terapeutiese tegniektoepassing en ouerleiding.

In Hoofstuk vyf van hierdie verslag gaan die profiel van die adolessent wat in okkultverwante aktiwiteite betrokke is, aan die leser voorgehou word. Terapeutiese riglyne word ook uitgespel sodat die trapeut of berader betrokke met hierdie kliënt ’n raamwerk tot beskikking het om as vertrekpunt te gebruik.

HOOFSTUK 5

PROFIEL VAN DIE ADOLESSENT EN TERAPEUTIESE RIGLYNE.

5.1 Inleiding

Adolessente raak om verskeie redes betrokke by Satanisme, maar daar is veral sekere primêre asook ander faktore wat daartoe bydra soos blyk uit die empiriese ondersoek. Uit die empiriese ondersoek blyk dit ook dat sommige adolessente betrokke by satanisme, ook om ‘n ander rede aktief betrek word in die werwing van nuwe lede. In hierdie hoofstuk val die klem op die profiel van die adolessent wat by Satanisme betrokke raak en riglyne vir terapeutiese hantering en voorkoming . Dit is belangrik om hierdie adolessente en hul omstandighede te begryp ten einde hul op korrekte wyse tot heling te kan begelei.

5.2 Profiel van adolessente wat by Satanisme betrokke raak

Vanuit die empiriese ondersoek blyk dit in ooreenstemming met die literatuur dat adolessente wat uit disfunksionele gesinne kom waar daar vorme van mishandeling, misbruik of verwaarlosing voorkom; wat ‘n afwesigheid van die vader en/of die moeder ervaar; wat ‘n swak selfbeeld en lae selfagting het; ‘n gebrek aan geestelike begronding, dit wil sê ‘n geestelike vakuum ervaar; asook dié wat vanweë ‘n gebrek aan funksionele opbouende aktiwiteite of ouerlike betrokkenheid verveeld is en uit nuuskierigheid die internet besoek, dikwels geteiken word. Dit blyk egter ook verder uit die ondersoek dat adolessente wat uit welgestelde ouerhuise kom dikwels ook geteiken en misbruik word om hul invloed te gebruik om ander te lok byvoorbeeld deur middel van geld of ander noodsaaklike lewensmiddele wat hulle aan arm adolessente aanbied. Dit bied aan sommige ‘n gevoel van mag en aansien, aangesien hulle ander tot betrokkenheid kan beïnvloed en sodoende ‘n groter status by die hoër struktuur kan verkry.

5.3 Riglyne vir die spelterapeut

Die spelterapeut moet fokus op ‘n holistiese benadering en moet te alle tye ‘n vertrouensverhouding handhaaf

Ten opsigte van die terapeutiese situasie is dit belangrik om te begryp dat die hantering van adolessente Satanisme ‘n meer omvattende holistiese benadering vereis as ander problematiek. Die spelterapeut behoort dus genoegsame geestelike kennis, insig en vaardighede te hê om die situasie doeltreffend te kan hanteer. Bepaalde aanpassings in die terapeutiese situasie is ook van kardinale belang, vanweë die rol wat die vestiging van ‘n vetrouensverhouding tussen die terapeut en hierdie adolessent speel. Aangesien hierdie adolessente dikwels in vrees leef en nie maklik ander mense vertrou nie, is dit belangrik dat die spelterapeut op ‘n empatiese wyse die adolessent van vertoulikheid verseker. Dit is ook belangrik om ‘n algemene houding van warmte en onvoorwaardelike aanvaarding te handhaaf en hul bewus te maak van hul eie waarde en potensiaal en hul daarin te bemagtig. Dit is belangrik om te bevestig dat daar wel hoop is.

- **Dit is meer wenslik om van oop of indirekte tegnieke tydens die terapeutiese proses gebruik te maak**

Adolessente wat betrokke geraak het in Satanisme, is dikwels baie wantrouig teenoor ander en kan sommige tegnieke beleef as ‘n poging om hulle uit te vang. Dit is veral wanneer geslote projeksies of direkte tegnieke gebruik word, wanneer hierdie adolessente dit as bedreigend kan ervaar. Hulle ervaar geweldige vrees dat ander hul kwaad wil aandoen, aangesien hulle dikwels deur ander sataniste met die dood gedreig word indien hul die beweging sou verlaat. Dit is daarom belangrik dat die terapeut die adolessent van vertroulikheid sal verseker, en te alle tye ‘n houding van onvoorwaardelike aanvaarding en empatie sal toon. Hoewel geslote projeksies nuttig in assessering kan wees, is dit meer wenslik om oop projeksies of indirekte tegnieke in terapeutiese handeling met hierdie adolessente te gebruik. Vir die Gestalt spelterapeut veral is dit belangrik om by die proses van die adolessent te bly en hom of haar die geleentheid te bied om wanneer ‘n projeksie gebruik word, self aan te dui wat die betekenis is wat hy of sy daaraan heg. Ten opsigte van hierdie adolessente kan die gebruik van selfgeskrewe projeksies soos byvoorbeeld gedigte of ander oop projeksies

ook aanbeveel word, aangesien dit die geleentheid aan die adolessent bied om emosies op ‘n gemaklike wyse uit te druk en self betekenis daaraan te heg.

- **Dit is belangrik dat die spelterapeut te alle tye deel bly van die terapeutiese proses**

Dit is ook belangrik dat die terapeut deel bly van die terapeutiese proses, selfs na verwysing, aangesien die terapeut die aanvanklike persoon was wat die vertroue van die adolessent gewen het, en vertroulikheid in die slag sal bly indien van die proses onttrek sal word..

- **Maak gebruik van ander terapeutiese hulpbronne/ander profesionele hulp**

Betreffende ‘n professionele spanbenadering is dit belangrik dat ‘n predikant of pastorale werker betrek word, wat kennis en ondervinding het van satanisme aangesien sekere aspekte van adolessente satanisme buite die kader van die spelterapeut val en geestelike hulp vereis. Dit is ook belangrik om professionele medici soos mediese dokters te betrek by behandeling, aangesien sekere voorwerpe dikwels deur mede sataniste in die sulke adolessente geplaas word en operasies vereis kan word. Die spelterapeut moet besef dat nie alle aspekte gehanteer kan word nie en moet beperk word tot die veld van eie opleiding. Sekere aspekte moet met groot omsigtigheid gehanteer word, wat kundigheid op ‘n ander terrein vereis en waarvoor ander hulpbronne bestaan. Indien die spelterapeut hom op ‘n ander terrein begewe kan dit die welsyn van die adolessent benadeel.

5.4 Riglyne vir ouers en ondersteuningsisteme

Vanuit die onderneemde studie kan die volgende as riglyne aan ouers en ondersteuningsisteme van adolessente voorgehou word as maatreël om die adolessent se moontlike betrokkenheid tot Satanisme te verhoed.

a) **Aan ouers**

- Monitor hulle internet toegang, lig hulle in oor die gevare van rock musiek.
- Maak hulle bewus van wie hulle in Jesus Christus is.
- Hulle moet op die regte wyse opgevoed word in die woord.

- Help hulle om op die regte pad te wees, deel die evangelie met hulle.
- Lig hulle in oor die gevare van dwelm en alkoholmisbruik, asook oor losbandige seksuele gedrag.
- Waarsku hulle oor die gevare van homoseksualiteit en lesbianisme.
- Wees baie oop met jou kinders, moenie skaam wees om met hulle van jouself te deel nie.
- Leer hulle dat hulle versoekings kan teekom en hoe om dit te hanteer.
- Huisgodsdiens is baie belangrik.
- Groei saam met jou kinders en leer hulle ken.
- Moet hulle nie veroordeel nie.
- Laat hulle weet dat hulle potensiaal het, en gee positiewe terugvoer.
- Maak jou kinders jou eie
- Wees bewus van wat in jou kinders se lewe aangaan.
- Respekteer jou kinders.
- Bly lief vir jou kinders en bid vir hulle.

Bogenoemde navorsinsbevindinge beklemtoon dus die belangrikheid van die ouer-kind verhouding om adolessente weerbaar te maak teen die invloed van Satanisme.
Dit is noodsaaklik dat ouers ‘n oop verhouding met hulle kinders handhaaf en hulle onvoorwaardelik aanvaar en liefhet. Beide ouers moet betrokke wees in die opvoeding van hulle kinders en in dissipline, nie hul veroordeel nie, maar eerder leer hoe om reg op te tree en ook positiewe terugvoering te gee en hulle bewus te maak van hul eie potensiaal. Dit is noodsaaklik om elke kind te leer ken en ‘n afsonderlike pad met elkeen te stap. Ouers behoort ingedagte te hou dat elke kind verskil, en dat elkeen nie op dieselfde wyse gehanteer kan word nie.

Ouers moet ook bewus wees van wat in hul kinders se lewe aangaan en wat hul bewegings is, aangesien sekere plekke soos sekere nagklubs en versteekte plekke, as kontakpunte aangewend word om adolessente se belangstelling aan te wakker en in te trek deur middel van lokmiddels soos vrye seks en dwelmmiddels en magiese magsvertoon. Ouers moet ook bewus wees van hul kinders se vriendekring, waarheen hulle gaan en van aktiwiteite wat plaasvind, aangesien adolessente sterk deur groepsdruk beïnvloed kan word.

Ouers behoort ook hul adolessente kinders se toegang tot die internet deeglik te kontroleer, aangesien hul dikwels via die internet toegang kan kry tot Sataniese of Wicca webblaaie, waardeur hul nuskierigheid en belangstelling geprikkel kan word. Hierdie adolessente word ook dikwels per e-pos gekontak, en kan sodoende ingetrek word.

Dit is ook noodsaaklik dat ouers hul kinders deeglik op godsdienstige, morele grondslag moet onderlê en hul na lewendige verhouding met Jesus Christus moet begelei, aangesien dit hul sekuriteit kan bied om die aanslae te oorkom. Kinders moet ook ingelig word oor die gevare van sekere aktiwiteite en hoe om die regte keuses te maak, sodat hulle instaat kan wees om weerstand te bied.

b) **Aan ondersteunigsisteme soos die kerk.**

Kerke behoort aktiwiteite vir tieners te reël om kinders besig te hou om verveeldheid te voorkom en moet kinders met die Woord van God toerus om hulle te beskerm. Deur adolessente op ‘n produktiewe en positiewe wyse besig te hou, verlaag dit die moontlikheid dat hulle aan destruktiewe aktiwiteite sal deelneem.

Ander professionele persone wat deel van die breë terapeutiese span uitmaak of wat deel uitmaak van die omliggende omgewing van die adolessent, kan ook ’n belangrike rol in ondersteuning en voorkoming speel. In die skool opset kan voorligtingonderwysers en/of skoolberaders/sielkundiges wat toeganklik vir kinders en adolessente is, voorkomend optree deur vroegtydig adolessente te identifiseer wat deel uitmaak van ’n disfunksionele gesinsisteem en selfbeeld probleme ervaar en die nodige bystand verleen of verwys indien nodig. Dit is ook belangrik om met hierdie adolessente se ouers in verbinding te tree om die gesinsopset te ondersoek en hulle te betrek en by te staan om gesonder gesinsinteraksie te bevorder. Dit is ook belangrik dat adolessente bemagtig moet word om goeie lewensvaardighede en hanteringstegnieke te ontwikkel. Predikante en geestelike werkers kan ’n belangrike rol speel deur adolessente geestelik weerbaar te maak deur hul geestelik op te voed in die Woord en die nodige bystand te verleen en ’n oop nie-veroordelende houding te handhaaf wanneer adolessente geestelike probleme ervaar of vrae het waarmee hulle worstel.

5.4 Samevatting

Adolessente wat uit disfunksionele ouerhuise kom en ‘n gebrek aan selfagting en ‘n swak selfbeeld het, is kwesbaar om deur middel van beïnvloeding betrokke te raak by Satanisme. Ander raak betrokke vanweë verveeldheid en hul nuskierigheid kan geprikkel word deur die internet. Adolessente wat uit welgestelde ouerhuise kom word ook geteiken om hul invloed te gebruik om ander te werf. Op watter wyse adolessente ook al betrokke raak, dit is belangrik vir die spelterapeut om terapie met bogenoemde holisties te benader en by die berader se proses te bly.

In die laaste hoofstuk sal die samevatting, aanbevelings en gevolgtrekkings van hierdie verslag ten slotte aangebied word.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING , AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 Inleiding

1. In hierdie studie is op die probleem gefokus van adolessente Satanisme en die gebrek aan ‘n volledige profiel van hierdie adolessente en genoegsame riglyne aan die spelterapeut vir die hantering van hierdie problematiek. Vanuit ‘n omvattende literatuurstudie het dit geblyk dat daar nie ‘n volledige profiel van die adolessente Satanis bestaan nie, asook dat daar ‘n gebrek aan genoegsame riglyne is vir die spelterapeut in die hantering van hierdie komplekse problematiek. Vanuit die studie waar met kundiges op die gebied gekonsulteer is, het dit geblyk dat adolessente satanisme steeds ‘n wesenlike probleem is, alhoewel dit nie algemeen in die media gedek word nie. Die kenners was ook van mening dat hierdie problematiek aan die toeneem is, gegewe die huidige morele klimaat in Suid- Afrika. Hierdie standpunt is ook deur die literatuur ondersteun. Hierdie studie het ten doel gehad om die profiel van sodanige adolessente vas te stel en toepaslike riglyne te identifiseer, waarvolgens spelterapeute hierdie probleem kan hanteer. Navorser het ook terdeë besef dat hierdie probleem nie werklik binne die Gestalt perspektief beskryf kan word nie. Die skripsie van beperkte omvang lê ’n beperking op die lengte van die verslag.

In Hoofstuk 1 is beklemtoon dat betrokkenheid in satanisme psigologiese en sosiale implikasies vir adolessente inhou en steeds ‘n wesenlike probleem is. Daar is ook vanuit die literatuur aangedui dat daar nie ‘n volledige profiel van hierdie adolessente is nie, en dat daar ‘n gebrek is aan toepaslike riglyne vir spelterapeute om die probleem aan te spreek. In Hoofstuk 2 word die navorsingsprosedure volledig uiteengesit.

In Hoofstuk 2 is die ontstaan, ontwikkeling en invloed van Satanisme op die adolessent bespreek, redes wat die adolessent laat betrokke raak, werwingstegnieke van sataniste en algemene riglyne vir hantering. Satanisme het ‘n langer verloop as

bloot net die moderne weergawe daarvan. Satanisme het reeds bestaan voor die stigting van die amptelike kerk van Satan. Histories was verskeie groepe hierby betrokke hoewel die stigting van die kerk van Satan ‘n meer gestruktureerde beoefening en belangstelling teweeg gebring het. Hedendaagse Sataniste maak van verskeie tegnieke gebruik om adolessente tot betrokkendheid te motiveer, ook van moderne tegnologie soos die internet wat die aanslag soveel groter maak as wat dikwels besef word. Spelterapeute kan ‘n groot rol speel nie net in terapeutiese hulp nie, maar ook in voorligting aan ouers en ander ondersteuningsisteme. Hierdeur kan betrokkendheid by satanisme voorkom word. Deeglik onderlegging en kennis hoe om hierdie bepaalde problematiek te hanteer is daarom noodsaaklik. Integrering van die grondbeginsels vanuit die Gestaltbenadering is hierby ingesluit.

In Hoofstuk 3 word die ontwikkelingstadium van adolessensie bespreek, synde die geïdentifiseerde stadium waarin die mens hoogs ontvanklik is vir satanisme. Adolessensie kan beskou word as die tydperk van ontwikkeling, tussen die kinderjare en volwassendheid. Die liggaamlike, kognitiewe, emosionele, identiteits, sosiale, morele en geestelike ontwikkeling is in hierdie stadium oop en ontvanklik vir assimilasie. Introjekte wat as kind geïnternaliseer was, word vervang met strukture wat oënskynlike gevoel van mag en beheer gee. Die adolessent wat in hierdie staduim van sy lewe op soek is na nie identiteit, geniet die skyn magsbeheer en kontrole oor inligting wat nie aan alle mense bekend is nie.

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing het ‘n sterk invloed op die ontwikkeling en funksionering van die adolessent, wat nog in ‘n proses van eie identiteitsvorming is en onseker en oorweldig kan voel. Morele verval, politieke en ekonomiese druk, asook gebrekkige gesinsverhoudinge, maak die soeke van die adolessent na sin en betekenis in sy groei na volwassenheid toenemend moeilik. Die aanslag van Satanisme is juis gefokus op die soekende en kwesbare adolessent.. Die doelgerigte intervensie van die Gestalt terapeut is hierby geïntegreer.

In Hoofstuk 4 is die navorsingsbevindinge weergegee en bespreek. Inligting is verkry vanuit semi-gestruktrureerde onderhoude met die respondent waartydens hy sy persoonlike ervaring ten opsigte van Satanisme beskryf het en insigte ten opsigte van hierdie adolessente se profiel en terapeutiese werk gedeel het. Die

navorsingsresultate wat tydens hierdie studie verkry is, het die volgende aan die lig gebring: Ten eerste dat satanisme steeds ‘n hedendaagse bedreiging vir die welsyn van die adolessent inhou en op ‘n wyer basis as wat algemeen aanvaar word. Nie net die adolessent wat verwaarloos of mishandel is, word hierdeur geraak nie, maar adolessente wie se ouers welgesteld is word dikwels gewerf, aangesien hul invloed gebruik kan word om ander te werf deur middel van die geld en ander noodsaaklikhede. Die ouer-kindverhouding kom ook ter sprake aangesien adolessente wat ‘n swak verhouding met een of albei ouers het, of verwaarloos of mishandel is, kwesbaar vir die invloed van Satanisme kan wees.

In Hoofstuk 5 word die profiel van adolessente wat by Satanisme betrokke raak en riglyne vir die spelterapeut bespreek.

Vanuit die empiriese ondersoek blyk dit in ooreenstemming met die literatuur dat adolessente wat uit disfunksionele gesinne kom, met die volgende aspekte dikwels deur satanisme geteiken word, waar daar vorme van mishandeling, misbruik of verwaarlosing voorkom; wat ‘n afwesigheid van die vader en/of die moeder ervaar; wat ‘n swak selfbeeld en lae selfagting het; ‘n gebrek aan geestelike begronding, dit wil sê ‘n geestelike vakuum ervaar; asook dié wat vanweë ‘n gebrek aan funksionele opbouende aktiwiteite of ouerlike betrokkenheid verveeld is en uit nuuskierigheid die internet besoek. Dit blyk egter ook verder uit die ondersoek dat adolessente wat uit welgestelde ouerhuise kom, dikwels ook geteiken en misbruik word om hul invloed te gebruik om ander te lok deur middel van geld of ander noodsaaklike lewensmiddele.

6.2 RIGLYNE AAN DIE TERAPEUT.

- **Die vraelys wat as skedule aan die terapeute/beraders voorgehou is, vorm deel van hierdie riglyn. Hierdie aspekte beklemtoon die fokuspunte binne die assesserings en intervensie proses. Dit bied nie net toepaslike fokus punte aan die terapeut nie, maar maak hom bewus van wat die teorie, die ontwikkelingsfase van die adolessent en die knelpunte binne die gegewe situasie kan wees. Die terapeut word ook bewus gemaak van die Gestaltterapeutiese toepassing.**

Vanuit die ongestruktureerde onderhoude het dit verder geblyk dat die terapeut veral aandag aan die volgende aspekte bykomend moet gee. Vanuit die ondersoek kan die volgende riglyne in hoofsaak aan spelterapeute deurgegee word:

- **Die spelterapeut wat gemoeid is met die adolessent betrokke in die okkultverwante aktiwiteite, moet self as mens binne n gesonde uitgesorteerde geestelike en spirituele lewe homself kan handhaaf. Die terapeut moet toegerus wees met kennis oor die okkultverwante aktiwiteite, die adolessent se ontwikkelingsfase en terapeuties onderlê wees om intervensie en terapeutiese begeleiding te kan toepas. Binne die bestek van hierdie studie kon die kwaliteit van terapeutiese toepassing egter nie volkome aangespreek word nie.**

- **Moet fokus op ‘n holistiese benadering en moet ten alle tye ‘n vertrouensverhouding handhaaf met mede-kollegas. Hy moet weet wanneer om kollegas te betrek sonder om die kliënt te verloor.**

- **Die terapeut moet onderlê wees in die Gestalt proses ten einde in terapeutiese samevloeiing met die klient te kan gaan. Die terapeut moet die paradoksale tegniek van verandering kan toepas ten einde te kan beweeg in die terapeutiese proses. Hiervoor sal die terapeut selfstudie moet onderneem ten einde homself terapeuties te kan toerus.**

- **Die terapeut moet die ouers as steunstelsel benut en betrek. Om hul as vennote in te trek eerder as buitestanders of observeerders. Vir ouers is dit noodsaaklik om ‘n gesonde en oop verhouding met hul kinders te handhaaf en die nodige kontrole oor hul doen en late uit te oefen. Die belangrikste is**

egter dat ouers hul kinders onvoorwaardelik sal aanvaar en liefhê en ook positiewe terugvoer aan hul gee om hul kinders sterk geestelik te begrond sodat betrokkenheid by satanisme voorkom kan word.

- **Ander ondersteuningsisteme soos die kerk en opvoedkundige instansies kan ook bystand in voorkoming verleen deur opbouende en funksionele aktiwiteite aan adolessente te bied.**

6.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van die doelwitte van die studie

6.3.1 Navorsingsprobleem en doelwitte

Die navorser kon nie vanuit die literatuur riglyne opspoor waarvolgens die spelterapeut die komplekse probleem van die adolessent wat betrokke by Satanisme is, kan aanspreek nie. Die navorsingsprobleem waarop die navorser dus gefokus het, was om riglyne aan die hand van die studie vas te stel waarvolgens spelterapeute hulp kan lewer aan die adolessente wat betrokke is in Satanisme. Ten einde hierdie probleem te kon aanspreek, het die navorser ‘n kwalitatiewe navorsingsproses gevolg om inligting in te samel. Inligting is verkry deur die bestudering van bestaande literatuur oor satanisme en Gestaltfilosofie, onderhoude met kundiges en terapeute betrokke by satanisme. Semi-gestruktrueerde onderhoude is met ‘n gerehabiliteerde satanis onderneem. Hierdie inligting is op klank diskette opgeneem, ten einde die studie op eesterangse bewyse te kon grond.

Die doelwitte vir die studie was soos volg:

- Om ‘n teoretiese verwysingsraamwerk daar te stel waarbinne satanisme as okkultverwante geloofspraktyk, beskryf en verken kan word.

  Hierdie doelwit is bereik deurdat die navorser vanuit ‘n omvattende literatuurstudie en die empiriese gegewens satanisme as okkultverwante geloofspraktyk volledig kon beskryf en verken aan die hand van ‘n teoretiese verwysingsraamwerk.

- Om deur middel van ‘n verkenning ‘n profiel van adolessente wat as slafoffers van okkultverwante geloofspraktyke, en spesifiek in satanisme betrokke is, saam te stel. Om die komponente in ‘n riglyn op te neem.

Hierdie doelwit is bereik deur dat die navorser vanuit die empiriese gegewens en teorie die beskryfde profiel en riglyn na identifisering kon saamstel..

- Om riglyne en gevolgtrekkings te ontwikkel wat as aanbevelings aan spelterapeute beskikbaar gestel kan word...

Hierdie doelwit is bereik deur dat die navorser daarin kon slaag om aan die hand van teorie en navorsingsgegewens toepaslike riglyne en gevoltrekkings te ontwikkel.

6.4 Gevolgtrekkings

Satanisme het ‘n destruktiewe effek op die ontwikkeling en welsyn van die adolessent en raak alle vlakke van sy of haar ontwikkeling. Sataniste gebruik verskeie wyses om adolessente te lok, onder andere ‘n fokus op individue se behoeftes aan lewensmiddele soos geld en aanvaarding, die beoefening van vrye seks en gebruik van dwelmmiddels asook magsvertoon en die internet.

Die hantering van die adolessent wat betrokke is in Satanisme verg ‘n holistiese benadering wat gefokus sal moet word op kennis rondom satanisme en deeglike kennis ten opsigte van terapie binne die bepaalde leeftydsfase. Die adolessent wat hierby betrokke is behoort op alle funksioneringsvlakke hulp te ontvang. Die totale vertrouensbreuk in sy gesin en soms gemeenskap met sy agterdog asook wantroue by hierdie adolessent, maak dit nog meer gespesialiseerd. Hierdie adolessente is dikwels beangs dat ander daarop uit is om die kennis wat hulle gedeel het, aan hul Satanistiese sel te gaan openbaar. Dit is dus baie belangrik om vertroulikheid te verseker en verkieslik oop projeksies te gebruik in terapie, waar hul self betekenis aan gebeure kan heg. Die terapeut moet ook die teoretiese onderbou van die Gestalt beginsels kan toepas.

Dit is ook belangrik om saam met ander kundiges binne ‘n spanverband te werk, aangesien sekere aspekte ander terreine van eksperte vereis en dit noodsaaklik vir die welsyn van die adolessent is. Die belangrikste leemte wat geïdentifiseer is, is dat dit nie tydens die studie moontlik was om hierdie riglyne prakties uit te toets nie, gegewe die sensiwiteit van hierdie tipe terapeutiese situasie, en die moontlikheid om aan demoniese teistering blootgestel te word. Die navorser beveel vervolgens aan dat hierdie riglyne met omsigtigheid toegepas moet word, en dat aanpassings gemaak moet word waar die situasie dit vereis.

6.5 Leemtes

***Hierdie was ’n verkennende en beskrywende studie. Die inligting wat verkry is, is gefokus op die subjektiewe belewing van diegene wat daarmee werk. Ervaring en resultate vanuit hul eie praktyk is as norm deur hul voorgehou. Navorser is terdeë bewus van die subjektiewe waarde van hierdie inligting. Hul suksessyfer in terme van kolegiale evaluering is hier wat as die gegewe geneem word.**

*** n Verdere leemte in die studie was dat sataniste of selfs gewese sataniste uit vrees geen inligting of identifikasie wil toelaat nie . Navorser het die beperkte omvang van die skripsie as leemte ervaar, omdat die Gestaltterapeutiese begronding van elke terapeut deur homself bemeester moet word.**

6.6 Aanbevelings

*** Professionele persone moet nie okkultverwante betrokkenheid by adolessente sonder die steun van ander professionele persone onderneem nie. n Goeie steunstelsel in die vorm van ingeligte supervisor is ’n noodsaaklikheid wanneer met hierdie kliënt gewerk word. Navorser wil aan ander kollegas wat met hierdie situasie te doen kry, die waarskuwing rig dat inligting oor die satanis van kardinale belang is.**

***Die terapeut wat ook betrokke is by ’n kliënt met satanisme moet waaksaam wees vir manipulerende gedrag by die klient in die naam van konfidensialiteit. Behoorlike verslagskrywing wat op datum is en geberg word in ’n veilige ruimte is uiters belangrik.**

***Verdere studie rondom terapeutiese Gestalt intervensie moet in opvolging van hierdie ondersoek gedoen word.**

***Terapeute en Beraders moet hierdie riglyn soos saamgestel in die navorsing, verder uitbou en hulself op hoogte bring van die omvang van okkultverwante adolessente betrokkenheid. Die hantering van die adolessent in terme van sy kognitiewe, emosionele en identiteitsvorming moet met eksperte opgeneem en uitgebou word ten einde 'n voorkomingsmodel te kan ontwikkel.**

Opleidingskursusse om terapeute toe te rus ten einde hierdie problematiek beter te kan hanteer, sal waarde toevoeg tot hierdie studie.

6.7 Samevatting

Tydens hierdie studie is die gebrek aan riglyne vir spelterapeute in die hantering van adolessente wat in Satanisme betrokke is, as navorsingsprobleem geïdentifiseer. In die lig van die navorsingsprobleem is 'n doel van die studie geformuleer, naamlik om riglyne te formuleer waarvolgens spelterapeute die probleem van adolessente wat by Satanisme betrokke is te hanteer. Ten einde die doel te bereik, het die navorser inliging ingesamel aan die hand van kwalitatiewe prosesse, gebaseer op die basis van bewysgebondenheid.

Inligting is ingesamel aan die hand van 'n literatuurstudie, 'n voorstudie en semi-gestruktrureerde onderhoude. Aan die hand van geprosseseerde en geïntegreerde bevindinge wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, is riglyne geformuleer wat die spelterapeut kan toerus om die adolessent tot volle heling en herstel te kan begelei. Indien die Gestalt spelterapeut sy basiese filosofie en teoretiese uitgangspunte met die satanis kan toepas, bestaan daar geen rede waarom hy nie by die herstel van hierdie kliënt kan uitkom nie. Die doel van hierdie studie was nie om 'n bloudruk vir die hantering van die satanis daar te stel nie, maar om die gekwalifiseerde Gestalt spelterapeut toe te rus met basiese inligting rondom die satanis. Die navorser is van mening dat die doel en doelwitte van die studie bereik is.

1. BYLAAG 1 : SATANIESE SIMBOLE

Satanic Symbols

Inverted Pentagram Used in witchcraft and occult rituals to conjure up evil spirits. Satanists use it 2 points up and pagans use it one point up. Any way it is used symbolizes evil. It matters not if two points are up or one. It matters not if it has a circle around it. It still is a symbol of Satan.

Baphomet Unique to Satanism. A demonic deity and symbolic of Satan. Can be seen as jewelry

It is also now being used by the masons. It can be seen on their buildings and the emblems the put on their vehicles to identify each other.

Another symbol of Baphomet Aleister Crowley wore this symbol as well as the 33rd degree founder Albert Pike of the Masons

Pentagram Symbol used in Witchcraft. Represents the elements, earth, wind, fire and water with the spirit surrounding them.

Hexagram It is one of the most potent symbols used in the working of the powers of darkness. Used to work magic.

Udjat or all seeing eye. one of few symbols referring to Lucifer (king of hell), whom it is though will pass judgment. Below the eye is a tear because he mourns for those outside his influence.

All seeing Eye Believed to be the eye of Lucifer and those who claim control of it have control of world finances. Used in divination. Hexes, curses, psychic control and all corruption are worked through this emblem. This one is a symbol of the Illuminati.

Logo of Time Warner/ AOL! Notice how it resembles the Udjat and is akin to the all seeing eye! Time Warner has a major monopoly on communications in the world. They control what you see and hear. They suppress the truth.



Tau Cross Symbol of the god Mathras of the Persians and the Aryans of India. To them, Mathras was an "angel of light" or the "heavenly light". It is used in modern Masonry under the symbol of the T square



Italian Horn Other names....Unicorn horn and Leprechaun staff. Introduced by the Lord Druids of Scotland and Ireland. It is associated with good luck and good fortune. It is also used to ward off "Maluka" or the "Evil Eye". It also means satan will take care of your finances.



Ankh Symbolizes fertility rites and the building up of lust within a person. A spirit of Lust is the power of this union of male /female representations. Also called the Long Life Seal.



Upside Down Cross Symbolizes mockery and rejection of Jesus. Necklaces are worn by many satanist's. It can be seen on Rock singers and their album covers.

Zodiac Used in satanic and occult worship. Practitioners are acknowledging their god as Baal or Lucifer. Horoscope signs are included

Goat Head The horned goat, goat of mendes, Baphomet, god of the witches, the scapegoat. It's a Satanists way of mocking Jesus as the "Lamb" who died for our sins.

Cross of Nero - Or Peace sign. Another sign that mocks the cross of Jesus. Also know as "The Dead Man Rune". It appears on the tombstones of some of Hitler's SS troops.



Yin-Yang In Chinese philosophy, two great opposite principles or forces on whose interplay everything depends. Yang is male, light and positive, Yin is female , dark and negative.



Scarab Beetle The dung beetle which is the Egyptian symbol of reincarnation. It is also a symbol of of Beelzebub, Lord of the flies (satan). Worn by occultists to show that they have power and is a source of protection.

Satanic "S" Represents a lightning bolt that means "Destroyer". In mythology, It was the weapon of Zeus. Worn to have power over others. Also was worn by the feared SS of Nazi Germany.

Satanic Cross Upside down question mark that questions the Deity of God. Within the occult it is the representation of the three crown princes; Satan, Belial and leviathan. Symbolizes complete power under Lucifer.

Star and Crescent Represents the moon goddess Dianna and the "son of the morning", the name of Lucifer in Isaiah 14:12.
Witchcraft uses it the way shown and Satanism turns it in the opposite direction.

Anarchy Means to abolish all laws. In other words "do what thou wilt" the law of Satanists. Used by Punk rockers and Heavy Metal followers.

Horned God Represents the horned god of witchcraft. Pan or Cernunnos. Note the thumb under the fingers and given by the right hand.

Horned Hand The sign of recognition between those in the Occult. When pointed at someone it is meant to place a curse. Note the thumb over the fingers and given by the left hand.



Witch Sign or Moon Sign Used to salute the rising moon. Also used by surfers and football teams. This is the sign that the furor should be using to indicate the "Hook Um" horns, Not the 2 above

666 The number of man. The mark of the Beast. Revelation 13:18



Swastika or Sun Wheel An ancient religious symbol used long before Hitler came to power. It was used in Buddhist inscriptions, Celtic monuments and Greek coins. In sun god worship, it is supposed to represent the sun's course in the heavens.

BYLAAG 2 : FOTOS VAN RESPONDENT



BRONNELYS

Alsaker, F.D. & Kroger, J. 2007 93-101 **Self Concept, Self Esteem & Identity** (in Jackson, S. & Goossens, L. 2007. 2ed **Handbook of Adolescent Development** Hove: Psychology

Beisser, A. 2009 1-4 **The Paradoxal Theory of change** http://pioneersof change.net/library/articles.

Blom, R. 2006. 28-45, 100-111 **The handbook of Gestalt play therapy: practical guidelines for child therapists.** Londen: Jessica Kingsley publishers.

Die Bybel: 1953 Vertaling, Sewende Uitgawe, Agste druk, 2007. Tygerberg: Die Bybelgenootskap Van Suid-Afrika, Genesis 3 & 2 Korinthiërs 11: 14.

Cilliers, J.H.J. 2003. **Pastoraat aan adolessente wat by okkultiese subkulture betrokke is- 'n Pastoraal terapeutiese benadering.** UOVS Doktorale Proefskrif.

Clark, C.M. 1994. **Clinical Assesment of adolescents involved in Satanism.** Adolescence 29(114) 461-468.

Dungeons and Dragons Why all the fuss over a game, 2008 1-7 http://www.exposingsatanism.com/dnd.htm Internet 16 Januarie 2010

Durand, J. 2005 **Doodloopstrate van geloof: 'n perspektief op die Nuwe Hervorming.** Stellenbosch Rapid Acces publishers.

Cutting Edge Radio Program 1-6 **TV/Toys Conditioning Our Children.** http://www.cuttingedge.org/ce1021.html.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005 261-271 (In De Vos, A.S, Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik

Denton, R. A. 2005 56 **Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n Pastorale Gestaltbenadering** UNISA MA Verhandeling

Els, L. & Jonker, K. 2000. **Satanism in South Africa.** Pretoria: Amabhuku Publications.

Emerson, S. & Syron, Y. 1995. **Adolescent Satanism: Rebellion masquerading as religion.** Counseling and Values 39(2) 145160.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005 100-110 (De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché & Delport, C.S.L. 2005 **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2005 111-120 (De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005 **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik.).

Freeman, H.E. 1971. 6 (In Swart, L. 1999. **Opvoedkundig-Sielkundige riglyne vir die weerbaarmaking van die adolessent teen betrokkendheid by Satanisme.** UP MA Verhandeling.

Horn, A. 2004 37, 55-59 **Movement in Gestalt therapeutic intervention for adolescents with disruptive behavioural tendencies.** Unisa MA verhandeling.

Huisamen, E. 1990. 12 (In Swart, L. 1999. **Opvoedkundig-Sielkundige Riglyne vir die weerbaarmaking van die adolessent teen betrokkendheid in Satanisme** UP MA Verhandeling.

Jackson.s & Goossens. L. 2007 1-55 **Handbook of Adolescent Development** 2ed Hove: Psychology

Johnson, L. **Surviving Satanism: Overcoming self-destructive behaviour in rural adolescents.** Youth Studies Australia 13 (3) 46-57.

Kjos, B. 2008 1-7 **How Pokemon and Magical Cards affect the minds and values of children.** http://logosresourcepages.org/Occult/pokemon- .htm.

Koch, K.E. 1986. **Occult ABC: Exposing Occult Practices** Grand Rapids. Kregal Publications. 27,61,220,222,235 & 239.

König, A. 2006. 114 **Die Groot Geloofswoordeboek** Vereeniging: CUM

Lehalle, H. 2007. 71-79 **Cognitive Development in Adolescence** (In Jackson, S. & Goossens, L. 2007 **Handbook of Adolescent Development** Hove: Psychology).

Malan, J.S. 1991. **Gevare van die Nuwe Era Beweging** Alberton Basuin Uitgewers 11

McCan, V. 2003. **Harry Potter and the Occult** 1-7 www.spoltlightministries.org.uk/ harrypotterarticle.htm

Oaklander, V. 2006. 11-13, 50-55, 100-112 **Hidden treasure: A map to the child's inner self.** Londen: Kornac Books

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997 246, 322 **Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek** Sandton: Heinneman Voorgesette Onderwys.

Schnoebelen, W. 2008 **Straight talk on Dungeons and Dragons** http://www.exposingsatanism.org/d_d_talk.htm 1-4

Steck, G.M. & Anderson, S.A. 1992. **Satanism among adolescents: Empirical and clinical considerations.** Adolescence 27(108) 901-915.

Strydom, H. 2005. 56-69 (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005 **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik).

Strydom, H. 2005 192-203 (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005 **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik).

Strydom, H. en Delport, C.S.L. 2005 327-331 (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions 3rd ed** Pretoria: Van Schaik.)

Swart, L. 1999 12-14, 24-29, 40-47 **Opvoedkundig-Sielkundige riglyne vir die weerbaarmaking van die adolessent teen betrokkendheid by Satanisme.** UP MA Verhandeling.

Wheeler, B.R. ,Wood, S. & Hatch, R.J. 1988. 547-550 **Assesment and intervention with adolescents involved in Satanism.** Social Work November-December`